Sigbaar Afrikaans

# Die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans



# Die SBA-historie van Stigting tot 2025

Uitgegee deur Die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans (SBA)
063 758 6648 admin@sbafrikaans.co.za www.sbafrikaans.co.za
@SBA Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans
sbafrikaans #SigbaarAfrikaans
@diestigtingvirbemagtigingdeurafrikaans

Alle regte voorbehou
Kopiereg © 2026

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die SBA gereproduseer of langs enige elektroniese of meganiese weg weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat- of bandopname, vermikrofilming of enige ander stesel van inligtingbewaring.

Eerste uitgawe 2026

ISBN: 978-0-6398747-6-0

**Nagevors, saamgestel en geskryf deur**
Lizette Murray – Hoofstuk 1 tot 9
Elisma Witbooi – Hoofstuk 10 en 11

Buiteblad ontwerp: me Karmien Kruth
Uitleg: me Tania Bester

# Inhoudsopgawe


Afkortings 4

Vooraf: Plant ’n appelboom 5

Proloog: Begin 7

Hoofstuk 1: Ghrop die Afrikaanse taalakker, 1992-1997 10

Hoofstuk 2: Saai die saad, 1998-2003 20

Hoofstuk 3: Spriete, stingels en steggies, 2004-2008 28

Hoofstuk 4: Die boom beur boontoe, 2009-2013 35

Hoofstuk 5: Die appelboom blom, 2014-2019 46

Hoofstuk 6: Die Covid-19-jaar. Veerkragtig vorentoe! 2020 59

Hoofstuk 7: Bloeityd midde-in die winter, 2021 65

Hoofstuk 8: Maak oop die deure, 2022 73

Hoofstuk 9: Sigbaar Afrikaans, 2023 81

Hoofstuk 10: Voetspore vir Afrikaans, 2024 86

Hoofstuk 11: Op reis met Afrikaans, 2025 91

Epiloog 96

Voorsitters, ondervoorsitters en hoofde 1992–2025 99

Bronnelys 100

## Afkortings

Die volgende afkortings word in hierdie boek gebruik:
ABET – Adult Basic Education and Training
ACVV – Afrikaanse Christelike Vrouevereniging
AHI – Afrikaanse Handelsinstituut
ATKV – Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging
ATR – Afrikaanse Taalraad
FAK – Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigínge
GRA – Genootskap van Regte Afrikaners
HJMNF – Het Jan Marais Nationale Fonds
HUB – hoof beampte
iMAG – Meertaligheidsaksiegroep
KIK – Koerant in die Klaskamer
KKNK – Klein-Karoo Nasionale Kunstefees
KKO – Kreatiewe Kunste-ontwikkeling
Kodesa – Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika
LOK – Letterkunde-onderrigkomitee
NAC – National Arts Council
NDA – National Development Agency
NID – Nasionale Instituut vir Dowes
NRO – nieregeringsorganisasie
NZAV – Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Vereeniging
PanSALB – Pan South African Language Board
SA – Stigting Afrikaans
SALOV – Suid-Afrikaanse Landbou-onderwysvereniging
SAOU – Suid-Afrikaanse Onderwysersunie
Sappi – Suid-Afrikaanse Papier- en verpulpingsmaatskappy
SBA – Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans
SUKOVS – Streekraad vir die Uitvoerende Kunste in die Oranje-Vrystaat
SvA – Stigting vir Afrikaans
TAO – Trust vir Afrikaanse Onderwys
UNISA – Universiteit van Suid-Afrika
UOVS – Universiteit van die Oranje-Vrystaat
US – Universiteit Stellenbosch
UK – Universiteit van Kaapstad
UWK – Universiteit van die Wes-Kaap
VLV – Vroue-Landbouvereniging
WAT – Woordeboek van die Afrikaanse Taal
WKOD – Wes-Kaapse Onderwysdepartement

# Vooraf

## Plant 'n appelboom

Met die 18de Algemene Jaarvergadering van die SBA op 21 September 2010 lewer Biebie van der Merwe die volgende voorsittersrede:

"Miskien is die rede waarom die begin van 'n Afrika Renaissance maar net nie wil aanbreek nie die feit dat besluitnemers – die mense wat strategie aandui en rigting bepaal – vergeet watter belangrike rol taal in die Europese Renaissance gespeel het.

Die gees van die tyd het dit vir Dante moontlik gemaak om die haas ondenkbare te doen deur nie in Latyn nie, maar in Italiaans en selfs Provensaals te skryf. Waar die werk van Plato, in Latynse vertalings, voorheen net vir die geleerde elite toeganklik was, het die bekendstelling daarvan in die volkstale verreikende gevolge gehad vir die ontwikkeling van Europese wetenskap en sosiale denke.

Die vertaling van die Bybel in elke Europese taal het gewone mense aangemoedig om te leer lees en skryf. Geletterdheid het hulle persoonlik bemagtig en gelei tot 'n grootskaalse sosio-ekonomiese "hergeboorte" in Europa.

Op 'n manier doen die SBA renaissance-werk. Deur die bevordering van taal- en leesvermoë wil ons mense in staat stel om die vaardighede te ontwikkel wat selfverwesenliking moontlik maak.

Mense beskryf taal graag as 'n kommunikasiemiddel, maar vergeet dat dit ook 'n voertuig tot kennis en veral 'n voertuig vir komplekse denke is. 'n Opname onder die voorste wiskundiges in die wêreld het getoon dat, alhoewel hulle almal in Engels skryf om aan die internasionale debat deel te neem, hulle sonder uitsondering in hulle eie taal dink en redeneer om by hulle bevindings uit te kom.

Die gebrekkige vlakke van funksionele geletterdheid onder skoliere en skoolverlaters verhoed honderdduisende jongmense om te groei en te ontwikkel

en in die samelewing die soort bydrae te lewer wat sal kan lei tot die sosio-ekonomiese herlewing wat ons land nodig het.

Al wys navorsing dat een van die oplossings vir die probleem moedertaalonderrig is, veral in die eerste skooljare, wil dit voorkom asof ouers hulle kinders steeds al meer na Engelse skole stuur, en een van die uitkomste hiervan is dat skoolverlaters nie méértalig nie, maar gééntalig die toekoms moet ingaan. Niemand ontken dat Engels belangrik is vir sosiale en ekonomiese bemagtiging nie, maar hulle vergeet dat veeltaligheid 'n beter middel tot bemagtiging is as half-Engelstaligheid. Indien die kognitiewe ontwikkeling in die moedertaal plaasvind, is daar bowendien 'n veel groter kans vir kinders om Engels suksesvol te bemeester.

*"Al sou die wêreld môre vergaan,*
*dan plant ek vandag nog my appelboom."*

Soms lyk die uitdaging om stroomop meertaligheid en moedertaalonderrig te bevorder heeltemal te groot. Maar as 'n mens moedeloos wil raak, is dit goed om jou te herinner aan hierdie woorde van Martin Luther: "Al sou die wêreld môre vergaan, dan plant ek vandag nog my appelboom."

My wens vir die SBA is dat sy mense sal aanhou om appelbome te plant. Bome wat sal groei en vrugte dra.

# Proloog

## Begin

*wanneer jy die moedertong*
*in my mond laat verdor*
*neem jy die wêreld weg*
*verduister jy my geheue …*

*wanneer jy die taal*
*van my wegneem*
*ruk jy die hart uit my drome …*

*wanneer jy van my ’n massasyfer maak*
*om soos ’n gefuikte papegaai*
*te pik-pik na sy nabootsing*
*maak jy dat ek ’n weesmens is …*

– breyten breytenbach, “die tongvervreemding”, PEN Afrikaans Nuusbrief

Die geskiedenis van die SBA loop parallel met die ontstaan van ons land se demokrasie. Dieselfde ywer, entoesiasme, dryfkrag en veerkrag is opmerklik by albei. Dan is daar ook die immerteenwoordige hoop dat die toekoms mooi en goed sal wees.

Op Donderdag 7 November 1991 vind die loodsvergadering van die Stigting Afrikaans in die raadsaal van die Nasionale Pers in Kaapstad plaas. Die volgende persone is teenwoordig by hierdie verkenningsvergadering, wat Ton Vosloo as ’n geskiedkundige geleentheid bestempel: mnr Ton Vosloo (sameroeper), prof Elize Botha, mev Rashida Noor Mahomed, mev Ina Rens, mnr Frans Stroebel, ds Gerrit van der Merwe, prof Tony Links, mnr Tom de Beer, mnr Andrew Marais. Afwesig met verskoning: dr Ntalwini Nkatini, mnr Christo Wiese.

Ton Vosloo sien sy rol as dié van sameroeper en lui die vergadering met die volgende woorde in:

> *Die Stigting is nie 'n Nasionale Pers-aksie nie, maar hulle het bloot die leiding geneem.*
>
> *Die Stigting kan vir Afrikaans 'n nuwe staanplek in Suid-Afrika verower. Die huidige politieke ontwikkelings gaan uitdagings aan Afrikaans stel. 'n Herwaardering van die posisie van Afrikaans is op die agenda.*

Hy stel ook die volgende doelwit: "Stigting Afrikaans moet 'n volksaksie word." Hy maak dit duidelik dat die Stigting nie elitisties mag wees nie. Derhalwe word Naspers se koerante, *Huisgenoot*, die SAUK, M-Net, die radio, sowel as Perskor as rolspelers betrek.

***"Die hoofdoelwit is dat Afrikaans oor die hele spektrum bevorder sal word."***

Die Nasionale Pers stel 'n bruidskat aan die Stigting beskikbaar om aanvangsuitgawes te finansier. Die noodsaak dat balans op alle vlakke gehandhaaf moet word, word vroeg duidelik. Dit geld vir fondse sowel as vir die skakeling met organisasies.

Reeds by die loodsvergadering kom die sensitiwiteit wat rolspelers aan die dag sal moet lê sterk na vore. Hulle besef dat die Stigting met groot omsigtigheid te werk sal moet gaan om Afrikaanssprekers, wat vroeër deur regse Afrikaanse organisasies uitgesluit is, nie aan vooroordele en diskriminasie bloot te stel nie. Dit is duidelik dat daar 'n fyn lyn is tussen "alle Afrikaanses in 'n saak ken" aan die een kant en "met alle Afrikaanssprekendes assosieer" aan die ander kant. Partye mag nie vervreem of vyandig gestem word nie – dít is deurgaans die doelwit.

Anders as die Genootskap vir Regte Afrikaners wat op 14 Augustus 1875 in die Paarl gestig is en uit 'n eksklusiewe groep wit mans bestaan het, beoog die SA om alle Afrikaanssprekendes oor ras-, kultuur- en gendergrense heen te dien. Die hoofdoelwit is dat Afrikaans oor die hele spektrum bevorder sal word.

Verdere besluite wat by hierdie loodsvergadering geneem is, sluit in:

- Dr Anton Rupert word as beskermheer voorgestel.
- Daar sal twaalf trustees in die raad dien.
- 'n Vaste sekretariaat sal mettertyd gevestig word, waaronder 'n sekretaris en sekretaresse.
- 'n Projekspan van sewe persone wat by UNISA gehuisves sal wees en 'n hoëvlak-beleidsdokument oor Afrikaans in die nuwe bedeling sal voorberei, sal aangestel word. Die tersaaklike memorandum sal deur Elize Botha voorgelê word en daar word onderneem om dit te finansier vanuit die bruidskat wat Naspers geskenk het.

Tony Links versoek dat die SA se geld eweredig versprei sal word en nie oorwegend aan een groot projek toegewys word nie. Reg van die begin af – en deur die jare heen – is die onderskeie lede van die Stigting dus mekaar se "gewete" wanneer daar besluit word oor projekte wat nie noodwendig alle Afrikaanssprekendes insluit nie, of wat nie die saak van Afrikaans ten beste dien nie.

Daar is ’n opvallende eerlikheid waarmee die SA vanaf die eerste vergadering omgaan met ander belanghebbendes en organisasies wat dieselfde doelwitte nastreef. Die noodsaak van skakeling met die buiteland word beklemtoon, veral met die breë Nederlandse gemeenskap. Dit sou veral belangrik wees met die oog op verkryging van fondse.

Die rolspelers se strewe is om versoening en bemagtiging deur taal te bring; gekenmerk deur optimisme, hoop en kreatiewe energie.

*“Stigting Afrikaans moet ’n volksaksie word.”*

– Ton Vosloo

**HOOFSTUK 1**

# Ghrop die Afrikaanse taalakker

## 1992-1997

*Dis my grond*
*waar my siel gewortel is*
*waaruit ek ploeg, eet en daagliks drink*
*die vrugte en sappe wat die Skepper ons gee.*

– Mathews Phosa, "Dis my grond", *Deur die oog van die naald*

Die stigtingsvergadering van die Stigting Afrikaans vind op 13 Februarie 1992 plaas.

Anton Rupert word genader om as beskermheer op te tree. Hy stem in met dien verstande dat die naam Stigting Afrikaans verander word na die *Stigting vir Afrikaans, die vriendelike taal*. Sy argument is die volgende: "Die Stigting moet nie die indruk wek dat hy teen iets gekant is nie. Die Stigting wil mense na hom toe aantrek en daarom pas die woord 'vriendelik' goed in."

Tony Links vat die motivering netjies saam in sy opmerking: "In die verlede is Afrikaans as 'n onvriendelike taal beskou. 'Vriendelike taal' gee aan die Stigting 'n bemarkbaarheid wat nie-diskriminerend is."

Die vergadering aanvaar die nuwe naam, asook die voorstel dat dit in Engels geregistreer moet word om die gevoel van eksklusiwiteit teen te werk. Dokumentasie van die Stigting sal na behoefte dan ook in Engels verskyn.

Die uitdagings is groot. Die trustees en personeel ken mekaar nie. Hulle moet mekaar leer vertrou en vooroordele uit die weg ruim om doeltreffend te kan saamwerk. Die gemene deler bly altyd Afrikaans – en elkeen se opregte poging om dit weer vir almal die taal te maak wat hulle met trots en sonder skroom kan praat.

Die SvA se taak in hierdie eerste jare is bykans onmoontlik. Daarom span hulle die net wyd oor Suid-Afrika, met die oogmerk om alle taal- en bevolkingsgroepe voordeel uit dié aksie te laat trek.

'n Persverklaring oor die totstandkoming van die SvA word aan alle mediagroepe buite Naspers gestuur. Selfs die plattelandse pers en streekskoerante word betrek, sowel as die *Vrye Weekblad*, *Die Patriot*, *Die Transvaler*, die SAUK, M-Net en *Rapport*.

Die Projek vir Taalbevordering, wat deur prof Elize Botha geïnisieer en deur dr Karel Prinsloo, digter en taalkenner, opgestel is, word deur Ton Vosloo as die Stigting se "bybel" beskou. Sake wat in hierdie verslag aangeroer word, sluit in i) Afrikaans in die onderwys; ii) Afrikaans in die staatsondersteunde media, en iii) Afrikaans in die staatsdiens.

Uit die projekverslag word 'n gepopulariseerde brosjure saamgestel.

'n Oplaag van 600 eksemplare van die eerste navorsingsdokument met die titel *Die saak vir Afrikaans,* wat deur Van Schaik uitgegee word, word onder politici en betrokkenes by Kodesa versprei, saam met 'n voorlegging dat Afrikaans in die nuwe politieke bedeling as amptelike taal behou word. Die projekspan sal ook die rol van Afrikaans in die onderwys by Kodesa voorlê.

Gerrit van der Merwe heg groot waarde aan die afdeling oor Afrikaans in die onderwys en voeg by: "… veral omdat die uurglas vir die onderwys aan die uitloop is."

Die tyd net voor die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika is in baie opsigte 'n sensitiewe tyd wat taal betref. Afrikaans, wat in groot mate as "die taal van die verdrukker" beskou word, loop gevaar om sy status as een van die twee amptelike tale te verloor.

Tydens die trusteevergadering van 12 Maart 1992 stel Ton Vosloo voor dat Afrikaans as landswye amptelike taal behou sal word. Gerrit van der Merwe vra dat die terme "twee ampstale" en "inheemse tale" gebruik sal word, en nié "blanke tale" en "swart tale" nie.

In sy versiendheid maan Christo Wiese: "Die mense [Kodesagangers] moet deelneem in 'n taal wat nie vir hulle vreemd is nie. Afrikaans moet nie op hulle afgedwing word nie, maar elkeen moet die geleentheid gegee word om hom ten beste in sy moedertaal te kan uitdruk. Die idee is juis om verskille minder te beklemtoon. 'n Aandrang op Afrikaans kan dié atmosfeer bederf."

Elize Botha sluit hierby aan met haar mening: "Die beginsels van die projekverslag moet in die Kodesa-onderhandelingsproses geld. Daarom is dit belangrik dat Kodesa vertaaldienste moet hê."

Hierdie soort oop gesprek is tekenend van die manier waarop die SvA in die toekoms verskillende gesigspunte sou hanteer. Terugskouend was die SvA reeds voor 1994 hulle tyd vooruit en het hulle nie vanuit 'n eng en benouende perspektief na Afrikaans en die toekoms van die taal en sy sprekers gekyk nie.

## Die strewe: inklusiwiteit

Mnr Achmat Davids, 'n trustee, meld dat die SvA se publikasie *Die saak vir Afrikaans* nie 'n sterk verwysing na die bydrae van bruin mense bevat nie. Die boek is Europees georiënteerd en skep die gevoel dat dit wit mense is wat wil sorg dat die taal voortbestaan. Die SvA voel saam met Davids sterk daaroor dat dié mense wat die meeste gely het as gevolg van hulle uitsluiting nou sover moontlik ingesluit sal word in die proses om Afrikaans waardig te maak.

Steun vir die Afrikaans-kultuurdae by die Vista-universiteit ('n nie-residensiële universiteit vir swart stedelinge wat van 1982 tot 2004 bestaan) se kampusse in Soweto en Port Elizabeth word daarom ondersteun deur 'n bydrae van R20 000 van die SvA. Die Stigting steun ook Naspers se Woordeboekburo wat woordeboeke in Afrikaans en ander inheemse tale saamstel.

## Fondsinsameling

In hierdie beginjare skat die Stigting geen projek as te gering nie en geen fondswerwingspoging word sonder oorleg afgeskiet nie – al is dit dikwels 'n geval van "skiet met donshael … mog het troffe!"

> ***"Gemeenskapsbetrokkenheid bly ook deurgaans belangrik."***

Sonder die nodige fondse is so 'n groot onderneming natuurlik doodgebore. In die eerste ses jaar van die SvA se bestaan was dit dus belangrik om strukture vir fondsinsameling in plek te kry. Die SvA was afhanklik van ruim skenkings en borge wat hulle oor 'n lang tydperk tot die saak sou verbind. Reklame deur koerante was van kardinale belang. Daar is dus 'n projekleier by elke koerant aangestel om die fondsinsamelingsveldtogte te lei. Groot klem is op individuele bydraes gelê sodat mense nie verkeerdelik sou aanneem dat net groot maatskappye se skenkings tel en hulle kleiner bydraes nie 'n verskil maak nie. Gemeenskapsbetrokkenheid bly ook deurgaans belangrik.

In die beginjare het die Stigting dus twee fondsinsamelingslyste: 'n individuele lys en 'n korporatiewe lys. *Skenkings* en *borge* kom vanoor hierdie wye spektrum in. Dit is 'n bewys van die goedgesindheid van mense en instansies, asook van die bereidheid om met die SvA geassosieer te word. Dit bevestig dat die inklusiewe hart van die SvA raakgesien is.

Van die skenkings en borge in hierdie beginjare sluit in:

- SUKOVS – gee 'n skenking vir bevorderingsaksies in Afrikaans onder alle bevolkingsgroepe
- SAOU
- *Rapport*
- die Hiemstra Trust – skenk 'n bedrag op voorwaarde dat die hoofdoelstelling van die SvA soos volg aangepas sal word: om Afrikaans op alle vlakke en op enige manier onder alle mense te bevorder. Die trusteevergadering verander die woord *vlakke* na *terreine,* nog 'n bewys van die betrokkenes se gevoeligheid om nie diskriminerend teenoor taalgebruikers te wees nie, al word dit nie so bedoel nie.
- Anton Rupert maak 'n persoonlike skenking wat oor vyf jaar strek.
- Mnr Pepler Scholtz, die voorsitter van Sanlam, skenk 'n bedrag op voorwaarde dat 'n trustfonds vir onderwyshulp aan jong Afrikaanssprekende kinders van alle rasse gestig sal word.
- Skenkings van individue geskied onder meer deur maandelikse debietorders.

## Projekte

Die volgende projekte word in die eerste bestaanjare aangepak om skenkings en borge te bekom en lede vir die SvA te werf:

- Die Stigting skakel met reklamefirmas en die ATKV.
- Die SvA word by Vroueleeskringe bekendgestel.
- Spesiale aanbiedinge by, onder meer, AHI-geleenthede, word gereël.
- 'n Prospektus vir fondswerwing word aan die Johannesburgse Effektebeurs voorgelê, met 'n volledige Effektebeurs-ledelys waaruit moontlike finansiering of borge geïdentifiseer kan word.
- 300 topmaatskappye wat moontlik borge kan wees, word geïdentifiseer.
- Die SvA word bekendgestel by kultuurorganisasies soos die Rapportryerskorps en die ACVV se kultuurbeen.
- Gholfdae en wynveilings word gehou en donateurspolisse geïnisieer.
- 'n Pretdraf vir Afrikaans, Afridraf, word deur die Rapportryers geloods.
- Die SvA se nuusbrief, *Die saak vir Afrikaans*, word in Afrikaans en Engels gedruk en selfs na die buiteland gestuur, waar dit entoesiasties ontvang word.
- *Afrikaans Vandag*, 'n publikasieblad wat deur SvA geïnisieer en deur Andrew Marais gedryf word, se verspreidingslys bevat teen 1994 reeds 6 000 name.
- *Taalportaal,* 'n koerantbylae wat die klem plaas op Afrikaans as medium vir die heropbou en ontwikkeling van Afrikaans, word kwartaalliks versprei, net soos *Afrikaans Vandag,* die SvA se mondstuk. In 1996 smelt dié twee blaaie saam.
- Lidmaatskap, selfs korporatiewe lidmaatskap, word aangemoedig. Universiteite, kolleges, technikons en selfs die onderwysdepartemente word genader vir die moontlike stigting van SvA-takke. Lidmaatskap word in die beginjare verkry deur 'n eenmalige skenking van R10 aan Vriende van die Stigting vir Afrikaans. Só word die individu op voetsoolvlak betrek.
- Vriende van die SvA ontvang elk 'n Vriend van Afrikaans-plakker en die jaarlikse nuusbrief *Die saak vir Afrikaans*, waarby 'n donasievorm ingesluit is.
- Op 30 Maart 1995 bestaan daar reeds 11 SvA-takke met ongeveer 500 lede van Vriende van die Stigting vir Afrikaans.

## Bemarkingsaksies

Grootskaalse bemarking was in hierdie tyd van die uiterse belang. Die SvA moes bekend word en sy wye betrokkenheid sigbaar en hoorbaar maak. Die Stigting moes die argument van sommige mense wat anti-Afrikaans was, naamlik dat die SvA 'n politieke speelbal is, deur sy aksies finaal die nek inslaan.

Bemarkingsaksies het die volgende ingesluit:

- *Huisgenoot* se Kies-die-woord-wedstryd.
- Betrokkenheid by Grahamstad (Makhanda) en Johannesburg se kunstefeeste.
- Afrikaansdae op die destydse Vista-universiteit se kampusse in Soweto en Port Elizabeth: Dit is onder die vaandel van die SvA gehou en as bloudruk vir ander kampusse gebruik.

- Klasse in Beginnerafrikaans vir diplomate.
- Vaktaal-aksieplan: Die finansiering van 'n verbeterde herdruk van die klassieke *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*.
- Afrikaanse taalkassette word by belangrike ambassades beskikbaar gestel.
- *Die Lappieskombers*, 'n video wat die veelkleurige gesig van Afrikaans weerspieël, word deur die SAUK vervaardig. Dit word veral by buitelandse missies versprei.
- Die SvA is betrokke by 'n projek van die Navorsingsinstituut vir Onderwysbeplanning van die Fakulteit van Opvoedkunde aan die UOVS: "Funksionele Afrikaans vir skoliere wie se moedertaal nie Afrikaans of Engels is nie".
- Geletterdheidsadviesdienste: Die UOVS bied oorbruggingsprogramme in samewerking met die SvA aan. Dié aksieprogram staan as NEED bekend.

## Gemeenskapsbetrokkenheid

Deur gemeenskapsbetrokkenheid maak die SvA hom los van bedenkinge oor 'n verskuilde politieke agenda.

Dit is insiggewend dat die Stigting reeds in die 1990's aangevoel het hoe dringend noodsaaklik die vestiging van 'n leeskultuur in geletterdheidsbehoeftige gemeenskappe is. Daarom maak die SvA dit sy doel om met proaktiewe planne na gemeenskappe toe te gaan, soos onderwysgesprekke en leesprogramme.

Die Stigting wil nie bloot die beskermer van elitistiese taalbelange wees nie, maar wil 'n rimpeleffek aan die gang sit. Gemeenskappe moet bemagtig word om selfstandig te kan voortgaan. Die trustees identifiseer dus 10 leiers in 'n gemeenskap en lei hulle op sodat hulle weer 10 ander mense kan oplei.

Die SvA doen gereeld "huisbesoek" om te sorg dat die model reg gevolg word en die projekte op koers bly. Suksesverhale word met naburige dorpe gedeel en só word ervarings en kundigheid aangegee. Dit het byvoorbeeld gebeur op dorpe soos Wellington en Middelburg (Kaap) waar daar met gemeenskapsprojekte begin is. Die belangrikste beginsel wat hier die deurslag gegee het, was dat die gemeenskap die inisiatief moes neem. Instansies soos die ACVV en die VLV het met finansiering gehelp. Kernsake soos armoedeverligting en geletterdheid is van die belangrikste kwessies wat aangespreek word.

***"Gemeenskappe moet bemagtig word om selfstandig te kan voortgaan."***

Mnr Anton Roodt van Gencor, een van die top-mynboumaatskappye in Suid-Afrika, word gevra om in gesprek te tree met die SvA om 'n strategie te bepaal waarvolgens gemeenskappe gemobiliseer kan word. Die Roodt-verslag word deur Gencor geborg en dien as raamwerk vir die beplanning van gemeenskapsprojekte in die toekoms. Wellington en Middelburg word as "toetsterreine" uitgesonder om die Stigting se rol in die gemeenskap te verken. Volgens Anton Roodt is daar nou 'n model ontwikkel wat uitgebrei kan word. Hy stel dit duidelik: "Die gemeenskap moet vir die inisiatief en geld sorg. Die SvA is nie 'n bodemlose put vol geld nie."

## Finansiering deur die Stigting

In dieselfde gees pleit Tom de Beer, die voorsitter van die SvA, by 'n vergadering van die Raad van Trustees dat die Stigting nie as 'n onuitputlike bron van kontantskenkings gesien moet word nie. Aansoeke vir toekennings behoort nie sonder meer aanvaar te word nie, maar moet deeglik oorweeg en gemeet word aan die Stigting se riglyne vir toekenning.

Die Stigting se uitgangspunt is dat verwagtings deurgaans realisties moet wees. Groot én klein skenkings moet planmatig bevorder word. Die SvA moet ook in gedagte hou dat die korporatiewe sektor eerder gewillig sou wees om verdienstelike kleiner projekte te steun as om groot skenkings te maak.

In 1994 word dus besluit om 'n aansoekvorm op te stel waarvolgens toekennings volgens sekere riglyne en norme toegestaan sal word.

Só groei die SvA en verfyn prosesse om al hoe meer vaartbelyn te word.

## Buitelandse skakeling

'n Belangrike komponent van die SvA se bemarking – veral in die beginjare – is hulle verbintenis met die Nederlandse taalgemeenskap.

- Prof Vernon February, wat die SvA baie goedgesind is, is 'n belangrike kontakpunt tussen die Nederlandse regering en Suid-Afrika. Geen besluite ten opsigte van kultuursake word sonder hom geneem nie. Hy is ook die Stigting se skakel om fondse in die hande te kry.
- In 1992 besoek Tony Links die Limburgse Universiteit op voorwaarde dat hy geldelike hulp namens die Stigting moet probeer kry.
- In dieselfde jaar word Biebie van der Merwe van die UK se reiskoste geborg om 'n Departement Afrikaans aan die Universiteit van Praag te help vestig.
- In 1993 woon Karel Prinsloo die World Communication Association-konferensie by. Deur sy referaat – "Geolinguistiek, die taalkartering van Suid-Afrika en die swaai wat in sekere distrikte plaasgevind het" – kry die SvA die nodige erkenning. Prinsloo word gevra om by 'n wêreldkonferensie in Graz, Oostenryk, 'n slypskool oor taalkontak-uitdagings in Afrika, Europa en die Ooste aan te bied.
- In 1994 besoek Annie Fleerackers, die eerste president van die Orde van den Prince, Nederland, die Stigting se kantoor in Pretoria.
- Die minister-president van Vlaandere besoek Suid-Afrika in 1996 en Naspers tree as gasheer op. Die Vlaamse toekenning van R320 000 per jaar vir drie jaar met die doel om geletterdheid te bevorder word deur die SvA geadministreer.
- Die Stigting is betrokke by *Afrikaans in 'n japtrap*, 'n selfstudiegids gemik op volwasse buitelanders, wat in 1997 gedruk word.
- In 1997 word die SvA as medewerker na die Antwerpse Boekebeurs genooi. Bekende Suid-Afrikaners wat ook genooi is, sluit in Breyten Breytenbach, Neville Alexander en Mathews Phosa.
- Karel Prinsloo, die uitvoerende direkteur, berig dat die Biblionef Kinderboeken Depot moontlik in Huis der Nederlanden in Pinelands gesetel sal wees, van waar boeke deur nieregeringsorganisasies en gemeenskapsbiblioteke versprei sal word.

## Bestekopname

In die tweede bestaansjaar van die Stigting voel Elize Botha dat die trustees bestek behoort op te neem en hulle moet afvra: "Hoe kom ons by ons doelstellings uit?"

Anton Roodt van Gencor word genader om 'n strategiese beplanningsoefening te doen, waarin hy na die Stigting se missie, visie, sterk- en swakpunte sal kyk.

Ton Vosloo waarsku tereg: "Die SvA skiet met 'n haelgeweer. Hy moet liefs met 'n enkelloopgeweer skiet." Hy stel voor dat daar net op vier vlagskipprojekte gefokus moet word, naamlik i) geletterdheidsbevordering; ii) gemeenskapsbetrokkenheid; iii) internasionale kultuurkontaksituasies, en iv) sekretariaat-aktiwiteite soos lidmaatskap, fondsinsameling, reklame en beeldbouprojekte.

Karel Prinsloo stel 'n volledige besigheidsplan vir die Stigting op en bevestig die twee hoofdoeleindes waarvoor fondse benodig word, naamlik i) normale bedryfskoste en ii) die maak van toekennings.

Hierdie bestekopname maak dit duidelik dat daar nooit agteroorgesit is nie, maar dat die Stigting voortdurend nuwe strategieë ontgin het om Afrikaans lewend en relevant te probeer hou. Terselfdertyd is mure afgebreek, brûe oorgesteek, vertroue gekweek en nuwe vriende en bondgenote gemaak.

*"Afrikaans het in die 20ste eeu 'n volwaardige moderne wetenskapstaal geword."*

Met die aanbreek van Suid-Afrika se nuwe demokratiese bestel is die SvA opnuut begeester om Afrikaans se voortbestaan doelgerig te verseker. Die SvA word dikwels so oorweldig deur aansoeke, dringende sake, inisiatiewe en kritiek dat dit 'n uitdaging is om koelkop te bly en nie die groot oorkoepelende doelwit uit die oog te verloor of verstrik te raak in besonderhede of negatiewe aanslae nie. Volgens een van die trustees is dit letterlik "uithou en aanhou en weer opstaan, al lyk dit vir ander na 'n uitklophou".

In haar voorsittersrede by die Stigting se Algemene Jaarvergadering van trustees op 24 Junie 1997 sê Elize Botha: "Afrikaans het in die 20ste eeu 'n volwaardige moderne wetenskapstaal geword."

Sy meen dat dit 'n tragedie sou wees as hierdie fenominale ontwikkeling skielik sou versand, want daardeur sou Afrikaans weer afsak tot blote omgangstaal. Bowendien sou aan die Afrikatale van Suid-Afrika daarmee die hoop ontneem word om sélf ooit die mas op te kom en ook volwasse moderne tale te word.

## Wagters op die taalmure

In hierdie jare kry die Stigting ook vinnig 'n wagter-rol. Die SvA word byvoorbeeld versoek om op te tree teen die tendens tot verengelsing van die reklamewêreld, want die maklikste uitweg is om die advertensie in Engels uit te saai, al is dit 'n Afrikaanse program. Elize Botha verseker die vergadering op 11 Februarie 1993 dat die eintlike fout lê by Afrikaanssprekendes wat nie "hulle slaankrag benut nie". Die konsensus is dat die SvA sy stem by die SAUK moet dik maak, maar terselfdertyd kykers aan

hulle verantwoordelikheid moet herinner om op te staan vir Afrikaans en beswaar te maak teen die verengelsing.

## Die kunste, TV, radio en boeke

Op 20 Oktober 1993 word 'n informele voorstel by die vergadering vir die Raad van Trustees gemaak dat 'n Afrikaanse televisiekanaal gevestig word. In 1994 woon Karel Prinsloo 'n dinkskrum van Filmmedia by saam met verteenwoordigers van die ATKV en die FAK asook Frans Marx en PG du Plessis, waarna 'n voorstel aan M-Net gemaak word.

Op 8 Julie 1992 besluit die trustees van die Stigting om eerder by die Grahamstad- of Johannesburg-kunstefees betrokke te raak as om self 'n kunstefees te begin. Drie jaar later – op inisiatief van Andrew Marais – word die eerste Afrikaanse kunstefees op Oudtshoorn gehou, die Klein-Karoo Nasionale Kunstefees. Die rede om hierdie fees in Oudtshoorn te hou, en nie in Bloemfontein nie, was dat indien dit nie vir die Kaapse streek was nie, Afrikaans nie daar sou gewees het nie. "Sou Bloemfontein die keuse vir so 'n onderneming word, sou die gevoel by die Kaapse mense geskep word dat dit weer net gaan om 'n wit taal en dat dit weer die mense in die noorde is wat die taal wil afdwing," het Andrew Marais verklaar.

Omdat dit vir die SvA so 'n groot prioriteit is dat Afrikaans 'n versoenende rol sal speel, raak hulle betrokke by *Pendoring,* 'n verhoogdrama deur Ampie van Straaten, wat uit meerrassige spelers bestaan. Die drama word deur SUKOVS opgevoer, met die aanbiedingsleuse: "Die SvA bied aan: 'n SUKOVS-produksie". Dit het groot publisiteitswaarde vir die Stigting.

In 1996 is die SvA 'n medeborg van Tafelberg Uitgewers se bekendstelling van Mathews Phosa, premier van Mpumalanga, se digbundel *Deur die oog van die naald.* Nelson Mandela is die gasspreker by hierdie geleentheid in Kaapstad.

## Die Stigting se Geletterdheidstrust

Met die registrasie van die Geletterdheidstrust (registrasienommer 92/05246/08) word in 1994 'n ooreenkoms met die regering gesluit waarvolgens 'n bedrag van R8 miljoen tot die beskikking van die Trust gestel sal word vir die bevordering van geletterdheid soos uiteengesit in die trustakte. As uitvoerende direkteur word Karel Prinsloo gemagtig om oor die finale bepalings en voorwaardes van hierdie ooreenkoms te onderhandel.

Dit bring mee dat 'n belangrike wysiging aangebring word in die Akte van Oprigting en Statute van die Stigting vir Afrikaans, die vriendelike taal, naamlik "dat die Trust opgerig word met die uitsluitlike doel om fondse daar te stel vir aanwending vir Geletterdheidsbevordering in Afrikaans onder die breë Afrikaanse bevolking … geen profyte of winste mag aan enige persoon uitgekeer word nie en die fondse moet uitsluitlik vir belegging of die uitvoering van die oogmerke waarvoor die trust ingestel is, gebruik word."

## Geletterdheidsprojekte

In 1996 word geld vir twee geletterdheidsprojekte bewillig, naamlik R9 000 vir die Ons leer mekaar-projek en ook 'n bedrag van R6 800 vir die Riviersonderend-geletterdheids- en gemeenskapsopheffingsprojek.

In dieselfde jaar word die Koerant in die Klaskamer-projek (KIK) vir die bevordering van Afrikaans in Mitchells Plain in samewerking met Naspers aangepak. Die KIK-projek poog om die koerant weer as naslaanbron te laat herleef deur onderwysers op te lei om die koerant as onderrigmedium te gebruik. Conrad Sidego, 'n trusteelid, bepleit 'n nóg groter betrokkenheid van die SvA by soortgelyke aksies. Baie klem word daarom gelê op die uitbou en vestiging van 'n liefde vir Afrikaans onder die jeug.

Die Afrikaansmaand-skoleprojek gee aan skole landwyd die geleentheid om op vindingryke maniere fondse vir verdienstelike Afrikaans-projekte onder die vleuels van die Stigting in te samel. Persdekking en boekeskenkings aan wenskole vorm 'n integrale deel van dié projek. Jong Stemme in Afrikaans, 'n *Jong Burger*-inisiatief, beoog om voortreflike essays, gedigte, en so meer, te publiseer om die skryflus en taalvernuf van alle Afrikaanssprekende kinders aan te wakker.

*"Maar al helderder staan dit vir ons uit:*
*in welke mate dit waarlik om mense gaan."*

In 1997 nader Andrew Marais die Hiemstra Trust vir 'n borgskap vir die druk en verspreiding van die nuusbrief, *Afrikaans Vandag.* By die Raad van Trustees se vergadering op 24 Junie 1997 word bekendgemaak dat die Hiemstra Trust die jongste aflewering geborg het. Die drukoplaag is 9 000 eksemplare en die aanvraag groei steeds.

Deur prof Flip Strydom, hoof van geletterdheid- en onderwysaksies, se besoeke aan plattelandse gemeenskappe wat in armoede gedompel is, word die Stigting met die werklikheid gekonfronteer. Hy berig: "In sekere gemeenskappe is daar soveel armoede, werkloosheid en toekomsloosheid dat hulle selfs begin twyfel of die basiese vaardigheid van lees en skryf nog so belangrik moet wees en of dit nie moet gaan om opleiding om mense vaardighede te leer om geld vir brood te verdien nie."

Só loop die goue draad van medemenslikheid deur die geskiedenis van die SBA heen. In Elize Botha se voorsittersrede op 18 September 1992 sê sy: "Maar al helderder staan dit vir ons uit: in welke mate dit waarlik om *mense* gaan." Sy haal dan aan uit 'n brief van Flip Strydom (*Die Burger*, 28 Aug 1992) oor ongeletterde mense in die uitgestrekte Noord-Kaap:

> *Hulle verteenwoordig die taalmeerderheid in die streek: Afrikaanse mense, voetsoolvlak, sout van die aarde, tot in hul diepste siel gekrenk deur die verlede, voormalige stryders vir die demokrasie. En aangewys op slegs één taal: Afrikaans.*

## Vriendelik maar vasberade

In die eerste ses bestaansjare vestig die Stigting vir Afrikaans hom as 'n vriendelike, maar ferm instelling.

By 'n onderwysdinkskrum verduidelik Elize Botha die skynbare teenstrydigheid in die Stigting vir Afrikaans se leuse en strewe, "Vriendelik maar vasberade", soos volg:

> *Elkeen wat Afrikaans praat, moet ten volle aan al die prosesse in die samelewing kan deelneem. Dit beteken die volle potensiaal vir selfverwesenliking deur taal – vir elkeen wat Afrikaans praat. Die vriendelike kommunikasiemoontlikhede, die lewensruimte wat Afrikaans vir Afrikaanssprekendes skep, is hier innig verbonde.*

Tony Links sluit by haar aan met sy woorde:

> *Afrikaans is naas Engels die taal met die grootste verskeidenheid gebruikersvlakke. Die Stigting vir Afrikaans sal vir die behoud van al daardie gebruikersvlakke veg, maar nie só dat dit ervaar word asof daar vir Afrikaans baklei word nie.*

**HOOFSTUK 2**

# Saai die saad

**1998-2003**

*Jirre, dasie 'n lantie so ver of woes geleë,*
*sos dié sandland wat U nou vi my kom gjee,*
*want selfs in hierie droë annerlikheit*
*groei die gemsbokkomkommer van U se heerlikeit*

– Hans du Plessis, "Psalm 8", *Innie skylte vannie Jirre*

Die saad val wyd, op kaal rotskoppies, tussen distels, op vrugbare grond. Hier en daar lek-lek dit uit en verdor. Maar baie saad kom op. Binne ses jaar vestig die Stigting hom stewig in die Afrikaanse taalakker. Elize Botha sê tereg: "Wat die Stigting in sy kort lewe aan kundigheid en ervaring versamel het, wil ons graag as groeipunte sien, 'steggies' wat ons kan aangee aan die wydste verskeidenheid vennote."

In die volgende sesjaarsiklus (1998–2003) val die hoofklem op die verstewiging van netwerke en die wye skakeling met belangegroepe en instansies wat die SvA goedgesind is, sonder om die aandag van die hoofdoelwit af te trek. Die voorsitter waarsku teen te veel projekte, maar pleit dat kragte saamgesnoer sal word en dat daar op ses voorgestelde werkgebiede gefokus sal word, naamlik i) geletterdheid; ii) Afrikaans in die onderwys; iii) Vriende van Afrikaans en streekskakeling; iv) taalbeplanning en taalbeleid; v) skakeling, bemarking en fondswerwing, en vi) finansies, administrasie en toekennings.

## Geletterdheid

- Netwerke word geskep en geletterdheidsbehoeftige gemeenskappe word versorg.
- Die Upington-geletterdheidsprojek word geloods.
- Geletterdheidsfasiliteerders word opgelei.
- Die SvA skakel in by die nasionale ABET-werkgebied.

Fokuspunte vir besoeke aan fasiliteerders en leerders word geïdentifiseer: Suid- en Oos-Kaap, Groot-Karoo, Bo-Karoo, Boland en Overberg, Weskus, Noord-Kaap, Suid-Vrystaat en Namakwaland.

Jeugwerk, gemeenskapsjoernalistiek en die skryf van gemeenskapsliteratuur is ’n belangrike onderafdeling van die geletterdheidsprojekte en sluit slypskole vir gemeenskapsjoernalistiek en -literatuur in. Tien slypskole word beplan en ’n kwartaallikse nuusblaadjie vir netwerkskepping, *Die Nuusmaker,* sien die lig.

## Afrikaans in die onderwys

- Onder leiding van drie trustees, mev Rashida Noor Mahomed, mnr Koos Moshoke en mnr Kesha Pillay, word onderwysforums in 1998 tot stand gebring, selfs in die Vrystaat en KwaZulu-Natal.
- 25 Sesothosprekende onderwysers wat Afrikaans gee, onderneem ’n studietoer na Nederland en Vlaandere onder leiding van mev Olga Sema, ’n trusteelid.
- Afrikaans-Ekspo word in Gauteng en Noordwes aangebied in samewerking met Afrikaanse kultuurorganisasies. Die Afrikaans-Ekspo sluit Afrikaanse skryfkompetisies vir leerders in. Die finaliste dring deur na die Nasionale Afrikaans-Ekspo in Pretoria.

## SvA-vriende en streekskakeling

- Die Vriende se maandblad, *Doendinge,* word wyd versprei.
- Die nuwe inligtingskakelnetwerk, *Afriklub,* skop in 1998 af in samewerking met Intekom, die opleidings- en diensverskaffer van Telkom. Intekom befonds die grootste deel van die projek wat deur die SvA geïnisieer is en waardeur die organisasie wye blootselling kry.
- Sakeondernemings landwyd word gevra om ’n rak in hulle winkels beskikbaar te stel vir Afrikaanse boeke. Afrikaanssprekendes word aangemoedig om daarop aan te dring om in Afrikaans bedien te word.

## Taalbeplanning en taalbeleid

- Byeenkomste word gereël om samesprekings oor Afrikaans as regstaal te voer en pogings word aangewend om oplossings vir Afrikaans in die onderwys te vind.

## Skakeling, bemarking en fondswerwing

- *Stoepstories* onder leiding van Ollie Viljoen word onder die SvA-vaandel by die KKNK aangebied, asook by Aardklop in Potchefstroom en die kunstefees in Bloemfontein.
- *Afrikaans Vandag* is ’n goeie bemarkingsinstrument. Die koste daaraan verbonde is egter baie hoog, veral met die uitbreiding van die adreslys van die Vriende van SvA. Die finansiering van die organisasie se nuusbrief bly ’n wesenlike probleem.
- Teen 1998 is daar ’n hele aantal brosjures en inligtingsblaaie wat uit die SvA-stal kom: *Tuisblad, Afriklub, Oorlegplatformblad* en *Afrikaans Vandag*.
- Buitelandse skakeling word aangemoedig. Die inligtingstuk *Die Stigting vir Afrikaans in ’n oogopslag* word opgestel en vir gebruik in die buiteland, sowel as vir bemarkingsdoeleindes, goedgekeur.
- Finansieringsvoorleggings en fondswerwingsonthale vind plaas.
- Personeel en trustees onderneem werwingsreise.
- Donateursversorging word as ’n hoë prioriteit beskou.

## Finansies, administrasie en toekennings

Andrew Marais, toenmalige ondervoorsitter, beklemtoon herhaaldelik dat aansoeke vir toekennings deur die Stigting met groot versigtigheid hanteer moet word. Daar word ook nie geld vir kongresse beskikbaar gestel nie.

Europese taalgenote word as vennote beskou en hulle finansiële ondersteuning van die SvA is baie waardevol. Dié samewerking is veral sigbaar in die betrokkenheid van die SvA by die Antwerpse Boekebeurs.

Volgens Elize Botha moet daar deurlopend gevra word:

- Met wie almal werk die Stigting saam?
- Wie steun ons, en wie steun ons nie?
- Wie moet ons verantwoordelikheid met ons deel?
- Hoe posisioneer ons onsself ten opsigte van hierdie medewerkers en/of vennote?

Die begin van die nuwe eeu bring nuwe geesdrif. Groter klem word op verbeeldingryke bydraes en gemeenskapsontwikkeling geplaas. Die selfstandigwording van projekte wat finansiële hulp van die Stigting kry, word aangemoedig en trustees begin al meer aan die Stigting se werksaamhede deelneem. Naspers berig met hernude ywer deur koerante en tydskrifte oor die Stigting se werk.

Ter wille van die geloofwaardigheid en aanvaarding van die Stigting in die NRO-wêreld is dit belangrik om – soos in die verlede – goed te besin oor projekte en toekennings met groot omsigtigheid te maak.

## Stukkies en brokkies

- Die Simba-aartappelskyfievervaardiger word versoek om ook 'n leeskultuur in Afrikaans te vestig.
- Afrikaans-Ekspo by skole word na niemoedertaalskole uitgebrei en daar word met 'n Ekspo by laerskole begin.
- Dr Bernard Louw van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns word gevra om te sorg vir die aanstelling van 'n Afrikaanse verteenwoordiger in die nuwe Raad vir Geografiese Eiename.
- Die Stigting is sigbaar betrokke by die Vodacom Fietstoer.
- Christo Wiese borg *Stoepstories* by die KKNK in 2000.
- Karel Prinsloo, die uitvoerende direkteur van die SvA, word in Mei 2000 as gasspreker na 'n konferensie in Puerto Rico genooi.

## Tot siens en welkom

- Elize Botha, wat sedert begin van die Stigting 'n trusteelid en sedert 1994 voorsitter van die Raad van Trustees was, bedank op 14 September 1999 as voorsitter en trusteelid. Sy rig 'n appèl tot die trustees om met toewyding en energie as span saam te werk en betrokke te bly.
- Conrad Sidego word as nuwe voorsitter verkies.
- Frans Stroebel, een van die stigterslede en ondervoorsitter, bedank in 2000.
- Dr Christa van Louw word einde 2000 as hoof uitvoerende beampte aangestel.

## ’n Nuwe naam

In 2000 verander die Stigting vir Afrikaans se naam na die *Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans*. Die nuwe SBA-logo word deur die Raad van Trustees goedgekeur. Die firma Jan S de Villiers kry opdrag om die registrasie van die nuwe naam te hanteer. Die SBA-kantoor skuif vanaf die Naspers-gebou na die E-Sentrum in Hofstraat, Oranjezicht.

’n Nuwe tydvak, onder leiding van Conrad Sidego as voorsitter en Christa van Louw as HUB, word met groot verwagting betree.

In sy voorsittersrede op 18 September 2001 sê Sidego: “Reeds sedert Januarie vanjaar vaar die SBA met ’n vars bries teen die gesig.” Hy pleit dat die span “voortdurend selfondersoekend hulle planne en aksies van bemagtiging sal bekyk en herbekyk. Kreatiwiteit (en ’n dosis sensitiwiteit) is wat ons nodig het om vir die sprekers van Afrikaans, neffens al die ander taalgenote in ons veeltalige landskap, ’n waardige plek te verseker … Ons doelwit is duidelik. Ons het die wil. Ons het die span. Kom ons doen dit.”

Die projekte wat geïdentifiseer word, val in drie kategorieë:

- Navorsing
- Dienslewering
- Indiensopleiding.

Eksterne transformasie geskied onder meer deur ’n “bosberaad” wat in Januarie 2001 aangebied en deur veeltalige verteenwoordigers landwyd bygewoon word. Die SBA kry by hierdie geleentheid ’n demokratiese mandaat vir sy werk.

Hoewel die SBA se teikenmark hoofsaaklik Afrikaanssprekendes is, word alle ander taalgroepe by nuwe projekte ingesluit. Die SBA se strategiese plan word op 24 April 2001 by die dagbestuursvergadering goedgekeur. Sewe werksgebiede word geïdentifiseer:

1. Basiese en funksionele geletterdheid
2. Ekonomiese geletterdheid en entrepreneurskap-opleiding
3. Kreatiewe skryfvaardigheid
4. Bevordering van sosiaal-liggaamlike gesondheid
5. Ondersteuning van formele taalonderrig (kurrikulumontwikkeling)
6. Uitbouing van die kunste as bemagtigingsinstrument
7. Kapasiteitsbou van implementeringsagente.

## Met die koppe sonkant toe

Die SBA se aktiwiteite verloop bo verwagting goed wanneer daar na die uitslae van eerste-, tweede- en derdetaalsprekers van Afrikaans gekyk word. Die SBA se geletterdheidsmodel is ontwikkel en vennootskappe word landwyd met verskeie universiteite, regeringsdepartemente, nieregeringsorganisasies en die sakesektor gesluit.

Die volgende projekte is ’n groot sukses:

- Die Mitchells Plain-projek wat deur *Die Burger* geborg word, word deur die WKOD as ’n topprojek beskou. Deur hierdie projek word ondersteuning in Afrikaans aan 24 sekondêre skole gegee, met die vakadviesdienste van die WKOD en die UWK as vennote.

- Die Stellenbosch-projek, met die WKOD en die US as vennote, is ook suksesvol geïmplementeer. Die HJMNF en die WKOD maak albei skenkings vir hierdie projek, wat onder meer kurrikulumondersteuningslypskole aan opvoeders en lewensvaardighede vir leerders aanbied.
- Die Upington Geletterdheidsprojek ontvang in 2001 die Noord-Kaapse provinsiale toekenning as beste geletterdheidsprojek in die provinsie.
- Ander geletterdheids- en gemeenskapsopheffingsprojekte is die Hantamprojek, die Heidedalprojek in Bloemfontein, die Eersterustprojek in Pretoria en die Groot-Karoo Ontwikkelingsprojek in Murraysburg (ook 'n fokusarea in 2019), Calvinia en Victoria-Wes.
- Die Afrikaans-Ekspo word in 2003 in Pretoria aangebied.

## Plaasgeletterdheidsprogramme

Die loodsprojek van geletterdheidsprogramme op plase naby Wellington is aanvanklik deur lilwimi, die Sentrum vir Taaldienste van die Departement Afrikaans aan die UWK, gestig en word deur die SBA voortgesit.

Karel Prinsloo is die streekkoördineerder in Gauteng en die Vrystaat en Flip Strydom die streekkoördineerder in die Noord-Kaap en die hoof van Geletterdheid Nasionaal.

By 'n spesiale dagbestuursvergadering op 22 April 2001 spreek Conrad Sidego, die voorsitter, sy ongemak uit oor die vestiging en uitbreiding van die SBA se kantoor in Kimberley, terwyl daar groter behoefte aan geletterdheidsopleiding in die Kaapse Skiereiland is. Hy is oortuig dat die Skiereiland eerder die plek is waar die stryd vir Afrikaans gewen of verloor gaan word. In 2002 word finaal besluit om die Kimberley-kantoor te ontruim en alle werk vanuit die kantoor in Kaapstad te doen.

## Die SBA sprei sy takke wyd

Om ook vanuit die buiteland steun te werf, pak die SBA die volgende projekte en reise aan:

- Die SBA tree op as koördineerder van meertaligheidsprojekte en reël 'n inligtingstoer vir Suid-Afrikaanse parlementariërs en taalbeplanners na die Europese Unie en die Vlaamse Parlement.
- Die SBA neem deel aan Ukkasie, die Londense Kunstefees vir Afrikaanssprekendes.
- Verkenningswerk word gedoen oor die moontlikheid van 'n Cambridge-matriek in Afrikaans. Dit realiseer ongelukkig nie.
- Karel Prinsloo onderneem 'n buitelandse reis na Brittanje en Christa van Louw na Swede en Finland, met die hoop dat skenkings uit dié besoeke sal vloei.

## Koersaanpassing

Op 30 Oktober 2001 besluit die dagbestuur dat geen verdere buitelandse reise in die huidige begrotingsjaar onderneem mag word nie. Die vergadering besluit dat

die hooffokus binnelands moet val en dat plaaslike behoeftes ontgin moet word. Derhalwe word Karel Prinsloo versoek om voortaan deur ambassades en met die beskikbare tegnologie die nodige steun vir die SBA te werf.

Die inkomste wat die SBA uit die Ukkasiefees in Londen gekry het, beloop 'n skamele R4 000. Daar is ook 'n beginselbeswaar teen die Stigting se betrokkenheid by die fees. Volgens die akte "mag die fondse van die Stigting slegs binne die Republiek aangewend word, insluitende gebiede wat voorheen deel uitgemaak het van die Republiek van Suid-Afrika". Die SBA besluit dus om aan die fees te onttrek. Buitelandse medewerkers se aanstellings word ook beëindig.

Dit is duidelik dat die SBA besig is om te vernuwe. Oortollige takke word weggesnoei en nuwe lote opgelei en vertroetel.

## Gemeenskapsontwikkeling

By die trusteevergadering van 18 September 2001 vat Christa van Louw die SBA se gemeenskapsontwikkelingsplan saam. Daar sal op vier planne gefokus word:

- Bemagtigingsgeletterdheid
- Vaardigheidsontwikkeling
- Formele onderwysondersteuning
- Kunstebemagtiging, waarin die deelname aan Afrikaanse kunstefeeste 'n prominente rol speel.

## Fondswerwing, borgskappe en begroting

Krimpende fondse dwing die Stigting om ingrypende besluite te neem. Die Kaapse kantoor maak voortaan slegs projekgekoppelde aanstellings.

## Herstrukturering van die SBA

Die finansiële posisie van die SBA word aan mnr Koos Bekker van Naspers gerapporteer. Daar word besluit om slegs 'n kundige kernspan saam te stel wat verantwoordelik sal wees vir die konseptualisering en implementering van projekte. Projekbestuurders se poste word aan spesifieke kwalifikasies en ondervinding gekoppel en hulle word deur ingekontrakteerde kundiges ondersteun.

Op 30 Junie 2002 bedank Christa van Louw nadat sy as diversiteitskoördineerder by die Rektoraat van die Universiteit Stellenbosch aangestel is. Ria Olivier word as waarnemende uitvoerende hoof aangestel.

Op 17 September 2002 vind die Algemene Jaarvergadering in die Naspers-gebou plaas. Dit is Marlene le Roux se eerste vergadering as trustee. Sy word as ondervoorsitter verkies, 'n portefeulje wat sy tot in 2005 beklee.

In sy voorsittersrede lewer Conrad Sidego 'n pleidooi dat armes se liggaamlike sowel as geestelike armoede verlig moet word. Die SBA se rol is om hulle deur Afrikaans te bemagtig. Hy sê onder meer:

> *Die SBA moet toesien dat Afrikaans beleef word as 'n taal wat ekonomiese waarde het en wat steeds toegang tot ekonomiese bronne en tot sukses gee.*

## ’n Oorsig van die SBA se werk van April tot Augustus 2002

Die enorme ontwikkelingsbehoeftes noodsaak die SBA om hulle projekte oor ’n wye geografiese gebied te versprei: vanaf Upington en omgewing tot teen die Namibiese grens; die Hantam-Karoo; die Boland; die Kaapse Skiereiland, en Gauteng. Die hooffokus bly egter die Kaapse Skiereiland, met natuurlike grensoorskryding na gelang van die beskikbaarheid van fondse om projekte aan te pak wat haalbaar en volhoubaar is.

> *“Die enorme ontwikkelingsbehoeftes noodsaak die SBA om hulle projekte oor ’n wye geografiese gebied te versprei.”*

Die inhoudelike fokus van projekte bly steeds om mense op grondvlak te bemagtig. Dit is gerig op armoedeverligting, asook intellektuele ontwikkeling wat die behoud en ondersteuning van Afrikaans as hoëfunksietaal insluit.

## Volhoubare en nievolhoubare projekte

Op 25 Februarie 2003 word daar by ’n dagbestuursvergadering besluit dat die SBA voortaan slegs op versoek van die WKOD by formele onderwysprojekte betrokke sal raak. Projekte wat nie gerealiseer het nie, dring die voorsitter om die verantwoordelike persone se kontrakte te beëindig.

## Bemarking, borgskappe en trusts

Die SBA besluit om ernstige aandag aan hulle bemarkingsdokument te gee en oorweeg dit om ’n fondswerwer vir die Stigting aan te stel.

By die dagbestuursvergadering van 25 Junie 2003 word ontvangs van ’n aantal borgskappe erken, onder meer van

- die Nederlandse Ambassade
- Sappi
- *Die Burger*
- FNB – hulle borg die Afrikaans-Ekspo en die tjekoorhandiging vind tydens ’n slypskool aan die US plaas, wat ’n uitstekende blootstellingsgeleentheid vir die SBA is
- die Marie Luttig Trust.

Die SBA doen by die HJMNF aansoek om ’n borgskap. HJMNF se trustees, onder voorsitterskap van prof Andreas van Wyk, besluit dat ’n beduidende bedrag op ’n gekoördineerde manier vir die bevordering van Afrikaans aan verskeie organisasies beskikbaar gestel sal word. Die werk wat deur die ander organisasies ter bevordering van Afrikaans gedoen word, verskil egter heeltemal van die SBA se projekte. Die SBA se aansoek behoort dus afsonderlik oorweeg te word. Dit word só aan die trustees van die HJMNF gestel.

In Ria Olivier, die waarnemende uitvoerende hoof, se verslag oor die SBA se werksaamhede in 2002 tot 2003 vermeld sy die volgende:

- In dié tydperk het die SBA 30 geletterdheidsfasiliteerders opgelei.

- Daar is 'n samewerkingsooreenkoms met Korrektiewe Dienste aangegaan vir geletterdheidsbevordering in verskeie gebiede in die Skiereiland.
- Die SBA is versoek om betrokke te raak by die beplanning van 'n nasionale inisiatief om meer sprekers vir Afrikaans te verseker.
- Die SBA is betrokke by die iMAG se konferensie oor Moedertaalgeletterdheid.

## Bemarking met woema

Die SBA toon goeie vordering met sy nuwe korporatiewe werklikheid. Briefhoofde, volkleurpamflette en ander promosiemateriaal word wyd versprei om die SBA se werksaamhede onder die aandag van instansies, organisasies en moontlike borge te bring.

In sy voorsittersrede op 17 September 2003 beklemtoon Conrad Sidego dat geletterdheid die één konstante is wat in die 11 jaar van die SBA se bestaan deurlopend sigbaar is:

> *Geletterdheid in Afrikaans in 'n omgewing waar oor die jare miljoene rande vir hoofsaaklik Engelse projekte bewillig is. Die klem het van die platteland na die Kaapse metropool geskuif waar duisende van ons jeug onder ons neuse, byna tot teen die skoolhekke met halfgebakte geleerdheid sit. Geld is 'n lewensnoodsaaklike bestanddeel van die wenresep. Ongelukkig is daar dikwels by potensiële donateurs 'n "onvrymoedigheid" om Afrikaans openlik te steun.*

Hy gee dan voorbeelde van die krag wat in geletterdheid opgesluit lê:

- Afrikaans-Ekspo in die noorde en die Bravo-projek (Afrikaansonderrigsteun) in die suide bevorder leerders se prestasie binne die skoolkurrikulum en dra by tot talentontwikkeling vir deelname aan die uitvoerende kunste.
- In samewerking met *Die Burger* het die SBA 'n projek in die suidelike Metropool van Kaapstad geloods waardeur hoërskoolleerders se kommunikasievaardighede in Afrikaans geslyp en die onderwysers deur slypskole bemagtig word.
- Prominente Afrikaanse rolmodelle word by slypskole ingesluit. Dit wek 'n positiewe gesindheid teenoor Afrikaans en Afrikaans-wees by die jeug. Voormalige Mej Suid-Afrika Jo-Ann Strauss, Soli Philander en Funny Carp se optrede by 'n promosiegeleentheid van die SBA en *Die Burger*-skoleprojek in Mitchells Plain, en die positiewe reaksie hierop, is 'n sprekende bewys hiervan.

In die woorde van Conrad Sidego:

> *Ons het oorgenoeg sulke byderwetse mense – oor die kleurgrens heen. Leiermense wat hulleself suksesvol in Afrikaans uitleef. Mans en vroue wie se Afrikaans-wees aan ander 'n boodskap uitdra dat dit beslis "cool" is om Afrikaans te wees.*

HOOFSTUK 3

# Spriete, stingels en steggies

## 2004-2008

*Dis alles ryk en rustig van die swaar*
*geheime wasdom wat sy paaie vind*
*deur warm aarde na elke skeut en blaar*

– NP van Wyk Louw, "Vier gebede by jaargetye in die Boland: III Winter", *Die halwe kring*

Soos in die lewe, is daar in elke organisasie siklusse. Die SBA het gegroei – van 'n klein stigting wat algaande sy identiteit moes ontwikkel tot 'n boom waarvan die wortels wyd sprei om hom mettertyd stewig in die taalaarde te anker.

Op 4 Februarie 2004 vergader die dagbestuur. Dertien jaar ná sy stigting staan die SBA trots en fier tussen ander organisasies wat hulle ook vir Afrikaans beywer. Een van die SBA se doelwitte is om onafhanklik sy stem te laat hoor en sy unieke stempel af te druk. Dit word sigbaar in die vele projekte wat beslag kry en welig in die SBA-tuin gedy.

Die herstruktureringsproses ten opsigte van personeel, met die gepaardgaande ondersoek na vergoedingstrukture, is met behulp van die personeeladministrasie van Naspers en 'n vergoedingskonsultant afgehandel. Daar word met nuwe entoesiasme geskoffel, geplant en natgelei. Daar is die reuk van reën in die lug.

Die besluit dat projekbetrokkenheid voorlopig tot die Wes-Kaap beperk gaan word, gee nuwe energie en 'n gefokusde toespitsing op geletterdheid en jeugprojekte. Die lys projekte is inderdaad indrukwekkend:

- Die Opleiding-vir-opleiers-projek in Wesbank op die Kaapse Vlakte word opgevolg met die opleiding van 110 mense in basiese geletterdheid en entrepreneurskapsvaardighede.
- 'n Leerondersteuningsprojek word in samewerking met die plaaslike onderwysdepartement en *Die Burger* aangepak.
- By die Woordfees word *Bravo*, as deel van die Woorde-open-Wêrelde-program aangebied.
- *Kringe in die bos* word deur die bemiddeling van Marlene le Roux, een van die trustees, opgevoer. Dit is 'n vennootskapsprojek tussen die Kunstekaap, die SBA en die WKOD.
- Die SBA gee aandag aan leermateriaal, onder meer 'n handleiding vir nuutgeletterdes en 'n leerderwerkboek.

- Die Kaapse jeugprojekte brei uit. Die getal opvoeders wat in die verslagjaar by aanvullende Afrikaansonderrigmateriaal baat gevind het, staan op 1 347. Die doel van die skoleprojekte is om taal- en kommunikasievaardigheid, leesontwikkeling en taalkreatiwiteit te stimuleer.
- Optrede by vroueorganisasies is noodsaaklik om moedertaalonderrig te beklemtoon.
- Daar is 'n noodroep dat die SBA gesien en gehoor sal word ten opsigte van kwessies soos die gebrek aan voornemende onderwysstudente by universiteite.
- Mev Ria Olivier, die uitvoerende hoof, maak 'n ete-afspraak met Naledi Pandor, minister van onderwys. Die gesprek sluit lede van Naspers in. Die minister het groot waardering vir die werk van die SBA, die enigste Afrikaanse organisasie wat sy instem om te woord te staan. Tydens die loodsing van die WKOD se moedertaalveldtog in 2006 word die SBA deur Minister Pandor uitgesonder as 'n rigtinggewende liggaam. Sy versoek dat die SBA met die Xhosa-Stigting saamwerk om gemeenskappe van moedertaalonderrig bewus te maak.

## Finansies

Die verslag van die SBA toon dat daar sterk gefokus word op aksies wat die SBA se profiel kan verhoog en deur fondswerwing sy finansiële posisie kan verbeter.

Buitestanders kom telkens onder die indruk dat daar baie versigtig en innoverend met 'n klein begroting en min beskikbare bronne gewerk word. Die projekte wissel. Groot. Klein. Volhoubaar. Eenmalig.

Ten spyte daarvan dat die finansies knyp, word daar noulettend na die personeel se finansiële behoeftes omgesien. Die doeltreffendheid van die SBA se werknemers word verder verhoog deur werksessies en slypskole.

Die omsigtigheid en menslikheid waarmee die SBA omgaan met die aanstellling van trustees en personeel, verklaar waarskynlik waarom betrokkenes by die SBA oor lang tydperke heen met soveel lojaliteit, integriteit en entoesiasme hulle dienste beskikbaar stel. Mev Hester Morkel, notulehouer en personeellid sedert 1994, doen in November 2006 – ná 12 jaar in diens van die SBA – aansoek om 'n skeidingspakket.

By die 12de Algemene Jaarvergadering van die SBA op 29 September 2004 sê Conrad Sidego in sy voorsittersrede:

> *Die SBA se visie is: Leef voluit deur Afrikaans! Ons kernbesigheid is die bemagtiging van mense deur Afrikaans, hul moedertaal. Vir goedkoop politiekery en moedswillige skeenskoppery is daar geen plek nie. Ons sê eenvoudig: Nee, aikôna, stoppit!*

## SBA se projekte in 2005

- **Geletterdheidsprojekte** word vanaf Julie 2002 na 12 opleidingspunte uitgebrei.
- **Die Bravo-projek** sluit vanaf 2005 ook onderwysers van swart skole in.
- ***Funda!*** is 'n leesintervensieprogram wat leesonderrig en -ondersteuning aan laerskoolleerders oor die hele Kaapprovinsie heen bied en waardeur skole een keer per maand van gratis leer- en leesmateriaal voorsien word deur 'n bylae wat in *Die Burger* geplaas en spesiaal in gebiede soos die Kaapse Vlakte versprei word.

Vir elke *Funda!*-uitgawe word die oorspronklike koerantopskrif en artikel uit *Die Burger* verwerk in drie tekste van wisselende moeilikheidsgraad om voorsiening te maak vir leerders in dieselfde klas wat oor verskillende leesvaardighede beskik. Só word een onderwerp op verskillende vlakke aangebied. *Funda!* word uiteindelik die spil waarom geletterdheidsprojekte in skole draai.

- **Letterkunde-onderrigkomitee:** In samewerking met die LOK word 'n skryfkompetisie vir leerders in die Wes-Kaap geloods. Slypskole vir onderwysers en talentvolle leerders word aangebied. Vanaf Augustus 2005 word die finansiële administrasie van die LOK nie verder deur die SBA hanteer nie. Prof Wium van Zyl van die LOK word in kennis gestel dat die SBA nie in 'n posisie is om borgskappe vir die LOK te werf nie.

## Draai die sente om

Na aanleiding van vrae oor Naspers se betrokkenheid by die SBA, stel Ton Vosloo dit aan die vergadering dat indien Naspers as hoofborg sou onttrek, die SBA sy deure sal moet sluit. Die SBA is afhanklik van die jaarlikse borgskap en die infrastruktuur wat Naspers verskaf.

Op 10 Mei 2005 bied Ria Olivier, uittredende uitvoerende hoof, 'n volledige oorsig van SBA-werksaamhede tussen 2004 en 2005 in twee kategorieë aan: die eksterne omgewing en die interne omgewing.

*Eksterne omgewing:* Die SBA het hom die afgelope twee jaar daarvoor beywer dat nie slegs Afrikaans nie, maar ook die ander Afrikatale as bemagtigingsinstrumente gebruik word. 'n Belangrike uitdaging vir die SBA is om die toon aan te gee vir 'n denkskuif: vanaf Afrikaans as 'n minderheidstaal tot Afrikaans as deel van 'n diverse meerderheid tale in Suid-Afrika. Die taaldebat behoort na 'n volgende vlak gevoer te word, waar dit gaan oor taalgelykberegtiging met die gespreksdeelnemers uit al die taalgroepe.

'n Aggressiewe bemarkingsveldtog is nodig om die beeld van Afrikaans as "cool" taal onder jeugdiges te vestig en die negatiewe beeld van Afrikaans om te keer. Dit is noodsaaklik om ouers deur taalbewusmakingsprogramme in te lig oor die negatiewe opvoedkundige gevolge van die verskuiwing na Engels.

*Interne omgewing:* Ria Olivier stel voor dat 'n positiewe klimaat geskep word deur kragte saam te snoer deur byvoorbeeld taakspanne vir spesifieke projekte aan te stel. Sy sê:

> *Een van die groot probleme met 'n klein personeel wat van die huis af werk, is die isolasie. Dit bring mee dat personeel stoom verloor en oorweldig voel. Skakeling is van kardinale belang om missie en visie te behou.*

Ten opsigte van projekte stel sy voor:

> *Daar is die uitdaging om enersyds reeds bemagtigde sprekers van Afrikaans bemagtig te hou en andersyds diegene wat glad nie, of deels, bemagtig is, te ondersteun. Die uitdaging is om die SBA-projekte nou na die tersiêre vlak uit te brei, asook na tweede- en derdetaalsprekers.*

By die Raad vir Trustees se Algemene Jaarvergadering op 15 November 2005 verwelkom die voorsitter, Conrad Sidego, mnr Christo van der Rheede as uitvoerende

hoof, asook twee trustees, Sandra Prinsloo en Biebie van der Merwe, by hulle eerste jaarvergadering.

## 2006 se veelkleurige opskietblomme

- Die Suidoosterfees nooi die SBA om ’n tafel te koop vir die premiersbal op 16 Januarie 2006. Ton Vosloo bied aan om ’n bedrag van R4 000 uit die voorsittersfonds te bewillig.
- Marlene le Roux stel ’n samewerkingsooreenkoms tussen die Kunstekaap en die SBA voor met betrekking tot voorgeskrewe werke vir graad 12-leerders.
- Christo van der Rheede besoek Oudtshoorn waar slypskole en skrywerskole by Bridgton Junior Sekondêre Skool aangebied word.
- Tydens die Woordfees besoek 600 hoërskoolleerders die US en woon lesings oor onder meer kreatiewe skryfkuns en selfverwesenliking by.
- In September 2006 word die SBA-nuusbrief elektronies beskikbaar gestel. Dit is ’n noodsaaklike nuwe manier om die nuusbrief, wat doodgeloop het, te laat herleef. Die doel van die nuusbrief is om dekking aan die verskillende projekte te verleen.

## Die SBA groet Afrikaans-Ekspo

Op 21 Februarie 2006 word die voortgesette betrokkenheid by die Afrikaans-Ekspo bespreek. Die slotsom is dat die SBA nie sy regmatige erkenning in die media kry nie as gevolg van die betrokkenheid van onder meer die Voortrekkers en ATKV as vennote by die projek. Die deelname is beperk tot hoofsaaklik wit leerders in die noorde van die land. Christo van der Rheede vind dit moeilik om oor die groot afstand beheer oor die projek uit te oefen. Daar word dus besluit om die vennootskap tussen die SBA en Afrikaans-Ekspo te beëindig.

## Hulp uit Vlaandere

Christo van der Rheede neem tydens die jaarlikse Roetesfees in die Antwerpen-provinsie aan ’n kollokwium deel waar hy ’n referaat lewer met die titel “Reasons for the divisions amongst Afrikaans speakers and steps that we should take to overcome it”. Hy is die gas van Ludo Helsen (kultuursake in Vlaandere) en Geert Bourgeois (Vlaamse minister) wat baie belangstel in die werksaamhede van die SBA.

## Spit. Plant. Oes.

In sy voorsittersrede by die 14de Algemene Jaarvergadering van die SBA op 19 September 2006 maak Conrad Sidego melding van die programme vir volwasse geletterdheid:

> *In vele plaasskure is daar nou weekliks geesdriftige ma’s en pa’s wat vir ’n wyle van die pik en graaf en die huiswerk vergeet en hulle inleef in ’n wêreld waarvan hulle tot onlangs toe nog gedroom het. ’n Droomwêreld waarin hulle kan lees en skryf.*

- **Volwasse geletterdheid:** Die SBA is betrokke by 10 plase in die Wes-Kaap (286 volwassenes), asook by Botshabelo en Heidedal in die Vrystaat (48 volwassenes).

SBA-programme word in samewerking met die Kunstekaap by Saron bekendgestel. Die Stigting reël drie vroueoggende in die Paarl, Ravensmead en Durbanville as deel van hulle bemagtigingstrategie.

- **Skole-geletterdheid:** *Die Burger* se *Funda!*-program bied ondersteuning vir leesontwikkeling onder graad 4-leerders aan 200 Wes-Kaapse skole. *Funda!* verskyn in 2007 agt keer.

In vennootskap met die SBA bied *Die Burger* 'n leer-en-presteer-program vir graad 10-leerders aan.

Die SBA word deur Project Literacy gekies om geletterdheidsklasse vanaf vlak 1–4 aan te bied. Ses SBA-sentrums word hiervoor geïdentifiseer by skole in Atlantis, Delft, Paarl, asook Wesbank, Valhallapark en Elsiesrivier op die Kaapse Vlakte.

## Die kunste se bydrae tot bemagtiging

'n Komediantfees (in samewerking met *Son*) se uitdunrondtes vind in September 2006 plaas by groot winkelsentrums in onder meer Athlone, Mitchells Plain, Worcester en Parow. Die wenners van die komediantfees tree by die Suidoosterfees op.

Tydens die laaste dagbestuursvergadering op 28 November 2006 fokus die vergadering op 'n vyfjaar-strategie vir die SBA.

Die SBA se visie en missie word soos volg bewoord: Die SBA i) fokus op taalbemagtiging en -gelykeberegtiging; ii) bied opleidingsprogramme vir volwassenes aan; iii) bied onderrigsteunaktiwiteite aan skole en leerders, en iv) is 'n voorstander van gehalte-moedertaalonderrig en veeltaligheid.

## 2007 se doelwitte

- Om 500 volwassenes in basiese lees- en skryfvaardighede op te lei en aan 500 volwassenes basiese beroepsvaardighede, soos spyseniering, dagsorg vir kinders, bejaardesorg en huisvlyt, aan te leer.
- Om 400 primêre skole by die *Funda!*-leesontwikkelingsprogram en 60 hoërskole by die Bravo-taalkreatiwiteitsprogram te betrek.
- Om die doeltreffende bestuur en optimale benutting van die SBA se hulpbronne te verseker, die SBA te bemark en die beeld van die SBA op alle vlakke van die samelewing uit te bou.
- 'n Au pair-kursus word vir werklose jongmense wat reeds oor 'n graad 8 of 9-kwalifikasie beskik, saamgestel.

## Die SBA vat hande vir Afrikaans

Die volgende vennootskappe beteken baie vir die bevordering van Afrikaans:

**Taalbelangeraad:** Christo van der Rheede voer samesprekings oor die stigting van 'n Taalbelangeraad en moontlike samewerking met die ATKV en SA Akademie in hierdie verband. Die SBA lewer 'n groot bydrae tot die samestelling van die konsepdokument waarin die ontwikkelingsbehoeftes van die Taalbelangeraad omskryf word en wat in *Rapport* van 19 Augustus 2007 verskyn. Die SBA-trustees

vereenselwig hulle met die doelwitte van die Taalbelangeraad en besluit eenparig om te registreer. Die loodsing van die Afrikaanse Taalbelangeraad vind uiteindelik op 23 Mei 2008 plaas.

**ATKV:** Die voorsitter en die uitvoerende hoof tree in gesprek met die ATKV oor 'n moontlike samewerkingsooreenkoms. Daar is twee opsies: i) Die SBA word met die ATKV geïntegreer, of ii) die SBA en die ATKV sluit 'n vennootskap en die ATKV kry blootstelling deur die SBA se programme.

Die vergadering besluit eenparig dat die SBA goeie verhoudings met die ATKV sal handhaaf, maar dat hulle geen samewerkingsooreenkoms met hulle sal sluit nie.

**Nasionale Afrikaanse Netwerk:** Christo van der Rheede en ander rolspelers voer gesprekke oor die stigting van 'n Nasionale Afrikaanse Netwerk wat as alternatief kan dien en ten doel het om "deur netwerking en samewerking doelgerig inhoud te gee aan die ontwikkeling van 'n selfonderhoudende, geïntegreerde en waardetoevoegende Afrikaanse gemeenskap". Christo van der Rheede en Henry Jeffreys, redakteur van *Die Burger*, sal hierdie netwerk by Media24 se Afrikaanse Sinergievergadering bekendstel.

**Gesprek oor die hoër funksies van Afrikaans:** Op Maandag 3 Desember 2007 kom Conrad Sidego, Henry Jeffreys, Christo van der Rheede onder leiding van Jakes Gerwel, voorsitter van Media24, bymekaar om die volgende te bespreek: Die SBA moet funksioneel omvorm word sodat dit die kapasiteit het om i) op 'n nierassige grondslag inhoud te gee aan die hoër funksies van Afrikaans, en ii) deelname te bewerkstellig met betrekking tot aktiwiteite wat verband hou met die uitbou van Afrikaans se hoër funksies.

In sy verslag oor die SBA se projekte in 2007, beklemtoon Christo van der Rheede die volgende:

- Daar is reeds 40 vennote betrokke by die Loopbaan-Ekspo wat tydens die Suidoosterfees aangebied word, met instansies soos UNISA en Oxford University Press wat uitstalruimte aangevra het.
- Die SBA se eerste handleidings vir volwasse geletterdheid en verryking is opgestel.
- Op 31 Januarie word die *Loopbaangids* bekendgestel by 'n spoggeleentheid waar die minister van onderwys as gasspreker optree.

## 2008 se projekte

Die SBA loods die volgende projekte:

- Die uitvoerende hoof bevestig dat die SBA moontlik na plekke soos Tulbagh, Porterville en Caledon gaan uitbrei. Conrad Sidego stel voor dat die moontlikheid ondersoek word om meer op die Kaapse Vlakte te konsentreer en met groepe soos Brasse van die Kaap saam te werk om meer gemeenskappe deur musiekprojekte te bereik.
- Die SBA is betrokke by die Afrikaanse Gospelmusiekfees ter viering van Jeugdag op Gansbaai asook by die Goedverwacht Snoek-en-Patatfees naby Piketberg.
- Die SBA sal steeds 'n ondersteunende rol by die LOK speel, aangesien die LOK 'n uitstekende geleentheid vir die SBA bied om onderwysers direk by te staan.

Die *Loopbaangids* word geskenk aan onderwysers wat die LOK-slypskole bywoon. Dié soort betrokkenheid pas in by die SBA se hoërfunksiefokus.

- Ten opsigte van fondswerwing moet finansieringsvoorstelle voortdurend saamgestel word. Die krag daarvan mag nooit onderskat word nie.
- Prestasiebonusse moet aan meetbare mikpunte gekoppel word. Conrad Sidego beklemtoon dat die personeel kontrakwerkers is en nie op diensvoordele geregtig is nie. Hulle salarisse word markverwant aangepas. Hulle moet self beding vir mediese dekking en pensioenvoordele.

***"Nog 'n jaar van omdol,<br>plant en vertroetel en siedaar!"***

By die dagbestuursvergadering van 19 Augustus 2008 meld Ton Vosloo dat die SBA se Hantam-skoleprojek, waarby twee skole in Calvinia baat vind, op groter skaal gefinansier sal word en dat die SBA in die toekoms met die finansiering bygestaan sal word.

Tydens sy laaste voorsittersrede by die 16de Algemene Jaarvergadering van die SBA op 16 September 2008, met die tema "Blom en laat blom!", sê Conrad Sidego onder meer:

> *… ywerige hande op die werkakker van geletterdheid- en vaardigheidsontwikkeling. Nog 'n jaar van omdol, plant en vertroetel en siedaar! …*
> *Duisende moontlikhede is weer eens geskep.*

Hy doen verslag oor die impak wat die SBA die afgelope jaar op mense se lewe gemaak het:

- Meer as 10 000 mense is regstreeks aan die SBA se projekte blootgestel, onder meer 500 volwassenes wat geletterdheidsklasse ontvang het en nou kan lees en skryf.
- Meer as 1 000 volwassenes het ander verrykingsprogramme bygewoon.
- Bykans 200 skole was by SBA-programme betrokke.
- Die SBA het ook 'n bres geslaan vir die hoër funksies van Afrikaans en onder meer waardevolle insette by die Afrikaanse Taalraad (ATR) gelewer om behoorlike erkenning aan die opvoedkundige waarde van moedertaalonderrig te gee.

Sidego sluit sy rede só af:

> *Blomtuin SA het ruimte vir almal. Verskeidenheid en afwisseling is 'n gegewe. Ons opdrag is dus eenvoudig: Blom en laat blom.*

**HOOFSTUK 4**

# Die boom beur boontoe

**2009-2013**

*Ons besit nie Afrikaans nie, dit besit ons.*

– Nico Botha

Die volgende paar jaar is ’n uitdagende tyd in die SBA se geskiedenis. Die besef dat die saak groter as die individu is, help die onderskeie rolspelers om met opgeskerpte verantwoordelikheid en nuwe oë na die taak voor hulle te kyk, die moue op te rol en die pik, graaf en snoeiskêr stewig vas te vat. Steggies word gemaak. Daar kom eenjaarplantjies en meerjarige struike op. Én bome wat geleidelik hulle wortels al dieper in die vaste aarde instoot. Ná 17 jaar is die SBA-grond met sy unieke bome, beddings en randakkertjies gevestig.

Dit is nou die Stigting se verantwoordelikheid om toe te sien dat alles groei en gedy. Op 17 Februarie 2009 neem die dagbestuur onder leiding van Biebie van der Merwe as voorsitter die volgende besluite:

- Die SBA se doelwitte moet as meetbare doelwitte herskryf word. Die SBA moet oor sy fokus herbesin en die begroting en programuitleg dienooreenkomstig aanpas.
- Daar moet meer op programme soos *Funda!* en skoolgeöriënteerde projekte gefokus word, en minder op volwasse geletterdheid waarvoor die aanvraag minder is.

## Zoë-Tuisleesprojek

Die Zoë-Tuisleesprojek – wat vanaf 2017 ’n SBA-vlagskipprojek is – is op 21 September 2010 aan die trustees voorgelê en in 2011 geloods. Dié projek fokus op 4–9-jariges in geletterdheidsbehoeftige gemeenskappe en help hulle om reeds op ’n vroeë ouderdom deur storievertelling en voorlees ’n liefde vir lees te ontwikkel. Die projek vorm deel van die SBA se Dagsorgopleidingsprojek, waardeur leestannies opgelei word om op hulle beurt die Zoë-Tuisleesprojek in gemeenskappe voort te sit.

Betrokke vennote is NB-Uitgewers, Lapa (uitgewers), *Rapport*, *Kuier* (’n tydskrif) en die WKOD, met die Dagbreek Trust wat onderneem om die projek te finansier. Aanvanklik word die boeke teen 33% afslag van NB-uitgewers en Biblionef bekom.

In die projek se loodsingsjaar word bykans 900 kinders bereik. Daarna brei dit steeds uit en bereik kinders tot in Augrabies, Gariep, Kalksloot, Upington en Leseding in die afgeleë Noord-Kaap.

In Augustus 2013 word 2 687 kinders op die Kaapse Vlakte en die Wes-Kaapse platteland by die Zoë-projek betrek, met 43 tuisleesmammas, 39 skole, 270 opvoeders en 10 fasiliteerders wat by die projek aansluit. In die Noord-Kaap staan die getal kinders op 1 116.

Aan die einde van 'n termyn word sertifikaatplegtighede vir fasiliteerders én die kinders gehou.

## *Funda!*

Daar verskyn jaarliks agt *Funda!*-uitgawes in *Die Burger*, maar as gevolg van 'n tekort aan finansiële steun word die oplaag van 8 000 *Funda!*-bylaes na 5 000 verminder om binne die begroting te pas. Die implikasie is dat daar nou slegs 200 in plaas van 350 skole van gratis leer- en leesmateriaal voorsien word.

## XhosAfrika-netwerk

Tydens die Algemene Jaarvergadering op 21 September 2010 word bekendgemaak dat die XhosAfrika-netwerk – wat deur die SBA geïnisieer is – in Julie 2010 onder leiding van PanSALB tot stand gekom het.

## Leesontwikkelingsklasse

In 2013 is die SBA aktief by 15 skole werksaam en beplan om uiteindelik 18 skole by die projek te betrek. As deel van dié projek rig die SBA klein biblioteke op by twee van hulle projekskole, naamlik Noordhoek Primêr in Velddrif en Panorama Primêr in Vredenburg. Me Kobie Kitshoff, leeskundige by die Direktoraat Beleidskoördinering van die WKOD, bied ook 'n Leesontwikkeling-slypskool vir fasiliteerders aan. Die temas wat sy belig, sluit die benadering tot taalonderrigvaardighede van 'n huistaal in die grondslagfase en die leesproses in die intermediêre fase in.

## Spelkompetisies

In 2011 is die SBA betrokke by 'n suksesvolle spelkompetisie. Die aanvraag vir sulke kompetisies is groot en in 2012 word 'n Nasionale Spelkompetisie deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns in samewerking met die SBA gereël. Skole in die Wynlandonderwysdistrik hou die Korrek! Spel- en Vasvra-kompetisie, wat ten doel het om graad 7-leerders se geletterdheidsvaardighede te verhoog en onderwysers van innoverende onderrigmetodes bewus te maak.

## Internasionale Moedertaaldag

In 2012 is die SBA betrokke by 'n groep graad 4-leerders van Vergenoegd Primêr, Delft, wat na die Kunstekaap gebring word. Daar word hulle deur voorlesings en selflees bewus gemaak van hoe belangrik lees is. In 2013 bied die SBA in

samewerking met die Vriende van Afrikaans 'n leesprogram by Petunia Primêre Skool in Kraaifontein aan om Internasionale Moedertaaldag te vier.

## Wiskunde as hooffokus in 2012–2013

Terwyl die SBA in die verlede hoofsaaklik op leesvaardighede en geletterdheid gefokus het, groei die besef dat daar 'n groot gaping tussen wiskunde in graad 7 en graad 8 is. Leerders verstaan nie die Engelse wiskundige begrippe nie en raak moedeloos. Die resultaat is swak uitslae en die agteruitgang van wiskunde in skole. In 'n poging om leerders se taalvaardighede in wiskunde as vak te help bevorder, loods die SBA verskeie projekte.

**Wiskunde-olimpiade vir graad 7-leerders:** In Julie 2012 bied die SBA dié Afrikaanse Wiskunde-olimpiade aan. Dit word deur meer as 400 graad 7-leerders van skole aan die Weskus en in die Overberg, Wynlande en Metro-Oos bygewoon.

**Woeker met Wiskunde – Wiskundekongres vir Afrikaanse wiskunde-onderwysers:** Dié kongres word op 4–6 Oktober 2012 in Oudtshoorn gehou. 110 onderwysers van oor die hele Wes-Kaap woon die kongres by. Die hoofdoel is om kreatiewe oplossings te vind om knelpunte in wiskundeonderrig op te los en leiding te gee ten opsigte van tegnologie en klaskamertegnieke. Dit is 'n eerste tree om gestalte te gee aan die SBA se visie om gehalte-onderrig in wiskunde te verseker en die slaagsyfer te verhoog. 'n Verdere doel van die kongres is om onderwysers te bemagtig.

**Wiskundekongres vir Afrikaanse laerskoolonderwysers:** 'n Wiskunde-kongres vir 216 laerskoolwiskundeonderwysers word op 4–5 April 2013 by die Fakulteit Opvoedkunde van die US aangebied waar Donald Grant, minister vir onderwys in die Wes-Kaap, as spreker optree.

**Einsteinprogram:** Die Wiskunde-olimpiade se 30 toppresteerders woon in 2013 'n dagprogram by waar 'n intensiewe wiskundeprogram aangebied word.

## Kaaps in fokus

In 2012 hou die SBA in samewerking met die UWK en die Vlaamse Universitêre Raad die Kaaps in Fokus-simposium. Referate word onder andere deur prof Hein Willemse, dr Michael le Cordeur en die skrywer, Anastasia de Vries, gelewer. Die sprekers is dit eens dat Kaaps nie 'n afsonderlike taal is nie, maar 'n variëteit van Standaardafrikaans. Hulle wys ook op die streeksgebondenheid van Kaaps en die werkersklas as oorheersende groep sprekers daarvan. Prof Frank Hendricks van die Departement Afrikaans en Nederlands aan die UWK doen 'n beroep op die onderwys om te help met die destigmatisering van Kaaps.

'n Uitvloeisel van hierdie simposium is 'n byeenkoms vir onderwysers van hoërskole op die Kaapse Vlakte. Dit word aangebied in samewerking met WAT, met die doel om uiteindelik woorde uit Kaaps by die WAT in te sluit. Dr Willem Botha, die hoof uitvoerende redakteur van die WAT, lei die gesprek.

## Geletterdheidsprogramme en vaardigheidsopleiding vir volwassenes

**Volwassegeletterdheidsprogramme:** Met die bekendstelling van die geletterdheidsprogramme vir volwassenes in 2009 sê Christo van der Rheede: "Opleiding vir die arbeidsektor het ten doel om aan die studente 'n nuwe vaardigheid te leer terwyl hulle ook Afrikaans beter leer lees, verstaan en praat. Aandag word gegee aan hulle selfvertroue en kommunikasievaardighede, sowel as voorkoms."

Drs Hendrik Theys, 'n direksielid, pleit vir die voortbestaan van hierdie inisiatief aangesien dit in ooreenstemming met die bepalings van die SBA se statute is.

In 2012 staan die getal studente wat aan die geletterdheidsprogramme vir volwassenes deelneem op 369.

**Vaardigheidsopleiding vir volwassenes:** Dit sluit in opleiding in skoonheidskunde, lewens- en handvaardighede en dagsorg. Die doel van die dagsorgkursus is om vroue te bemagtig en te help om 'n inkomste vir hulleself te genereer. Dit sluit in vroue met kleuterskoolkinders, vroue wat as kleuterskoolassistente wil gaan werk en vroue wat hulle eie dagsorgsentrum wil begin. Die positiewe invloed wat hierdie opleiding op mense se lewe het, blyk uit die opmerking van een van die studente: "Ek is nou vir die eerste keer lief vir myself en ek voel nie meer minderwaardig nie. Ek deel meer drukkies uit en prys my kinders meer."

## Noord-Kaap-Ontwikkelingsinisiatief

Die SBA, die AHI, Carstens Boerdery en die Noord-Kaapse Onderwysdepartement is vennote in 'n ontwikkelingsinisiatief by Kanoneiland naby Upington. 'n Simposium oor skoolleierskap en bestuur, met die fokus op die uitdagings in die onderwys, word in 2012 aldaar gehou.

## Boeke, boeke en nog boeke

Boeke is 'n onontbeerlike hulpbron in die SBA se projekte en programme.

**Verklarende woordeboeke:** Die SBA ontvang 600 Afrikaanse verklarende woordeboeke van Oxford University Press om by skole te versprei. Tydens die oorhandigingsgeleentheid op 20 September 2012 sê dr Dirk Brand: "Hierdie skenking van Oxford University Press is 'n belangrike belegging in die opvoeding van jongmense en 'n belegging in die toekoms."

Die woordeboeke word by voorkeur geskenk aan skole waar Afrikaans as Eerste en Tweede Addisionele Taal aangebied word. Skole tot in Port Elizabeth en Lenasia word deur hierdie projek bevoordeel.

**Wêreldboekedag:** Op hierdie spesiale dag in 2012 en 2013 besoek die SBA en leerders uit projekskole op uitnodiging die Van Schaik Boekwinkel in Parow. Elke leerder ontvang 'n geskenkpakkie met 'n boek. 'n Program word aangebied waartydens fasiliteerders tegnologiese nuutjies, soos e-boeke, bespreek.

**FAK/SBA-sangbundelprojek:** Die FAK skenk 50 kopieë van die jongste uitgawe van hulle sangbundel aan die SBA om te versprei by skole waarby die

Stigting betrokke is. Op versoek van die FAK word nóg 30 skole by dié lys gevoeg. 'n Oorhandigingsbyeenkoms word op 8 November 2013 by die Kunstekaap gehou. Musiekonderwysers van Mitchells Plain, Eersterivier, Delft, Kraaifontein, Kuilsrivier en Bishop Lavis ontvang die sangbundels namens hulle skole.

***"Gebrek aan hulpbronne en blootstelling aan boeke dra by tot die swak geletterdheidsuitslae."***

**Skoolbiblioteke:** Danie van Wyk, die hoof uitvoerende beampte vanaf 2012, woon die amptelike opening van Oceanview Primêr se skoolbiblioteek by, wat die skool op eie inisiatief tot stand gebring het. Die Panorama Primêre Skool in Vredenburg is ook besig met die vestiging van 'n skoolbiblioteek. In 2013 berig 'n SBA-projekfasiliteerder van skoolbiblioteke: "Gebrek aan hulpbronne en blootstelling aan boeke dra by tot die swak geletterdheidsuitslae."

**Boekeskenking:** Dié projek is geïnisieer as toevoeging tot die SBA se leesontwikkelingsprogram. Die skenkings vul skoolbiblioteke se voorraad aan. Boeke word onder andere deur NB-Uitgewers, Biblionef en Lapa geskenk en deur die SBA gegee aan 18 skole wat almal by die SBA se leesontwikkelingsinisiatiewe betrokke is. In 2012 word Klaas Voogds Primêr buite Robertson van HAT-skoolwoordeboeke, tweetalige woordeboeke en leesboeke voorsien.

## Elke druppel tel

In haar voorsittersrede tydens die SBA se 17de Algemene Jaarvergadering op 22 September 2009 sê Biebie van der Merwe:

> *Ondanks die feit dat die SBA-programme elke jaar meer as 10 000 mense bereik, is ons maar te bewus dat dit 'n druppel in die spreekwoordelike emmer is. In 2000 het die organisasie besef dat 'n groot deel van die sprekers van Afrikaans uitgesluit word, omdat hulle nie by magte is om goed te funksioneer in 'n wêreld van letters en woorde nie. Die klem het dus al hoe sterker begin val op ontwikkelingsaksies.*
>
> *Maar ons moet steeds pleitbesorgers daarvoor bly dat Afrikaans vir sy sprekers 'n intellektuele ruimte skep. Dit sal voorwaar 'n tragedie wees as filosowe en wetenskaplikes, ekonome en ingenieurs nie meer in hulle eie taal kan skryf oor hulle vakgebied en idees nie.*

## Die SBA en elektroniese ontwikkeling

Tussen 2009 en 2013 vind heelwat elektroniese ontwikkelinge tot voordeel van die SBA plaas.

- LitNet Akademies blyk 'n waardevolle bondgenoot te wees. In 2008 en 2009 word 'n portaal op die LitNet Akademies-webtuiste geskep waar SBA-werksaamhede en -kwessies gereeld bespreek word.
- In 2010 word Ria Olivier aangestel as die ATR se verteenwoordiger. Die SBA verskaf die kantoorruimte. Die SBA betaal ook die helfte van haar salaris sodat sy met die webmeester van die SBA-webblad kan kommunikeer en sekere opdaterings self kan doen. 'n Borgskap van Naspers is genoeg om die kantoorkoste te dek.

- Op 17 Augustus 2010 skep die SBA 'n Facebook-profiel. Die voordeel hiervan is onmiddellike reaksie en moontlike vennootskappe. Daar word benadruk hoe belangrik dit is dat daar 'n skakel vanaf die webwerf na Facebook moet wees.
- Op 16 November 2010 stel Christo van der Rheede die SBA se webwerf deur middel van 'n PowerPoint-aanbieding bekend.
- *Funda!* word aanlyn beskikbaar ná die opdatering van die SBA-webwerf in 2010.
- In 2012 word daar by slypskole oor taalonderrig en nuwe onderrigmetodes aan onderwysers gedemonstreer hoe byvoorbeeld selfone in die klaskamer en rekenaartegnologie in letterkunde gebruik kan word.

## Die SBA sprei sy takke nóg verder

Die SBA raak weer betrokke by oorsese gesprekke en konferensies met die doel om borgskappe en fondse te bekom.

**Rondetafelgesprek Antwerpen:** Tydens hierdie geleentheid in 2009 smee Christo van der Rheede heelwat nuwe bande. Daar word ook voorstelle gemaak oor samewerkingsprojekte. 'n Voortsettingskomitee onder leiding van mnr Ludo Helsen, gasheer van die konferensie, word saamgestel. In November 2009 word berig dat die Provinsie Antwerpen 'n borgskap vir die skoleleesprogram toegestaan het. Biebie van der Merwe stel voor dat oorsese borgskapppe een skool volledig vir een jaar borg om so terugvoering te vergemaklik.

**Rondetafelkonferensie Amsterdam:** By hierdie konferensie in 2010 word gefokus op vennootskappe met die NZAV en Marnixring wat ten doel het om kulturele bande tussen Suid-Afrika en Nederland te bevorder en Afrikaanssprekende onderwys en Afrikaanse opleidingsprojekte te ondersteun. Voortspruitend uit die konferensie ontvang die SBA besoek van 'n aantal Vlaamse en Nederlandse belangstellendes, onder andere mev Cathy Berx, goewerneur van Antwerpen. Aan die einde van 2010 besoek Belgiese belangstellendes SBA-skole in Bishop Lavis waar die voorsitter, Dirk Brand, die positiewe uitwerking van die projekte op leerders en onderwysers uitlig.

**Verdere kontak:** In Februarie 2011 word Christo van der Rheede genooi om die Vlaamse parlement toe te spreek. Die Vlaamse parlement dek sy vlieg- en verblyfkoste. Dr Johan Beke van Gent voer ook in Stellenbosch 'n gesprek oor samewerking tussen die SBA en ander Belgiese organisasies om onderwys in Suid-Afrika te verbeter. In 2013 word die SBA ongelukkig in kennis gestel dat die Nederlandse ambassade en Vlaamse regering nie meer gewillig is om die SBA te finansier nie.

**Pole:** Vroeg in 2013 besoek 'n groep studente wat Afrikaans aan die Adam Mickiewicz Universiteit in Poznań, Pole, studeer die SBA. Hulle raak betrokke by 'n dagsorgprojek en besoek die SBA-kantoor.

## Die SBA en die kunste van 2009 tot 2013

Danksy die entoesiasme en betrokkenheid van een van die trustees, Marlene le Roux, direkteur vir Gehoorontwikkeling en Opvoeding by die Kunstekaap, kom die belang-

rikheid van die kunste as rolspeler in die bemagtiging van mense opnuut na vore. Ses vennootskappe word vir kultuurprojekte gesluit, onder meer met PanSALB en die ATKV, vir produksies soos die SBA se dramaproduksie *Kap'An.* Laasgemelde word opgevoer by die Suidoosterfees en Goedverwacht se Snoek-en-Patatfees – feeste wat op opkomende Afrikaanse kunstenaars fokus.

Marlene le Roux bevestig dat die Kunstekaap weer in vennootskap met SBA sal tree om matriekleerders gratis na toneelopvoerings van hul voorgeskrewe boeke te bring.

Soos met vorige geleenthede word leerders in 2012 na die Suidoosterfees vervoer om na produksies soos *My naam is Ellen Pakkies* en *Jonas* te kyk. Meer as 500 leerders uit Mitchells Plain en Worcester woon die produksies by. Van die kommentaar was: "Baie dankie. Jy het kinders bly gemaak en hulle vir 'n wyle uit die hel van Mitchells Plain verwyder."

## Nog 'n bestekopname

Na aanleiding van 'n verslag oor die SBA se werksaamhede neem die dagbestuur op 16 Februarie 2010 onder meer die volgende besluite:

- Dit is belangrik om te bly fokus op geletterdheid en verbandhoudende opvoedingsaksies.
- Loopbaangidse in Afrikaans vul 'n belangrike leemte aangesien dié materiaal vroeër net in Engels beskikbaar was. Dit kan tot 'n inkomste-genererende projek omskep word.
- 'n Vlagskipprojek, of selfs meer as een, moet ernstig oorweeg word.
- Die uitvoerende hoof sal kyk hoe 'n gekonsolideerde toepassing van al die programme in spesifieke skole oor etlike jare toegepas kan word.
- Daar moet 'n balans gehandhaaf word tussen programme wat in spesifieke gemeenskappe geïmplementeer word en programme wat ten doel het om op groot skaal op een faset 'n impak te maak en waarby baie skole betrek word.

Tydens die 18de Algemene Jaarvergadering op 21 September 2010 lewer Biebie van der Merwe haar laaste voorsittersrede. Sy sê onder meer: "Die uitvoerende hoof en sy span het meer as 50 000 skoliere, 1 000 onderwysers en 800 volwasse leerders bereik."

Sy belig ook die sukses van die leeshulpklasse: "Die SBA het oud-onderwysers as leesfasiliteerders by 22 skole in die Wes-Kaap geplaas. Sistemiese evaluering wat vóór en ná die leeskursus gedoen is, het getoon dat elk van die 1 100 kinders wat aan die leeskursus deelgeneem het, minstens twee leesvlakke verbeter het, terwyl sommige tot die hoogste leesvaardigheidsvlak vir hulle ouderdomsgroep gevorder het."

Die statistiek is maar een kant van die munt. Die ander kant is die impak wat hierdie projekte op baie mense het en die rol wat dit speel in hulle selfverwesenliking en die ontsluiting van hulle ekonomiese moontlikhede.

Op 20 September 2011 tree Ton Vosloo, wat tereg "die vader" van die SBA genoem kan word, ná 20 jaar uit. Dr Dirk Brand, die nuwe voorsitter, bedank hom met hierdie woorde:

*Dankie vir u visie en waagmoed om in onseker tye 'n baken van hoop te vestig. Dankie dat u deurgaans sterk strategiese leiding gegee het en die rigting van die SBA help vorm het. Dankie vir die gesonde finansiële basis wat u deur u verbintenis met Media24 gevestig het en wat die werk van die SBA ondersteun.*

## Vars bries

Op 27 Januarie 2012 word mnr Danie van Wyk as nuwe hoof uitvoerende beampte verwelkom by die eerste dagbestuursvergadering in die nuwe SBA-kantoor in die Tijgerpark-gebou. Daar waai 'n vars bries van optimisme en werkywer deur die SBA.

Danie van Wyk het heelwat voorstelle vir nuwe projekte, waaronder radio-onderhoude en onderhoude met nasionale en streekskoerante asook tydskrifte. Hy reël verder ontmoetings met prominente individue en instansies.

2012 bring egter ook sy eie uitdagings.

## ANC/Afrikaans-dialoog

Die SBA is een van 19 organisasies, akademici, sakeleiers en kerkleiers wat deur die regering genooi word om insette van Afrikaanse gemeenskappe te kry vir die daarstelling van 'n inklusiewe Suid-Afrika om 'n gemeenskaplike toekoms te bou waarin alle gemeenskappe vertroue kan hê en hulleself ten volle kan uitleef. Die SBA word deur Hein Willemse, Marlene le Roux en Danie van Wyk verteenwoordig.

## SBA: die waghond van moedertaalonderrig

Na aanleiding van 'n mediaverslag van die Departement van Basiese Onderwys wat beweer dat moedertaalonderrig nié so belangrik is nie, stel Michael le Cordeur 'n verslag op oor die belangrikheid daarvan. Daar is toenemende kommer dat dit nie net in die stede en plekke soos Mitchells Plain is waar verengelsing voorkom nie, maar ook op die platteland.

Gemeenskappe moet op praktiese maniere ingelig word oor die voordele van moedertaalonderrig, onder meer deur die SABC-onderwys en dokumentêre films. Sandra Prinsloo stel voor dat die teater gebruik word om "harte en koppe te verander" en dat kinders self teaterstukke moet skryf en opvoer.

Die SBA moet help verhoed dat 'n gebied soos Mitchells Plain 'n tweede-taalgemeenskap word as gevolg van toenemende verengelsing. Danie van Wyk beklemtoon:

*Dis 'n uitdaging om maatskappye aan boord te kry om SBA-projekte te befonds. Die politieke afkeer van Afrikaans, die marginalisering van Afrikaanssprekendes en soms blatante diskriminasie teen Afrikaanssprekendes moet teengewerk word. Van ons grootste vennote is Afrikaanse onderwysers, skole, die jeug en volwassenes wat ons programme bywoon. Hierdie ondersteuningsbasis moet beskerm en uitgebou word. Daar moet ook gesorg word dat hulle lojaliteit verdiep.*

## Voorgestelde SA Talewet

By ’n trusteevergadering op 6 Maart 2012 spreek Dirk Brand hom uit teen ’n klousule in die SA Talewet waardeur drie amptelike tale geïdentifiseer moet word, waarvan twee inheemse tale moet wees wat vroeër verskraal en benadeel is. Dit sluit Afrikaans uit. Die sinvolste aksies moet geneem word om Afrikaans as amptelike taal te beskerm en te bevorder. Hy doen ’n voorlegging aan die parlement wat onder meer hierdie voorstelle vir bepalings in die wetsontwerp bevat:

- ’n spesifieke doelwit ter ondersteuning van meertaligheid
- spesifieke bepalings oor die bevordering van veeltaligheid.

## Spitsberaad oor die krisis in die onderwys

Die SBA in samewerking met die ATKV hou in 2012 ’n spitsberaad oor die haglike situasie in die onderwys. Van die knelpunte wat uitgelig word, is gebrekkige handboekvoorsiening, swak administrasie, die vervalle toestand van baie skoolgeboue, die gebrek aan leermateriaal en dissiplinêre probleme onder leerders en onderwysers. Tog gaan voortreflike onderwys voort waar die nodige wil daarvoor bestaan, ondanks ernstige leemtes in die onderwysstelsel. Chris Klopper van die SAOU maan teen die kaping van Afrikaans. Daar is eenstemmigheid dat die gesprek uitgebrei moet word en dat die burgerlike samelewing, insluitende die kerk, kollektiewe verantwoordelikheid moet aanvaar om gehalte-onderrig terug te bring na ons skole en universiteite.

Die voorsitter en die HUB voer ’n onderhoud met die minister van onderwys in die Wes-Kaap, mnr Donald Grant, oor SBA-projekte, asook die probleem van verengelsing van die WKOD.

By die 20ste Algemene Jaarvergadering op 14 September 2012 sê Dirk Brand in sy voorsittersrede met die tema “Maak drome werklikheid”:

> *Die SBA se fokus is om die potensiaal van mense te help ontsluit. In die 20ste bestaansjaar van die SBA dink ons terug aan visionêre leiers wat die organisasie begin het en twee dekades lank daaraan gebou het. In Afrikaans en deur Afrikaans is dit moontlik om jou drome werklikheid te laat word.*

## MOI-goedkeuring

Op 14 September 2012 lig Dirk Brand die Raad van Trustees in dat Memorandum van Inkorporasie-goedkeuring aan die SBA toegestaan is. Volgens die MOI-dokument is “die hoofoogmerk van die SBA bemagtiging, opleiding en opvoeding van sprekers van Afrikaans deur die bevordering en bewaring van die Afrikaanse taal”. Die SBA bestaan uit twee entiteite, naamlik die Afrikaanse Geletterdheidstrust, wat die beleggingsbeen van die organisasie is, en die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans NPC, ’n niewinsgewende maatskappy wat die bedryfsorganisasie is. Die direkteure van die maatskappy is ook die trustees van die trust.

## Die SBA as organisasie

Die SBA se kantoorpraktyk en finansiële riglyne word volledig uitgestippel en in ’n dokument vervat.

Tydens ’n strategiese beplanningsessie in 2013 word die organisasie se sterk- en swakpunte noukeurig ondersoek en deeglike besinning en beplanning vir die pad vorentoe gedoen. Die volgende hoofpunte word uitgelig:

*Intern* beskik die SBA oor die volgende sterkpunte:

- ’n gevestigde organisasie, met sterk visie en missie
- ervare kundigheid
- aanpasbaarheid
- vertrouensverhouding met borge
- hulp van borge met onder meer diensopleiding
- goeie verhouding met WKOD en onderwysdepartemente.

Tekortkomings wat belig word, hang saam met die bemarking van die SBA, die klein personeelkorps en finansies.

*Ekstern* beskik die SBA oor die volgende sterkpunte:

- die Mitchells Plain-projek
- die samewerking met NRO’s in die Naspers-stal
- die uitbou van bedrywighede en programme in die Noord- en Oos-Kaap.

Tekortkomings en negatiewe punte wat belig word, sluit in:

- organisasies wat die SBA-programme wil kaap
- die veranderende taalomgewing en negatiewe gesindhede teenoor Afrikaans
- die finansiering van individuele programme.

## Bakens van hoop

Die tema van Dirk Brand se voorsittersrede op 18 September 2013 is “Bakens van hoop”. Hy haal Albert Einstein aan: “Leer uit gister. Leef vir vandag. Hoop op môre.”

Hy meld dat 2012 se nasionale assessering vir geletterdheid en syfervaardigheid onder meer toon dat

- leerders nie met begrip lees nie
- baie leerders nie sinvolle skryfwerk lewer nie
- leerders se taalvaardigheid en spelvermoë swak is.

Hy vervolg:

> *Die hoofoogmerk van die SBA volgens die MOI is “bemagtiging, opleiding en opvoeding van sprekers van Afrikaans deur die bevordering en bewaring van die Afrikaanse taal …*
>
> *Die SBA is dus, reeds sedert die stigting daarvan 21 jaar gelede, besig met ’n diens aan die gemeenskap wat spreek tot die hart van die nasionale doelwit van ’n behoorlike opvoeding vir almal – soos nou beskryf is in die nasionale Ontwikkelingsplan. Die verslag oor nasionale assesserings in skole onderstreep weer eens dat daar ’n groot leemte in die opvoedingstelsel is. Die manier waarop ons hierdie uitdaging antwoord, verander mettertyd. Dit verander egter nie aan die kernfokus van die SBA nie …*

*Dit was 'n moeilike jaar vir die SBA. Finansiële bestuursprobleme en daling in donateursbydraes het die SBA onder baie druk geplaas en waarskynlik ook 'n negatiewe effek op die SBA se beeld gehad. In die lewe van enige organisasie is dit soms nodig om moeilike besluite te neem om probleme op te los en om nuwe rigting aan 'n organisasie te gee. Die SBA beleef nou so 'n tydperk.*

*Daar is egter ook baie goeie-nuus-stories. Een kind wat kan lees, omdat hy of sy in 'n leesgroepie van die SBA was of aan een van ons skoleprojekte deelgeneem het, maak 'n verskil en bied hoop vir die toekoms. Een opvoeder wat met passie 'n klas kan meevoer met goeie onderrig, bied ook hoop vir die toekoms. Goeie skole is bakens van hoop in 'n see van middelmatigheid en probleme in Suid-Afrika.*

Met die werk wat in verskillende dele van die gemeenskap gedoen word om mense te bemagtig in Afrikaans, staan die SBA ongetwyfeld uit as 'n Baken van Hoop.

HOOFSTUK 5

# Die appelboom blom

## 2014-2019

*Soos ryp appels in my hande*
*wil ek die woorde van my taal*
*vashou en blinkvryf*
*knarsend kou en*
*luister na die klanke*
*helder, oop, mooi*
*appelbloedbloedrooi*

*my taal waarin ek troos*
*my taal waarin ek bid*
*dié taal wat kruisbeen*
*in my binnekamers sit*

– Elizabeth Kendall, "My taal"

Ná 'n swaarkry-seisoen gaan die SBA vanaf laat in 2014 'n tyd van vrugdra binne.

By die 22ste Algemene Jaarvergadering op 13 Oktober 2014 is die tema van Dirk Brand se voorsittersrede "SBA op die pad na vernuwing – INNOVEER, HERSKEP, GROEI". Hy sê:

> *Ons betree nou 'n nuwe fase en moet ná twee dekades [...] met 'n nuwe dinamika – gebou op entoesiasme en innovasie – die toekoms aanpak. Ons moet bou op die suksesse van die verlede, maar tred hou met die veranderinge in die omgewing, veral tegnologiese veranderinge, en 'n stewige basis lê vir die volgende dekade.*
>
> *Dit is my visie dat die SBA 'n huishoudelike naam sal wees in elke skool waar Afrikaans in die Wes-Kaap onderrig word, en dat die SBA die onbetwiste leier op die gebied van vernuwende bemagtiging in Afrikaans sal wees. Kreatiwiteit en innoverende denke is nou nodig om in 'n snel veranderende wêreld relevant te wees en te bly.*

Dr Niel le Roux, die nuwe hoof, sluit in September 2014 by die SBA aan. Hy stel 'n bestuursplan vir die dag-tot-dag-bedryf van die SBA op. Kostebesnoeiing is 'n baie

hoë prioriteit in hierdie nuwe bedeling. Alle onnodige uitgawes en bankkostes word uitgeskakel en bankrekeninge word voortaan deur een bank hanteer. Kerine Havenga van Rademeyer Wesson is die rekenmeester en Riacco van As van die ouditeursfirma Henri Grové en Vennote, die ouditeur.

***"Dit is my visie dat die SBA 'n huishoudelike naam sal wees in elke skool waar Afrikaans in die Wes-Kaap onderrig word."***

'n Nuwe kantooradministrateur, Bianca Greeff, word aangestel en 'n omvattende kantoorreglement word opgestel. In hierdie reglement word pligte, magte, oortyd, prestasiebonusse, reiskoste, verblyf- en dagtoelaes, bewyse van uitgawes en aankope, en so meer, duidelik uiteengesit. Die reglement laat geen onsekerheid oor magte en pligte nie en bevestig dat prestasiebonusse as aansporing dien. Dit lê egter ook klem op goeie werksverhoudinge in die SBA-kantoor.

Dit is 'n tyd waarin die SBA kreatief moet dink en doen om sy handelsnaam te beskerm. Marlene le Roux is baie beslis hieroor: "Ons moet kyk na wat ons uniek kan doen. Soms is minder méér."

'n Impakstudie deur InContext help die SBA om duidelikheid te kry oor watter projekte moet voortgaan, watter gesny moet word en watter nuwes aangepak kan word.

***"Ons moet kyk na wat ons uniek kan doen. Soms is minder méér."***

Niel le Roux span van die begin af sy net wyd. Hy volg verwaarloosde kontakte op en vergader met verskeie organisasies oor hulle betrokkenheid by die SBA. Na aanleiding van die HJMNF se besluit om die moontlikheid van finansiering uit te stel tot ná 'n gesprek met die nuwe uitvoerende hoof, besoek Dirk Brand en Niel le Roux die voorsitter van die HJMNF, prof Andreas van Wyk. Die Dagbreek Trust, met dr Theuns Eloff as voorsitter, dui ook aan dat hulle graag die SBA finansieel wil steun, op voorwaarde dat die fondse vir spesifieke onderwysgerigte projekte aangewend word.

## 'n Nuwe leuse

Tydens die dagbestuursvergadering op 4 Desember 2014 lê Niel le Roux sy 100-daeverslag voor. Daar is 'n energieke doelgerigtheid om die SBA weer 'n doeltreffende organisasie te maak wat 'n impak in individue en gemeenskappe se lewe sal hê.

Die vergadering besluit dat die SBA se naam onveranderd sal bly.

Die nuwe leuse is *Sigbaar Afrikaans*.

Kort. Kragtig. En gepas.

## Oë op die horison

Aan die einde van 2014 word 'n belangrike en rigtinggewende besluit geneem wat die SBA se karakter en invloedsfeer vorentoe bepaal: *Vestig jaarliks 'n program in 'n geografiese fokusarea en verskuif dan die grensdrade.*

Die voorsitter bevestig dié visie met sy woorde: "Die SBA moet voetspore laat en nie noodwendig elke jaar in dieselfde gebied werk en sigbaar wees nie."

Drie oorhoofse programme word vir 2015 beplan waaronder al die SBA-projekte ingeskakel word:

- Kreatiewe Kunste-ontwikkeling (KKO)
- Lees is 'n fees
- Slypskole en mentorskap.

Daar word ook besluit dat daar altyd 'n gestremde fokus in projekte ingebed sal wees, soos braillering en gebaretaaltolking.

## Kreatiewe Kunste-ontwikkeling

Die KKO-projekte sluit die volgende in:

**Teaterbywoning:** Leerders woon opvoerings van hulle voorgeskrewe werke in die Kunstekaap en tydens die Woordfees by. Sewe van Media24 se Rachel's Angels skole, asook die Pionierskool vir siggestremdes op Worcester en die Athlone Skool vir Blindes, word ook betrek. Die SBA nooi 120 leerders van Skurweberg, die SBA-fokusskool by Op-die-Berg in die Koue Bokkeveld naby Ceres, na die toneelstuk *Vaselinetjie*. Dit geskied op die SBA se onkoste.

**Spesiale gebaretaalopvoering:** Dié opvoering word bygewoon deur leerders van De la Bat, Nuwe Hoop en die Pionierskool op Worcester asook St Dominicanskool vir Dowes. Die projek kry goeie mediadekking op RSG. Dit word ook die SBA se projek om Internasionale Boekedag op 23 April 2015 te vier.

Vir Marlene le Roux is die bemagtiging van hoorgestremdes 'n hoë prioriteit. Sy sê: "Afrikaans is een van die elf inheemse tale van Suid-Afrika en gebaretaal is die oorkoepelende taal en die twaalfde erkende taal."

**Storievertel-projek:** Aanvanklik begin hierdie projek onder die naam "Ouma Penvloei". Graad 8–10-leerders van die SBA se fokusskool, Skurweberg, identifiseer 'n ouma of "tweede ma" wat na hulle omsien en skryf dan hulle "Ouma"-stories neer. Die oorspronklike projek ontwikkel tot 'n besonderse storievertel-produksie wat tydens die Woordfees en die Kunstekaap Vrouefees aangebied word. Tydens die aanbieding sit besoekers in 'n ruimte waar kunswerke hang wat deur opkomende kunstenaars geskep is en die vertellers uitbeeld, terwyl die besoekers oor oorfone na die opnames van die onderskeie stories luister.

Anroux Marais, Wes-Kaapse minister van kultuursake en sport, tree in vennootskap met die SBA om spesifiek vergete stories uit die Wes-Kaapse streke deur video-opnames en kuns onder leiding van Sandra Prinsloo te dokumenteer.

**Dramaverryking:** Leerders van die SBA se fokusskole word vanaf 2015 afgerig vir die kykNET Nasionale Toneelspelkompetisie vir hoërskoolleerders. In 2017 word 12 leerders uit die Cederbergstreek gekies om aan die finale rondes deel te neem. Een van hulle, Maria Strauss van Graafwater, wen 'n borgskapbeurs om in 2018 aan Northlink Kollege drama te studeer.

## Brugbou-program

Die Brugbou-program is die breinkind van ’n direksielid, mnr Jan Mutton. Hy ontwikkel hierdie program om graad 12-leerders met die oorgang van hoërskool na tersiêre onderrig te help. Leerders moet minstens 70% in graad 11 behaal om vir die projek te kwalifiseer. Mentors wat aan die leerders toegeken word, gee raad, hulp en leiding volgens die leerders se spesifieke taalbehoeftes ten opsigte van Afrikaans. Die Brugbou-program sluit aan by die Rachel’s Angels-mentorskapprogram vir graad 11- en 12-leerders wat deur prof Rachel Jafta, Media24 se voorsitter, bestuur en deur Media24 geborg word.

Die SBA se fokusareas vir 2015 is Skurweberg Sekondêr, sowel as sekere skole op die Kaapse Vlakte en in die Stellenbosch-omgewing. ’n Totaal van 15 leerders uit hierdie skole word geïdentifiseer.

Vanaf 2016 is Brugbou ’n volwaardige projek met fokusskole wat deur die SBA gekies is en onafhanklik funksioneer, sonder die steun van Media24 se Rachel’s Angels.

Met die Brugbou-projek vind die SBA ’n nuwe nis. Die projek brei uit na skole wat Afrikaans as addisionele taal gebruik, asook na die Hessequa- en Georgeskole. TAO ondersteun en finansier die projek.

In 2017 het die Brugbou-projek reeds 85 mentees waaronder twee siggestremdes. ’n Intredeslypskool word ook by die Alta du Toit-sentrum aangebied.

**Stylboek:** Aanvanklik word Piet du Toit en Wanda Smith se *Stylboek* as Brugbou-handleiding gebruik. Die kurrikulum met sy spesifieke inhoud en uitkomstes vereis egter ’n unieke stylgids. Die SBA stel dié pasklaar gids saam, wat ook algemene wenke aan eerstejaarstudente, sowel as aanhalings in en oor Afrikaans insluit.

## Nóg brûe word gebou

Leerders van die SBA se fokusskole trek ook voordeel uit ander projekte van die Stigting. Skurweberg Sekondêr is ’n goeie voorbeeld hiervan.

**Finansiële geletterdheid:** 137 leerders van Skurweberg woon lesings oor basiese finansiële geletterdheid by, wat aangebied word deur ’n direksielid, Mari Lategan. Die projek fokus daarop om basiese vaardighede, soos die verantwoordelike hantering van ’n salaris en die opstel van ’n begroting, by leerders te vestig.

**Die Storiesprojek:** Dis ’n nuwe SBA-projek om persone ouer as 65 se unieke stories van ’n bepaalde area op video vas te vang. Dit word ook van Engelse onderskrifte en gebaretaal voorsien.

**Stap saam innie Bo-Kaap:** Met dié kleurryke pretdag in 2015 vier die SBA Afrikaansdag en samel terselfdertyd fondse vir die Brugbou-program in. Die ATR skenk ’n medalje aan elke deelnemer. In 2016 vind Stap innie Bo-Kaap op Erfenisdag plaas om Afrikaans se gedeelde erfenis met Maleise afstammelinge te erken.

## Handboeke

Die SBA is betrokke by die vertaling van handboeke vir twee spesifieke vakrigtings:

- ’n danshandboek, met die Hiemstra Trust as borg

- ’n dramahandboek, met ViaAfrika en SBA se naam en logo voorin.

Omdat daar geen landboubestuurspraktyke-handboek beskikbaar was nie, word daar een saamgestel uit lesse deur die SALOV. Die handboek word in 2017 in vennootskap met *Landbouweekblad* bekendgestel.

## Tegnologie

- Die nuwe cool en hip webtuiste van die SBA – www.sbafrikaans.co.za – wat in 2015 afgerond word, is by uitstek ’n platform waarby die jeug aanklank vind. Dit is tans ook in Engels en isiXhosa beskikbaar.
- ’n Facebook-, Twitter- en Instagram-profiel word geskep.
- Die SBA se hutsmerk is *#sigbaarAfrikaans.*

## Vaandeldraers

In Niel le Roux se verslag van Junie – Augustus 2015 bepleit hy die voortbestaan van die Zoë- en *Funda!*-projekte in 2016. Hierdie projekte is vaandeldraers van die SBA en ’n gebrek aan fondse kan beteken dat hierdie inisiatiewe noodgedwonge tot ’n einde sal kom.

**Zoë-Tuisleesprojek:** Sowat 1 800 leerders uit die Stellenbosch-omgewing word in 2015 betrek by hierdie projek wat deur die HJMNF geborg word. Die DG Murray Trust is die borg by skole in Kuilsrivier, Bonteheuwel, Blue Downs, Steenberg en Witzenberg-munisipaliteit waar ongeveer 1 980 kinders deel van die leesprojek is. Terugvoering bevestig die noodsaak en behoefte aan die Zoë-projek.

***Funda!*** is ’n bemagtigingsinstrument en moet behou word – elektronies én in gedrukte formaat. In 2019 word tien lesse uit vorige jare se *Funda!*-bylaes saamgestel en in ’n bundel gepubliseer. Ter viering van Internasionale Moedertaaldag word dit onder meer by laerskole op Struisbaai, Waenhuiskrans en Elim uitgedeel.

## Blootstelling en fondse

**Die Mosselbaai-Wiskundekongres**, wat deur PetroSA gefinansier word, is ’n klinkende sukses en ’n deurbraak vir die SBA in die Mosselbaaistreek. Die SBA word aktief bemark deur baniere, pamflette wat aan kursusgangers uitgedeel word, verskeie koerantberigte en artikels, asook ’n radio-onderhoud met die voorsitter op die plaaslike radiostasie. Só word daar gesorg dat die SBA ’n huishoudelike naam met ’n positiewe konnotasie word.

## Positiewe terugvoering

Aan die hand van die King-verslag gee Dirk Brand terugvoering oor die goeie korporatiewe bestuur van ’n niewinsgewende organisasie. Van die beginsels wat vir so ’n organisasie geld, is deursigtigheid en verantwoordbaarheid omdat daar met ander mense se bates en fondse gewerk word. Volgens die King-verslag kom die SBA vanaf 2014 hierdie beginsels na. In hierdie verslag is komitees binne ’n direksie ’n riglyn, en nie verpligtend nie. Indien daar nie komitees is nie, moet besluite verduidelik

kan word. Die SBA is 'n klein organisasie met een subkomitee, die dagbestuur. Die dagbestuur en die direksie vervul die rol van 'n ouditkomitee.

## 'n Nuwe voorsitter

By die 23ste Algemene Jaarvergadering van die SBA op 1 September 2015 tree Dirk Brand as voorsitter uit. Marlene le Roux word in sy plek verkies. Tydens sy laaste voorsittersrede met die tema "Energie in Afrikaans", noem hy dat 'n krisis dikwels die geleentheid vir vernuwing skep:

> *Die energiekrisis wat deur Eskom veroorsaak is, het kreatiewe idees vir energie-opwekking en gebruik sowel as nuwe woorde na vore laat kom. "Beurtkrag" is een daarvan. Die SBA het ook tussen 2013 en 2014 'n periode van lae energie en 'n vorm van beurtkrag beleef.*

'n Fontein van nuwe energie kenmerk nou die SBA. Die entoesiasme van die nuwe hoof en sy span is aansteeklik. Daar is al hoe groter fisiese betrokkenheid van die dagbestuur, direksie en borgskapbestuur by SBA-aanbiedings, projekte en inisiatiewe. Dit is samebindend en gee 'n saamwerk-as-span-gevoel.

## Dis kwai!

'n Hele paar projekte wat die SBA aanpak, getuig van die energie en ywer waarmee hulle 'n verskil in onderskeie gemeenskappe wil maak:

***Kwailappies:*** Dié kleurvolle en byderwetse sesmaandelikse SBA-nuusbrief verskyn vir die eerste keer in 2015, met Nelmari Kemp as vernuftige redakteur en samesteller. Die woord *kwai* is Kaaps vir "lekker". En lékker is die nuusbrief gewis! Dit is vol nuus en kleurfoto's van die SBA se aktiwiteite. Die energie, vreugde en ligvoetse Afrikaans waarmee die nuusbrokkies en artikels aangebied word, is aansteeklik. Dit skep die behoefte om op die een of ander manier deel van hierdie vrolikheid te wees.

***Afrikaans Sing!:*** In Augustus 2016 word 'n koredag om Afrikaans te vier, by Kunstekaap aangebied. Dit word deur die Dagbreek Trust geborg en sal in die toekoms altyd by 'n tema aansluit, byvoorbeeld: *Afrikaans sing! Vrouestemme,* vir Vrouedagviering 2017, *Afrikaans Sing! Jeugstemme,* om Jeugdag 2018 te vier en in 2019 *Afrikaans Sing! Movember* om klem op mansgesondheid te plaas.

**'n Wiskundekongres in Afrikaans** word deur direksielid Johan van Lill bepleit en kry die groen lig, met 'n borgskap van TAO. Onderwysers wat deur die WKOD genooi word, asook SBA-skole in die 2017-fokusarea woon dié kongres by. Die voorsitter motiveer hierdie projek met die woorde: "Die SBA se opvoedingswerk is globaal – nie net Afrikaans nie."

**Chemie-projek 2017:** Een van die strategiese doelwitte is om vennootskappe met rolspelers te sluit, sodat onderrig op alle vlakke en in alle vakke maksimaal kan geskied – in Afrikaans. Prof Michael le Cordeur aan die Fakulteit Opvoedkunde van die US speel 'n groot rol om die Afrikaanse Chemie-slypskool aan die US te reël. Vier Afrikaanse skole in Stellenbosch en Mitchells Plain, asook een skool in Kayamandi, is by die projek betrokke.

In antwoord op die behoefte aan 'n praktiese werkwinkel vir laerskoolonderwysers, veral op die platteland, word 'n werkwinkel in 2018 op Vredendal aangebied.

**Wees inklusief!** Michael le Cordeur ondersteun die Afrikaans-Onderwysprojek om onderrig in Afrikaans te versterk, maar hy voel ook sterk daaroor dat eerste- en tweedetaalsprekers nie uitgesluit moet word nie. Moedertaalonderrig vir 'n inheemse taal sal slegs wen sáám met die ander 11 landstale.

Marlene le Roux sluit hierby aan wanneer sy sê: "Die SBA kyk na nasiebou en armoedeverligting en bring gemeenskappe bymekaar. Engels en ander tale moet vir nasieboudoeleindes betrek word."

***Wikkel met werksoek*-sakgids:** Dié maklike beroepshandleiding in sakformaat word in Afrikaans én Engels uitgegee. Die teikenmark is leerders wat nie gaan studeer nie. 'n Oplaag van 5 000 word gedruk om tydens Jeugdagvieringe by die Kunstekaap, asook by ander SBA-geleenthede, uit te deel. Mnr Sivuyile Mazantsi van die Wes-Kaapse Taalkomitee versoek dat die SBA-sakgids in isiXhosa vertaal word as deel van die Wêreldvertaaldagviering op 30 September 2017. Tans is hierdie gewilde sakgids in die drie amptelike tale van die Wes-Kaap – Afrikaans, isiXhosa en Engels beskikbaar. Dit is ook in 2019 gebrailleer.

## Rede om fees te vier

- In 2016 ontvang die SBA 'n toekenning van die Wes-Kaapse Departement van Kultuursake en Sport vir die beste bydrae tot die bevordering van Suid-Afrikaanse gebaretaal of gemarginaliseerde inheemse taal van die Wes-Kaap.
- Tydens die jaarlikse oorhandigingsfunksie van die Wes-Kaapse Regering se Departement van Kultuursake en Sport op 9 Maart 2019 word die SBA vereer met die Neville Alexander-toekenning vir die beste bydrae tot die bevordering van veeltaligheid.
- Die SBA trek in 2017 van die *TygerBurger*-kantoorkompleks waar hul sedert 2015 gehuisves was, na die SBA-huis, hulle nuwe kantoor in John X Merrimanstraat 37, Bellville.
- Die SBA skaf ook hul eie tweedehandse motor aan, waarop die SBA-logo aangebring word.

In sy verslag wys Niel le Roux onder meer op die volgende hoogtepunte:

- Die SBA-bestuur woon 'n gebaretaalkursus by.
- Die SBA se sukses met sy fokus op gebaretaal, handboeke in braille en die akkommodering van mense in rolstoele tydens teaterbywoning, dra by tot borgskaptoekennings aan projekte met 'n verpligte fokus op gestremde persone.
- Baie projekte het 'n sneeubaleffek. Die SBA word gevra om die Melkhoutfonteinstories by die US Bestuurskool se toerismeberaad in Albertinia aan te bied.

## Nóg stories

Reeds in September 2014 merk Sandra Prinsloo op: "Ons kan mense net bemagtig indien hulle bemagtig wil word. Ons moet kyk hoe ons mense se denke kan verander. En om hulle denke te verander moet jy hulle harte kan verander. Dit kan nie altyd met akademiese insette gedoen word nie. Ons moet na alternatiewe maniere kyk."

Die Storievertel-projek is 'n klinkklare bewys van die waarheid van haar woorde. In 2016 word die SBA genader om volwasse dowes by die NID se stories op te neem. By die Woordfees in 2017 word agt mense se verhale as deel van die videoproduksie *Die huis van die dowe en ander stories* aangebied.

"'n Mens moet eers stil word om 'n storie werklik te hoor," sê Sandra Prinsloo by hierdie kragtige Woordfees-aanbieding.

Die klein storiestroompie wat by Skurwebergskool by Op-die-Berg ontspring het, vloei nou deur die hele Wes-Kaap: verby Melkhoutfontein, die sig- en hoorgestremdes op Worcester, Verlorenvlei aan die Weskus, tot by Kalkbaai waar die Kalkbaai-vissers, afstammelinge van Filippynse seemanne, hulle stories aan Sandra Prinsloo vertel.

Op Vryheidsdag 27 April 2019 vind die première van die stories oor die Kalkbaaivissers in die Kunstekaap as deel van die SOF plaas.

In *Kwailappies* se Junie 2017-uitgawe skryf Marlene le Roux roerend oor Afrikaans:

> *Wanneer dit kom by bemagtiging, vervaag taalgrense. Die behoeftes van ons as mense is inherent eenders, en met taal as gemene deler, kan ons [as die SBA] nie die rug keer op hierdie behoeftes nie. In plaas daarvan om skeiding te bring, glo die SBA dat taal verenig – dat my huistaal, jou addisionele taal raak; dat my grootmaaktaal, jou werkstaal is; dat jóú moedertaal op my lippe val en uiteindelik ook mý hart kan raak.*

## Twee tameletjies

### ATR-Lidmaatskap

Dat 'n politieke party en organisasies met uitgesproke sentimente lede van die ATR is, is nie vir die SBA aanvaarbaar nie. Daardeur word die SBA as ATR-lid aan die bepaalde sienswyses gekoppel. Ná vele vergaderings met die ATR en tussengangers oor 'n tydperk van twee jaar beëindig die SBA in 2018 sy verbintenis met die ATR.

### Geletterdheidstrust

Tydens die dagbestuursvergadering op 20 April 2016 kom die Geletterdheidstrust ter sprake. Die krisis by die Meester van die Hof ten opsigte van FICA-bepalings en die registrasie van trustees, veroorsaak dat dividende nie aan die Trust voorsien word nie. As stigterstrustee skryf Ton Vosloo 'n brief aan die Meester om die nuwe en huidige trustees te bevestig.

## Twee Afrikaanse taalikone word vereer

### Ds Patrick Petersen

Die SBA loods 'n intensiewe projek waardeur erkenning gegee word aan ds Patrick Petersen, aktivis, digter en taalstryder van die Weskus. 'n Spesiale huldigingsgeleentheid vind in 2018 in Vredenburg plaas. Die stories wat Sandra Prinsloo van vertellers uit Petersen se gemeente opgeneem het, word by hierdie geleentheid aan 'n baie groot gehoor op Vredenburg vertoon. 'n Gedenkplaat word ook by die kerk waar hy predikant was, onthul.

### Adam Small

Die onthulling van die Adam Small-borsbeeld, gedeeltelik geborg deur die Historium Trust, vind op Versoeningsdag 16 Desember 2017 in die Kunstekaap-foyer plaas. By dieselfde geleentheid word ’n splinternuwe boek, *Adam Small: Denker Digter Dramaturg*, onder redaksie van Jacques van der Elst, ook bekendgestel. Dit word deur Protea Boekhuis uitgegee.

Die Adam Small Gedenklesing vind op 23 Februarie 2019 in Pniel plaas. Prof Thuli Madonsela, voormalige Openbare Beskermer, is die geleentheidspreker. Die SBA se dramaverryking-leerders van Ebenhaeser, wat deel van kykNET se Nasionale Toneelspelkompetisie was, tree ook op in ’n woordkunsprogram van Adam Small se werk. Argiefmateriaal van Small word by beide geleenthede in ’n uitstalling vertoon.

## SBA-publikasies

Talle publikasies het deur die werk van die SBA die lig gesien:

- *Die Afrikaans van die Kaapse Moslems:* Ná ’n voorstel deur Niel le Roux word die Achmat Davids Bo-Kaap-boek *The Afrikaans of the Cape Muslims* in Afrikaans vertaal omdat dit so belangrik vir ons taalerfenis is. Een van die eerste trusteelede, Frans Stroebel, herroep helder: “By een vergadering in 1996 het dr Achmat Davids, ’n bekende aktivis van die Bo-Kaap en trustee van die SvA, skamerig drie Arabies/Afrikaanse publikasies voorgelê wat onderskeidelik in 1869, 1898 en 1890 gedruk is, met die versoek dat die Stigting dit moontlik kan restoureer en laat druk.” Hierdie versoek realiseer in 2018 toe die boek *Die Afrikaans van die Kaapse Moslems*, verwerk deur Hein Willemse, as SBA-publikasie verskyn en op Versoeningsdag 16 Desember in die Afrikaanse Taalmuseum in die Paarl bekendgestel word. Die publikasie van die boek is deur die SBA en die Historium Trust moontlik gemaak en word gratis verskaf.
- *Die Kokerboom – ’n Kersverhaal.* Die Deense skrywer Klavs Skovsholm gee toestemming dat sy Kersverhaal vertaal, gewysig en in ’n eg Suid-Afrikaanse konteks geplaas kan word. Die boek verskyn in 2017, met die Afrikaanse- en isiXhosa-vertaling in dieselfde weergawe.
- *Robbie die Rowwe Rot* is ’n storie in grafiese formaat, ook geskryf deur Klavs Skovsholm. Die skrywer skenk R40 000 vir die vertaling en aanpassing van hierdie boek as ’n ‘twee-in-een’-boek, met die teks gelyklopend in Afrikaans en isiXhosa. ’n Interaktiewe weergawe – met leë spraakborrels – sien ook die lig. Die voltooiing van die leë spraakborrels deur leerders moedig kreatiewe geletterdheidsontwikkeling aan.
- *Fatima* is nog ’n Klavs Skovsholm-storie wat handel oor ’n Moslemmeisie van die Bo-Kaap. Dit is ’n storie wat spesifiek die Bo-Kaapse kultuur en tradisies uitbeeld. Die tema is Rampies-sny, wat plaasvind in die derde maand van die Islamitiese jaar. Direksielid, Fatima Allie, versoek dat dit in Afrikaans en Arabies gepubliseer moet word, omdat daar baie min leesboeke in Arabies in die madrassas is. Die Arabiese vertaling is deur die MJC (Muslim Judicial Council) hanteer.
- Die volgende besluite word geneem: i) *Fatima* moet in die drie amptelike tale van die Wes-Kaap sowel as Arabies beskikbaar wees; ii) die storie moet in al vier tale aanlyn

beskikbaar wees; iii) *Fatima* moet – soos *Die Kokerboom* – 'n inkleurboek wees; iv) die projek moet kulturele geletterdheid bevorder en veeltaligheid aanmoedig; v) Michael le Cordeur word gevra om 'n kort epiloog oor kulturele geletterdheid en taalerfenis te skryf, en vi) die boek moet in braille en gebaretaal beskikbaar gestel word.

- Op Erfenisdag 24 September 2019 word *Fatima* onder groot belangstelling in die Boorhanolsentrum in die Bo-Kaap geloods as 'n herinnering aan die erfenis van Afrikaans as deel van die Moslemkultuur en 'n viering van hoe dié invloed steeds in die taal voortlewe.
- Die bekendstelling van *Fatima* het ook saamgeval met Internasionale Gebaretaaldag op 23 September, en gaste kon tydens die funksie na die gebaretaalvideo van die boek kyk. Die gebrailleerde Arabiese vorm is 'n unieke bydrae, aangesien daar 'n beperkte hoeveelheid gebrailleerde leesmateriaal vir kinders in Arabies beskibaar is. *Fatima* in brailleskrif is aan die Athloneskool vir blindes, sowel as aan Madrassa Tulil, Muaaqueem, in die Bo-Kaap oorhandig.

## Positiewe skakeling met hoofborge

Uit besoeke aan die HJMNF en die Dagbreek Trust in 2018 blyk die goeie gesindheid en die bereidheid om verder as borge op te tree. Die huidige voorsitter van die HJMNF, prof Niel Krige, en dr Theuns Eloff, voorsitter van die Dagbreek Trust, spreek ook hulle positiewe gesindheid teenoor die SBA uit en bevestig hulle volgehoue steun en finansiering.

## 2019 se projekte

Die beoogde projekte vir 2019 wink soos blink appeltjies aan die SBA-boom. Die oes het inderdaad vermenigvuldig.

- Die **Zoë-Voorleesprojek,** reeds jare lank die *magnum opus* van die SBA, word goed deur die HJMNF ondersteun.
- **Brugbou:** Dit word 'n kleiner projek met 'n kleiner begroting en begin by graad 9 om leerders te help om die regte vakkeuses vir hul toekoms te maak. Die voorsitter beklemtoon dat die fokus op arm skole en werkskepping moet bly.
- **Teaterbywoning:** Dié projek is uniek aan SBA. Die aanbieding van leerders se voorgeskrewe werke in Afrikaans word ondersteun met gebaretaal vir hoorgestremde leerders. Eweneens is laerskool-teaterbywoning vir neuraalgestremde- asook blinde en dowe leerders 'n unieke SBA-inisiatief.
- In 2019 besoek leerders van die SBA se fokusskole in die Karoo en leerders van Hoërskool Laingsburg, Murraysburg en Beaufort-Wes Sekondêr die Kunstekaap vir die opvoering van hulle voorgeskrewe boek *Krismis van Map Jacobs.* Die SBA onderneem om aan elke leerder 'n 5 liter-bottel met water te skenk as bydrae tot die verligting van die waternood in die Karoo.
- **Wiskundekongres:** Aangesien die 2018-kongres in Upington so suksesvol was, het die Noord-Kaapse Onderwysdepartement versoek dat dit in 2019 ook in Kimberley aangebied word. Dit word deur 140 onderwysers bygewoon.

- **Chemie-slypskool:** Dié slypskool vir laerskoolonderwysers, wat deur dr Rehana Malgas-Enus van die US vir die laer grade vereenvoudig is, vind op Leeu-Gamka plaas. 20 skole word genooi en die SBA reël vervoer. 98 graad 11-leerders en 76 matrikulante van Hoërskool Zwartberg (Prince Albert), asook Kylemore, Kayamandi, Masiyile (Khayelitsha) en Cloetesville Sekondêr woon laboratoriumwerkwinkels by die Departement Chemie by as deel van die Universiteit Stellenbosch Chemie-uitreikinisiatief (SUNCOI), danksy 'n TAO-skenking.
- ***Robbie die Rowwe Rot*** word ter viering van Wêreldboekedag op 23 April by Langerug Skool vir Spesiale Onderwys in Worcester uitgedeel. Die interaktiewe weergawe van *Robbie die Rowwe Rot,* met leë spraakborrels, word vir Geletterdheidsdag op 8 September uitgedeel. Die kinders skryf dan hulle eie rotstorie in die spraakborrels.
- ***Die Kokerboom*-inkleurboek in elf tale:** Die SBA word versoek om *Die Kokerboom*-inkleurboek in al elf amptelike tale van Suid-Afrika te vertaal.
- **Stories:** Karen Meiring, direksielid en hoof van kykNET, ondersoek die moontlikheid om die sewe stories wat Sandra Prinsloo opgeneem het, vir uitsending aan te pas en om nog ses stories aan te pak sodat 'n reeks van 13 episodes uiteindelik kan bestaan.
- **Amagama** (betekenis in Afrikaans: woordeskat): Studente van die Departement Opvoedkunde aan die Universiteit van Stellenbosch leer feesgangers tydens die US Woordfees daagliks 10 nuwe isiXhosa-woorde. Dié projek gaan van krag tot krag.
- **Afrikaans Sing! Movember:** Op Sondag 3 November 2019 word *Afrikaans Sing! Movember* in vennootskap met Kunstekaap, en met Dagbreek Trust se ondersteuning, aangebied as bydrae tot die Movember-bewusmakingsveldtog vir die gesondheid van mans, met spesifieke fokus op prostaat- en testikulêre kanker. Slegs manskore – van so ver as Merweville – het opgetree, asook 'n spesiaal-saamgestelde ensemble in rolstoele van die Bishop Lavis Rehabilitasiesentrum. Tydens die program is inligting, statistiek en oorlewingspraatjies oor gemelde gesondheidtoestand vertoon.
- **Vlooi:** Die SBA, in vennootskap met Artscape en Krazy Katz-produksies, het op Afrikaansdag, 14 Augustus, die jaarlikse opvoering van die immergewilde *Vlooi*-kinderproduksie aan leerders met spesiale behoeftes gewy. Geselekteerde skole met onder meer neuraalgestremde en dowe leerders was die SBA se gaste tydens dié unieke vertoning. Met die fokus op teatertoeganklikheid, is spesiale aanpassings gemaak. Stoele is uit die ouditorium verwyder om plek vir rolstoele te maak; gebaretaaltolke is ingespan en wysigings ten opsigte van beligting en spesiale effekte soos 'n rookmasjien is in ag geneem om sensories-sensitiewe leerders te akkommodeer.
- **Kinderteater:** In vennootskap met die Wes-Kaapse Departement van Landbou, was die SBA vir die vierde agtereenvolgende jaar tydens die vieringe van Wêreldvoedseldag op 16 Oktober verantwoordelik vir die bemagtigingskomponent gemik op kinders. 'n Kinderteateropvoering wat tematies met die geleentheid skakel, is op Murraysburg aangebied, asook by Restvale Primêre Skool in Nelspoort. 1 691 Eksemplare van *Robbie die Rowwe Rot/Umabuzi Ogadalala* is aan leerders uitgedeel.
- **Dramaverryking:** Die jaarlikse gebruik om leerders aan skole waar Dramatiese Kunste nie as vak aangebied word nie, deel te maak van 'n Dramaverrykingprojek, is weer in 2019

geloods met die doel om leerders vir deelname aan die Nasionale Toneelspelkompetisie voor te berei. Op 9 Mei 2019 berig *Die Burger* oor die wenners van die 18de Nasionale Toneelspelkompetisie by Kunstekaap, en meld onder andere dat Jason Goliath van Hoërskool Nuwerus die SBA-beurs vir verdere studie in drama en onderwys gewen het.

## Die SBA kyk terug – en vorentoe

### SBA-historie

Op 2 Oktober word die SBA-historie – vanaf stigting in 1992 tot en met 2019 – bekendgestel. Die geleentheid vind by die Norval Stigting Galery te Steenberg plaas. Die historie-opskrywing spruit uit die SBA se behoefte om die organisasie se geskiedenis en mylpale tot op hede as 'n historiese narratief in boekformaat beskikbaar te stel, sodat voornemende befondsers, potensiële vennote, maar ook plaaslike gemeenskappe waar die SBA aktief betrokke is, van sy werksaamhede kan kennis neem. Die boek bestaan uit geskiedkundige bydraes en projekgegewens, asook foto's. Dit dien as inspirasie vir die SBA om in die toekoms steeds 'n betekenisvolle bydrae op voetsoolvlak te maak.

### Rede vir feesvier

Op 9 Maart 2019 word die SBA tydens die Wes-Kaapse Regering se Departement van Kultuursake en Sport se jaarlikse oorhandigingsfunksie vereer met die gesogte Neville Alexander-toekenning vir die beste bydrae tot die bevordering van veeltaligheid. Vir die SBA is dit 'n besondere eer, veral omdat die erkenning saamval met UNESCO se Internasionale Jaar van Inheemse tale.

### Die SBA en omgewingskwessies

Ontwikkeling van die individu as omgewingsbewuste landsburger vorm deel van die SBA se missie. Omgewingsbesoedeling deur plastiekafval is ook op die SBA se agenda. Buiten die spesiaal-ontwerpte logo wat in die SBA se bemarkingsmateriaal aangewend word, word 6 000 plakkers gedruk en op elkeen van die boeke geplak wat in 2019 deur die SBA versprei is.

### Die SBA beweeg!

Sedert 2019 word besoekers aan die SBA-huis deur die wapperende SBA-vlag verwelkom. Om te bespaar op koerierkoste en posgeld is daar in 2019 'n paneelwa aangekoop vir verspreiding en aflewering van SBA-publikasies en ander onderrigmateriaal.

## Soms moet 'n mens laat gaan

Die SBA moes ongelukkig ook die besluit neem om sommige projekte te beëindig.

- **Mandeladag:** In 2017 vier die SBA Mandeladag by die Kunstekaap waar 35 leier-matriekleerders van skole regoor die Wes-Kaapse Skiereiland temas soos diversiteit,

leierskap, gemeenskapsbetrokkenheid en die toekoms van Suid-Afrika bespreek. Demi-Lee Nel-Peters, voormalige Mej Suid-Afrika en Mej Heelal, spreek die leerders toe. Ten spyte van hierdie puik geleentheid, sowel as 2018 se suksesvolle Mandeladagviering, besluit die SBA om nie in die toekoms Mandeladag onder die SBA-vaandel te vier nie, aangesien die dag nasionaal wyd gevier word en daar derhalwe met te veel ander organisasies gewedywer word.

## Die droom word werklik

Met die SBA-impakstudie in 2014 is daar gevra dat die SBA teen 2020 in die hele Wes-Kaap teenwoordig sal wees. Met die fokus op die Karoo in 2019 en die enigste oorblywende streek, die Bitou Munisipaliteit, in 2020, lyk dit of hierdie droom besig is om ’n werklikheid te word.

Tydens ’n LitNet-onderhoud som die hoof, dr Niel le Roux, die SBA se toekomsvisie só op: Ons het reeds die pad begin loop van insluiting van die ander amptelike en inheemse tale soos Khoekhoegowab, met Afrikaans altyd eerste, prominenter en respekvoller ter wille van nasiebou. Terselfdertyd bestaan reeds ’n sterk gestremde fokus in al die projekte, soos braillering en gebaretaaltolking, wat uitgebrei sal word na publikasies in gebaretaal, verklanking van SBA-publikasies, verering van alle internasionale dae wat op gestremdhede fokus, soos Gebaretaal-, Doofblind en Gidshonddag.

*Die toekoms lê oop*
*soos valleie,*
*vrugbaar en groen.*
*Voetspore word verdring*
*in paadjies wat vertak*
*want duisende siele*
*hardloop gretig saam*

– Diana Ferrus, “Vir Jan van Eyck”

HOOFSTUK 6

# Die Covid-19-jaar. Veerkragtig vorentoe!

**2020**

*In krisistye, of tye van onsekerheid en verwarring, word ons uitgedaag om die hoër roete te volg – die pad van dapperheid, nuwe denke, medemenslikheid, begrip en liefde.*

– Amit Ray, *Nonviolence: The Transforming Power*

Die wêreldwye uitbreking van die Covid-19-pandemie, en die gevolglike inperking op alle gebiede, het 'n direkte impak op die SBA en al sy werksaamhede gehad. Nuwe maniere moes bedink word om te verseker dat die SBA-masjien nie tot stilstand knars nie. Die talle uitdagings wat hierdie onseker tyd meegebring het, is op innoverende wyse die hoof gebied. Die SBA het met onderskeiding daarin geslaag om talle individue en gemeenskappe deur medemenslike betrokkenheid toekomshoop te gee, met Afrikaans as bemagtigingsinstrument.

Ondanks vele beperkings én inperkings kan die SBA met trots terugkyk op alles wat in 2020 vermag is.

## Projekte

In lyn met die veiligheidsregulasies tydens die Covid-19-inperking, is 600 maskers met die SBA-logo tydens projekaanbiedings uitgedeel. Covid-19-regulasies word deurgaans stiptelik nagekom in die uitvoer van SBA-werksaamhede.

### Zoë-voorleesprojek

166 storiegroepe by 41 skole in 8 streke het aan die Zoë-leesprojek deelgeneem. Zoë-leesboeke word ook soos 'n mini-biblioteek bedryf waar kinders van die voorleesboeke uitneem. Gedurende die projektermyn, waartydens biblioteke meestal gesluit is, word 'n totaal van 754 boeke deur kinders uitgeneem.

Voor die uitbreek van die Covid-19-pandemie is werkwinkels vir leesfasiliteerders tydens Maart in Laingsburg, Robinsonpas, Plettenbergbaai, Beaufort-Wes en

Murraysburg aangebied. Aktiewe Zoë-voorlees het egter eers op 28 September 'n aanvang geneem en slegs 10 weke geduur, in plaas van die gebruiklike 20 weke, terwyl die Covid-19-distansiëring gehandhaaf is en kleiner leessessies aangebied is. Weens die koronavirus kon die voorleesprojek egter nie in 2020 in Stellenbosch en Kimberley voortgaan nie.

***Nuwe maniere moes bedink word om te verseker dat die SBA-masjien nie tot stilstand knars nie.***

Op 19 Julie kry die Zoë-projek saam met die Hope Community Outreach Centre in Blikkiesdorp, Delft, dekking op DSTV-kanaal 147 in die program *Ivor en die Verskilmakers*.

### Storiesprojek

Vroeg in die jaar het die voorsitter, me Sandra Prinsloo, na die Suid-Kalahari gereis om die Boesmans van die gebied se stories te verfilm. Na die opheffing van die reisinperking kon sy voortgaan met opnames van Namastories in Kuboes, 'n Nama-nedersetting langs die Oranjerivier, asook dié van die Koranavolk op Bethelsdorp en Oudtshoorn. Verdere stories word in die Koue Bokkeveld, Platfontein naby Kimberley en die Sederberge opgeneem.

Gedurende Oktober besoek die storiespan 'n Strandlopergemeenskap wat destyds uit Valsbaai verskuif is en nou in Ocean View woon. Die skrywer Rachelle Greeff word getaak om 'n memoire oor hulle te skryf.

### Toekomsprojek

Die Brugbouprojek word herdoop na die Toekomsprojek, aangesien die ATKV en die ATR nou ook 'n brugbouprogram bedryf en moontlike belangebotsings en kopieregprobleme deur die naamsverandering uitgeskakel sal word. Die alumnilys van die eerste Brugboudeelnemers in 2015 toon 'n uitstekende 25%-tersiêre slaagsyfer. Op die direksievergadering van 30 September word gemeld dat 3 van die 20 huidige Toekomsprojek-leerders swanger is en nie met die projek kan voortgaan nie. Die SBA besluit om in 2021 met 'n Swangerskapprojek te begin.

### Wiskunde- en Chemiewerkwinkels

As gevolg van die Covid-19-pandemie word die Wiskunde- en Chemiewerkwinkels na 2021 verskuif.

### Amagamaprojek US Woordfees

In vennootskap met die Opvoedkunde-fakulteit van Stellenbosch poog die Amagama-inisiatief sedert 2018 om belangstellendes se isiXhosa-woordeskat uit te brei. Die projek is net voor die virusuitbreking weer suksesvol deur US-studente wat as kitstutors optree, aangebied. Amagama-boekies met die betrokke woorde is terselfdertyd uitgedeel.

### Dress of Grateful Men

In die Desember-uitgawe van die SBA-nuusbrief *Kwailappies* berig Nelmari Kemp as volg oor hierdie besondere projek wat daarop gemik is om fokus te plaas en op te staan teen geslagsgebaseerde geweld. Dr Niel le Roux, Gerswin Cupido en Ivan Ndevu was deel van hierdie inisiatief, met elk 'n unieke handwerkbydrae tot 'n massiewe rok bestaande uit persoonlike boodskappe aan die vrou(e) in hul lewe, wat deur die mans self op 'n stuk lap aangebring is. Die kunstenaar Lizette Chirrime het die rok geskep en dit is in November 2020 by Artscape onthul om saam te val met die landwye 16 dae van aktivisme teen geslagsgebaseerde geweld.

## SBA-publikasies

Weens die sluiting van skole en omvangryke inperkings word besluit om al die SBA-publikasies in elektroniese- en klankformaat op die SBA-webtuiste beskikbaar te stel.

- ***Die Kokerboom*-inkleurboek** in die 11 amptelike tale, asook as 'n Afrikaans/ Khoekhoegowab- en 'n Afrikaans/Sesotho/isiXhosa/Kiswahili-uitgawe is beskikbaar. Die SBA ontvang vir die eerste keer in sy bestaan 'n borgskap van die National Arts Council vir die Kiswahili *Kokerboom*. Die publikasie is gereed vir die Afrikadag-herdenking in Mei, maar kon weens die pandemie nie uitgedeel word nie. Dit word egter ná die opheffing van die Vlak 4-inperking na skole waar Kiswahili as vak op hoërskool aangebied word, gekoerier.
- ***Fatima*** is as 'n inkleurboek in Afrikaans/Engels/isiXhosa/Arabies/Khoekhoegowab beskikbaar, asook as 'n gebaretaalvideo en 'n gebrailleerde weergawe in Afrikaans en Arabies. Op versoek van die Suid-Afrikaanse Ambassade in Noorweë is *Fatima* in Noorweegs vertaal om as hulpmiddel gebruik te word in uitreikaktiwiteite aan Noorweegse ouers met Suid-Afrikaanse aangenome kinders. *Fatima* is ook in Frans op die webtuiste beskikbaar.
- ***Funda!*** is 'n handleiding en aktiwiteitsboek, saamgestel uit koerantartikels wat in *Die Burger* verskyn het. Dit is gemik op graad 4–7-leerders. Na die positiewe terugvoer van die eerste *Funda!* word 'n opvolgbundel beskikbaar gestel en op 5 Oktober by skole in die Overbergstreek versprei ter viering van Internasionale Onderwysdag.
- ***SBA-historie:*** Die 2019-opdatering het verskyn as addendum agterin die historieboek onder die opskrif: *Kô, lat ons sing!*. Die herdrukte *SBA-historie*- en Achmat Davidsboek, *Die Afrikaans van die Kaapse Moslems,* wat by die Suidoosterfees uitgedeel sou word, word nou na Universiteitsbiblioteke, Stad Kaapstad-biblioteke en Afrikaans Dubbelmediumskole in die Wes-Kaap versend.
- ***Wikkel met werksoek*-sakgids** verskyn in Afrikaans, isiXhosa en Engels en is ook in braille beskikbaar. 'n Uitstekende video-demonstrasie van die inhoud is op die webtuiste gelaai.
- ***Robbie die Rowwe Rot*** is suksesvol in Afrikaans en isiXhosa verklank.
- ***Die Griekwa is nog*** en ***Kalahari Waarheid:*** *Die Griekwa is nog* is 'n vertaalde verwerking van Aäron Messelaar se boek *Forgotten but not buried* deur SBA-direksielid drs Hendrik Theys. As gevolg van die inperking kon die bekendstelling van die boek nie

plaasvind nie. ’n Oudioweergawe is as voorlesing op KC Radio wat in die Paarl gesetel is, uitgesaai en is ook op die webtuiste beskikbaar. Weens ongekende belangstelling is selfs die herdrukte weergawe uit voorraad, maar dit kan gratis op die SBA-webtuiste gelees word. *Kalahari Rainsong* deur Belinda Kruiper en Elana Bregin handel oor die erfenis en bydrae van die Kalaharimense. Die boek – vertaal as *Kalahari Waarheid* – is deur die SBA vrygestel en eweneens op KC Radio voorgelees. Dit is op die SBA-webtuiste te sien en te hoor.

## Internasionale Moedertaaldag 21 Februarie

Die wêreldwye viering van Moedertaaldag vorm deel van ’n inisiatief om linguïstiese diversiteit, maar ook multitaalonderrig in die kalklig te plaas.

Die SBA is van mening dat Afrikaans – as een van die amptelike tale in Suid-Afrika – oor die potensiaal beskik om versoening en groter samewerking in ons multitalige samelewing te bewerkstellig deur ook sigbaar respek vir ander tale te toon. Die elftalige *Die Kokerboom*-inkleurboek was dus ’n grootse poging om op unieke wyse aan hierdie doel gestalte te gee. Op Internasionale Moedertaaldag bring die SBA met die Deense skrywer ’n besoek aan Limpopo om die elftalige publikasie aan leerders van Gateway Primêr in Musina, Laerskool Alldays, Dendron Primêr, Louis Trichardt Primêr en Laerskool Messina te versprei. Landwyd ontvang dertien skole vir siggestremdes ook skenkings van die boek in braille, oa die Siloeskool vir Blindes in Polokwane.

Die SBA se viertalige *Fatima*-inkleurboek is ook as deel van Internasionale Moedertaaldag aan madrassas by Perivale Primêr in Lotusrivier en Rahmaniyeh Primêr en Schotsche Kloof Primêr in die Bo-Kaap versprei, juis omdat daar ’n baie beperkte hoeveelheid kinderliteratuur in Arabies beskikbaar is.

> ***"… die noodsaak van samewerking binne geloofsgroepe, die krag in diversiteit en ’n liefde vir hul erfenis by die leerders tuis te bring."***

Terselfdertyd word ’n skenking van 1 000 eksemplare aan die Joodse museum gemaak. Die direkteur van die museum, Gavin Morris, vergesel skoolgroepe deur die museum om hul van die Joodse tradisies bewus te maak, asook om die noodsaak van samewerking binne geloofsgroepe, die krag in diversiteit en ’n liefde vir hul erfenis by die leerders tuis te bring.

## Wêreldboekedag 23 April

Alhoewel Khoekhoegowab nie as een van ons ampstale erken word nie, is dit vir baie hul moedertaal. Daarom is dit vir die SBA van taalerfenisbelang om by te dra tot die algemene herontdekking van dié taal, veral onder jong sprekers. Derhalwe het die SBA *Die Kokerboom* en *Fatima* in Khoekhoegowab vertaal. Die beplande verspreiding van die boeke sou op 23 April in Oudtshoorn plaasvind ter viering van Wêreldboekedag, maar is egter weens die nasionale inperking afgelas en per koerier aan die skole gestuur. Ander gemeenskappe wat Khoekhoegowab verstaan, het ook eksemplare ontvang, oa primêre skole op Kuboes, Campbell en Alexanderbaai in die

Noord-Kaap, sowel as Yellowwood Primêr in Mitchells Plain. Al bogemelde boeke is saam met inkleurpotlode en skerpmakers uitgedeel.

## Toekennings en eerbewyse

Op 10 Oktober 2020 ken die Afrikaanse Taalmuseum en -Monument die **Neville Alexander-prestige-eerbewys** aan die SBA toe vir die bevordering van Afrikaans en ter erkenning van die organisasie se onbaatsugtige en uitnemende diens aan die Afrikaanse taalgemeenskap.

> *"Op 10 Oktober 2020 ken die Afrikaanse Taalmuseum en -Monument die Neville Alexander-prestige-eerbewys aan die SBA toe vir die bevordering van Afrikaans …"*

Aangesien die SBA se hooffokus die funksionele geletterdheidsontwikkeling en bemagtiging van die Afrikaansgebruiker is, asook om van jongs af by kinders ’n bewustheid van die onskatbare waarde van ’n veeltalige leeromgewing te kweek, is die toekenning van die Neville Alexander-prestige-eerbewys welverdiend.

Tydens dieselfde toekenningsgeleentheid is die SBA-ondervoorsitter, prof Michael le Cordeur, vereer vir sy lewenslange en uitnemende diens aan die Afrikaanse taalgemeenskap.

## Die SBA groet

### Conrad Sidego (1946–2020)

*Kwailappies* se 2020 Junie-uitgawe word opgedra aan Conrad Sidego, gewaardeerde trustee en voorsitter van die SBA vanaf 1999 tot 2008. Vir hom was geletterdheid op voetsoolvlak, sowel as die verligting van armes se liggaamlike én geestelike armoede, die hoogste prioriteit.

### Danny Titus (1957–2020)

Die Desember 2020-uitgawe van *Kwailappies* word opgedra aan dr Danny Titus, lid van die SBA-dagbestuur en direksielid vanaf 2007 tot 2014. In hierdie dienstyd was hy mede-verantwoordelik vir die loods van verskeie inisiatiewe, oa die Zoë-leesprojek.

## SBA-huis ’n mylpaal

Die SBA bekom ’n huis te Barnardstraat 78, Oakdale, Bellville, uit die boedel van WW Borthwick en op 1 Julie 2020 word die koopkontrak geteken.

## Bestuur

Op die direksievergadering van 26 Februarie 2020 word dr Niel le Roux eenparig as ’n direksielid met uitvoerende magte aanvaar. Hy sal voortaan as Uitvoerende Direkteur bekend staan.

’n Pensioenbydrae van 4% deur die personeel en 8% deur die SBA word goedgekeur, asook mediese versekering vir personeel.

Al drie die personeellede, Bianca Greeff, Gerswin Cupido en Ivan Ndevu, studeer om hulself verder te bemagtig. Derhalwe keur die dagbestuur ’n opleidingsbegroting vir aanwending van hul studies goed.

’n Honorarium vir elke direksielid per finansiële jaar word vasgestel om die onkoste wat lede moet aangaan om vergaderings en geleenthede by te woon, te vergemaklik.

## Geletterdheidstrust

By ’n spesiale trusteevergadering op 26 Februarie 2020 word eenparig besluit om die Geletterdheidstrust te beëindig en ’n meer ongekompliseerde SBA Trust met slegs vyf trustees te stig, te wete Prinsloo, Van Lill, Theys, Yoyo en Le Roux.

## Finansies

Die geouditeerde state van 1 April 2019–31 Maart 2020 getuig van deeglike boekhouding en weerspieël die SBA se gesonde finansies.

**Finansiële Ondersteuning:** Die hoofdonateur naamlik die Dagbreek Trust (nou die Trust vir Afrikaanse Kuns, Kultuur en Erfenis), asook die borg TAO (Trust vir Afrikaanse Onderwys) maak dit moontlik dat die SBA soveel projekte – veral ook op die platteland – kan aanpak en deurvoer.

Aangesien HJMNF (Het Jan Marais Nationale Fonds) ’n Stellenbosch Trust is, moet dit aan sekere vereistes soos befondsing van Stellenbosch-inisiatiewe/projekte voldoen. Dié trust bewillig geld vir die Zoë-leesprojek op voorwaarde dat 13 Stellenbosse skole betrek word.

Die NAC (National Arts Council) borg die Kiswahili *Kokerboom* en die Hiemstra Trust skenk geld om *Funda! 2* die lig te laat sien.

## Vorentoe!

Op die 28ste Algemene Jaarvergadering van die SBA op 30 September 2020 word die volgende nuwe persone tot die direksie verkies: me Zohra Kathrada Areington, me Shihaam Domingo en me Rochelle McDonald (DoofblindSA). Die ander bestaande lede is me Sandra Prinsloo (voorsitter), prof Michael le Cordeur (ondervoorsitter), dr Dirk Brand, dr Niel le Roux (uitvoerend), me Karen Meiring, drs Hendrik Theys, mnr Johan van Lill, prof Steward van Wyk en dr Mvula Yoyo.

Die SBA-direksie, die uitvoerende hoof en die personeel het nie teruggedeins vir 2020 se uitdagings nie, maar – in die woorde van Amit Ray – *die pad van dapperheid, nuwe denke, medemenslikheid en begrip* gekies. Met veerkrag en doelgerigtheid.

HOOFSTUK 7

# Bloeityd midde-in die winter

**2021**

*As daar een ding is wat die SBA die laaste 15 maande saam met die wêreld geleer het, is dat 'n inperking in vlees soms die beste dryfveer kan wees vir 'n nuwe bloeityd in die gees. Anderkant bekommernis en vrees vir die onbekende lê groei.*

(*Kwailappies* Junie 2021)

Net soos in 2020 het die SBA weer daarin geslaag om deur medemenslike betrokkenheid toekomshoop aan individue en gemeenskappe te gee, met Afrikaans as bemagtigingsinstrument. Nuwe projekte, soos verklankings, herdrukke van bestaande publikasies en voorlesings, is bygevoeg om die SBA steeds sigbaar en tersaaklik te hou.

## Projekte

### Zoë-voorleesprojek

Tydens die 2021-projektermyn word die Zoë-voorleesprojek – met Het Jan Marais Nationale Fonds as donateur – op 'n weeklikse basis aangebied deur voorlesers uit die gemeenskap wat aan kinders in die grondslagfase by 40 skole in 7 verskillende streke voorlees. 2531 leerders kon deel hê aan storiesessies wat deur 50 storievoorlesers by laerskole in die Kaap Metro, die Diep Suide van die Kaap, (Simonstadstreek), Laingsburg-omgewing, Bitou-munisipaliteit, Stellenbosch, asook Kimberley uitgerol is.

Gedurende die Covid-19-inperking word sommige sessies in die buitelug aangebied, byvoorbeeld by Pescodia Primêr in Kimberley. Die gebruik van rekwisiete help om 'n fantasiewêreld vir die ingeperkte kinders te skep.

Op uitnodiging van veteraan-aktrise Thoko Ntshinga bied die SBA op 12 Oktober 'n voorleeswerkwinkel vir lede van die gemeenskap in Bersheba buite Kirkwood aan.

Die Zoë-projek is oudergewoonte aan die einde van 2021 met 'n sertifikaatseremonie afgesluit waartydens deelnemers erkenning vir volgehoue entoesiastiese deelname ontvang het.

## Storiesprojek

Sedert 2015 vervul die Storiesprojek 'n belangrike funksie, naamlik om ons land se taal- en kultuurerfenis aan te vul en te bewaar deur individue van afgeleë – en dikwels vergete plekke – se unieke verhale op video vas te vang.

Die SBA se opnames, met me Sandra Prinsloo aan die spits in die Cederberg-omgewing wat die stories van die mense van Eselbank en Heuningvlei vasgevang het, het ten spyte van die kansellasie van die Clanwilliam Veldblomfees besoekers gelok. Altesaam 355 persone het tussen 25 Augustus en 5 September die Ou Tronkmuseum in Clanwilliam besoek waar die Sederbergstories uitgestal is.

In September 2021 se *Kwailappies* skryf Nelmari Kemp: "Deur middel van die videovertellings kon besoekers op reis gaan – al met Kerskoppas langs tot by Eselbank – en vir 'n oomblik die wêreld sien deur die oë van agt storievertellers wat hulle intieme belewenisse uit vervloë dae deel."

Direksielid Karen Meiring, hoof van kykNET, oorhandig die storieprojek vir verpakking aan Janine Opperman van kykNET vir uitsending in 2022 onder die titel *Ons Onthou.*

## Publikasies

**Wateridiomeboek:** 'n Lys van 22 isiXhosa idiome oor water was die vertrekpunt vir die SBA se multitalige idiomeboek, *Ons almal drink van dieselfde stroompie*, wat ter viering van Internasionale Moedertaaldag op 21 Februarie versprei is. Met die doel om veeltaligheid te bevorder en taal- en kultuurerfenis te bewaar, is die aanvanklike lys isiXhosa-idiome uitgebrei met Afrikaanse en Engelse idiome en spreekwoorde oor water. Die Wateridiomeboek is in Februarie en Maart 2021 aan 8 790 graad 8-leerders van skole in die Kaap Metro-onderwysdistrik versprei en ingespan as deel van die viering van Internasionale Moedertaaldag, Waterdag (22 Maart) en Kunsdag (15 April).

Deur skole spesifiek tydens Maart by die aktiwiteite van die boek te betrek wou die SBA die aandag op Internasionale Waterdag vestig en die beskerming van ons waterbronne en die bewaring daarvan vir ons nageslag inskerp. Leerders is uitgenooi om een van die idiome in die boek op 'n kreatiewe manier deur 'n visuele voorstelling uit te beeld. 30 kunswerke uit al die voorstellings is gekies as deel van 'n openbare uitstalling by Kunstekaap vanaf Jeugdag 16 Junie tot 10 Augustus. Op die direksievergadering van 16 September berig dr Niel le Roux dat daar reeds 15 000 Wateridiomeboeke aan al 277 betrokke skole in die Kaapse Metropool versprei is weens die groot navraag daarvoor. Die idiome is ook binne 'n beperkte scenario in al drie tale verklank, sodat die idioom in konteks verstaan en gebruik kan word. Dié verklankte weergawe is op die SBA-webtuiste as hulpbron vir die onderrig van idiome in die klaskamer beskikbaar, sowel as vir die breër publiek om te geniet en te gebruik.

Die elektroniese weergawe van *Ons almal drink van dieselfde stroompie* is gratis op die SBA-webtuiste www.sbafrikaans.co.za beskikbaar.

*Die Kokerboom:* Die SBA se fokus op multitaligheid, maar ook erkenning aan die tale van ons Eerste Nasies, was die rede vir die samestelling van die storie in Afrikaans, Engels, sowel as Khoekhoegowab in een gesamentlike publikasie om die bron van gedrukte stories in hierdie tale aan te vul. Ter viering van Wêreldboekedag op 23 April is die multitalige weergawe van *Die Kokerboom* by 12 skole in die Noord-Kaap versprei. ’n Totaal van ’n 1 000 boeke word aan graad 3- en 4-leerders van laerskole Kakamas, Oranje Suid, Lutzburg, Cillie, Alheit, Perde-Eiland, Assumpta, St Maria Goretti, Riemvasmaak, Vredesvallei, Francois Visser en ook die kinderhuis op Pofadder geskenk. Elke leerder ontvang ook ’n stel inkleurpotlode en ’n skerpmaker.

***Die opskrywing van hierdie geskiedenis deur die SBA is ’n uitvloeisel van die Storiesprojek wat poog om ons kultuurerfenis vir ons nageslag te bewaar.***

*Die leefwyse van ons Vroeë Mense,* die SBA se boek oor die Strandlopers van die Kaapse Skiereiland, deur die gesoute navorser en skrywer, Rachelle Greeff, word tydens Internasionale Inheemse Mensedag op 9 Augustus bekendgestel. Ivor Price is die gesprekvoerder tydens dié boekbekendstellingsgeleentheid – die eerste lewendige elektroniese uitsending van die SBA.

Die opskrywing van hierdie geskiedenis deur die SBA is ’n uitvloeisel van die Storiesprojek wat poog om ons kultuurerfenis vir ons nageslag te bewaar.

Die SBA-aanlynnuusbrief, *Kwailappies,* Augustus 2021, berig: "*Die leefwyse van ons Vroeë Mense* nooi die leser om agter die Strandlopers van die Kaapse Skiereiland aan te stap om te sien hoe vernuftig hulle aan die Kaap van Storms oorleef het. Dit was ook Strandlopers, dié in die omtrek van Milnerton-strand, wat voor die koms van Jan van Riebeeck tot die vormgewing van Afrikaans, soos ons dit vandag praat, bygedra het."

*Die leefwyse van ons Vroeë Mense*, wat ook in digitale formaat beskikbaar is, vorm deel van ’n drieluik wat fokus op die erfenis van ons vroeë mense. *Die Griekwa is nog* en *Kalahari Waarheid,* die eerste twee boeke, is ook gratis aanlyn beskikbaar – elk met ’n verklankte weergawe wat op die webtuiste as luisterboek gevind kan word. Zenobia Kloppers, bekende aktrise, is die voorleser van *Die leefwyse van ons Vroeë Mense.*

*Davy Samaai, Kampioen van die struggle:* Hierdie Afrikaanse weergawe van prof Michael le Cordeur, SBA-ondervoorsitter, se boek, *Davy Samaai – Champion of the Struggle,* word deur die SBA geborg. Samaai is bekend vir sy bydraes as musikant, onderwyser en gemeenskapsleier, maar veral as die eerste swart Suid-Afrikaanse tennisspeler wat sy debuut op Wimbledon gemaak het.

## Prisoniersdrama

Tydens die beplanningsfase van die SBA se projekte in die Kaapse gemeenskap van Ocean View, een van die SBA se geografiese fokusareas vir 2021, vra die gemeenskap die SBA se hulp met die probleem dat terugkerende prisoniers nie deur die gemeenskap aanvaar word nie. Sandra Prinsloo bied aan om ’n kort teaterstuk

daaroor saam te stel. Die akteur, Christo Davids, skryf die teks *Ballroom Boy*, met 3 akteurs. Die doel van die projek is om die gemeenskap te help om die vrygelate prisoniers te ondersteun en by te staan in hul pogings om weer werk te kry. Dan Plato, burgemeester van Stad Kaapstad, bied tydens ’n besoek van dr Niel le Roux en me Sandra Prinsloo die ondersteuning en hulp van Stad Kaapstad vir dié projek aan. Nolan Africa, met sy uitgebreide ervaring in interaktiewe en opvoedkundige teater en ’n meestersgraad in Dramaterapie aan die Universiteit van Witwatersrand, is die regisseur. Ses vertonings is in November in onderskeidelik Ocean View, Vishoek, Muizenberg en Simonstad aangebied. ’n Uitgebreide plattelandse toer word vir 2022 beplan.

### Woeker met Wiskunde

Internasionale Dag vir Wiskunde op Sondag 14 Maart is in 2021 deur die SBA gevier met die aanbieding van die *Woeker met Wiskunde en Wetenskap*-kongres op Saterdag 13 Maart te Kimberley. Dié suksesvolle kongres wat nou al sinoniem met die SBA is, is vanjaar uitgebrei om ook ’n wetenskapbaan aan te bied vir ondersteuning aan onderwysers in hierdie leerarea. 186 opvoeders betrokke by graad R tot graad 9 het die geleentheid bygewoon. Die projek is moontlik gemaak met die steun van die Trust vir Afrikaanse Onderwys (TAO).

Op 26 Oktober kom 89 onderwysers, verteenwoordigend van grade R tot 9, op Springbok vir *Woeker met Wiskunde*-kongres bymekaar. Dié daglange konferensie is daarop gemik om kwaliteit-opleiding in Afrikaans deur spesialiste met bewese ervaring te bied. Dit word gedoen deur praktiese sessies wat fokus op inhoud wat dadelik in die klas geïmplementeer kan word.

Opwindende hulpmiddels om leerders se leergierigheid te prikkel en konsepte prakties te onderrig word ingespan. Kongresgangers ontvang ook van hierdie hulpmiddels om terug te neem na hul eie klaskamer om sodoende die nuut verworwe kennis en strategieë deel van hul eie onderrig te kan maak.

### Chemieprojek

Video-opnames van die 8 eksperimente in die chemie-handleiding word in November in Afrikaans, Engels, isiXhosa en Gebaretaal opgeneem en is op die SBA-webtuiste beskikbaar.

### Toekomsprojek

21 Graad 12-leerders van Vredendal Sekondêr, Hoërskool Nuwerus, Citrusdal Akademie, Jan Krielskool en Thembalethu Sekondêr op George wat deel is van die Toekomsprojek, het tydens die Desember-skoolvakansie die geleentheid gehad om ’n lewensvoorbereidingslypskool by te woon. Die inhoud van die program het gepoog om onderwerpe aan te spreek waarmee die groep jongmense in hul naskoolse lewe te make sal hê en hul sodoende sover moontlik voorberei om ’n sukses van hul lewe te maak.

Graad 11-leerders van Vredendal Sekondêr, Hoërskool Nuwerus, Citrusdal Akademie en Jan Krielskool wat deel is van die Toekomsprojek, het tydens die 2021 April-skoolvakansie die geleentheid gehad om deur middel van werkskadu meer te leer van die beroep wat hulle na skool beoog om te volg. Jenico Afrika van Cederberg Akademie is na afloop van die week 'n beurs vir verdere studie deur die maatskappy aangebied waar hy sy werkskadutydperk voltooi het.

### Wikkel met werksoek

Ter viering van Mandeladag stel die SBA Juliemaand 'n gratis aanlynvideo beskikbaar om jong werksoekers toe te rus met die nodige kennis en vaardighede om sukses in hul werk te behaal. Die video is getiteld *Wikkel met Werksoek/Qala Ukufuna Umsebenzi/Start the Job Hunt.*

Die Afrikaanse weergawe van die video is in vennootskap met Afrikaans.com op laasgemelde se leerhulpplatform bekendgestel.

Die *Wikkel met Werksoek*-video is ook 'n waardevolle hulpmiddel vir onderwysers wat toenemend sinvolle maniere soek om digitale hulpbronne te benut. Die dinamiese aanbieding kan afrolstukke en skryfborde effektief vervang. Die onnodige gebruik van papier sluit terselfdertyd aan by die SBA se mandaat om omgewingsbewuste gemeenskappe te skep.

Die multitalige werksoeksakgids, wat die basis vir die video vorm, het in 2016 die eerste keer verskyn en sedertdien is daar nagenoeg 10 000 gedrukte weergawes van die boekie in die Wes- en Oos-Kaap versprei.

## Digitalisering

**Sosiale Media en nuwe kantoororganogram:** Dr Niel le Roux, Bianca Greeff en Nelmari Kemp woon zoom-werkwinkels van Trust vir Afrikaanse Kuns, Kultuur en Erfenis (TAKKE) en TAO by waartydens verwys word na 'n templaat wat voortaan by alle borgskappe moet aantoon watter sosiale platforms per projek aangewend is. Die SBA verskyn nie op die lys van geborgdes wat reeds sosiale platforms aanwend nie. Die direksie besluit derhalwe om doelgerig op digitaliteit te fokus. 'n Nuwe organogram wat op die direksievergadering van 26 Mei gewys word, toon aan dat die SBA sy kantoorstruktuur ingrypend sal moet aanpas om digitalisering te kan laat realiseer. Die direksie staan R200 000 toe om aan die digitale vereistes en organogram te kan voldoen.

Op 16 September word 'n volledige digitale strategie, wat onder andere die digitale element per projek aandui, aan die direksie voorgelê. Nelmari Kemp stel die strategiese 10-puntplan bekend wat deur LemonadeHUB, die SBA se digitale diensverskaffer, en die kantoor opgestel is. Sy word as tydelike Digitale Bestuurder aangestel, met Bianca Greeff as assistent. Elke direksielid ontvang 'n tablet waarop al die vergaderingsdokumente gelaai is as deel van die digitaliseringsfokus van die SBA. Op 1 Desember sluit Shantel Moses as Digitale Bemarkingsbestuurder by die SBA aan.

’n Mikrofoon/“loop”-sisteem word in die raadsaal geïnstalleer sodat direksielid Rochelle McDonald (DoofblindSA) die vergadering makliker kan volg.

### Positiewe uitvloei van digitalisering

Die SBA-webtuiste groei vanaf Augustus 2021 danksy die digitale boekbekendstelling van *Die Leefwyse van ons Vroeë Mense* wat 345 kykers getrek het. Teen September is dit reeds deur 950 mense gesien.

- Die vennootskap met Afrikaans.com is voordelig vir die SBA.
- *Kwailappies,* die SBA-nuusbrief, word vanaf Junie 2021 deur ’n maandelikse bloginskrywing op die webtuiste vervang.
- Siggestremde gebruik van webtuiste: Volgens direksielid Rochelle McDonald (DoofBlindSA) is die webtuiste toeganklik genoeg vir gestremdes, met verskillende toerusting soos ’n brailleskerm.

### Digitale leeshoekie

As deel van ’n nuwe digitale fokus is daar ter viering van Jeugdag op 16 Junie ’n digitale leeshoekie met SBA-kinderpublikasies by Kunstekaap bekendgestel. Hierdie doeltreffende toep vir kinders tussen die ouderdom van 5 en 12 is ontwerp om lees en geletterdheid op ’n sinvolle, prettige manier te bevorder.

***Hierdie leeshoekie is terselfdertyd die SBA se geskenk aan Kunstekaap wat in 2021 hul 50ste bestaansjaar vier.***

Die graad 3-klas van Karookop Primêr in die Bergrivier Munisipaliteit, asook leerders van Athlone Skool vir Blindes, was tydens die bekendstelling van die digitale leeshoekie op Jeugdag die eregaste by Kunstekaap.

Hierdie leeshoekie is terselfdertyd die SBA se geskenk aan Kunstekaap wat in 2021 hul 50ste bestaansjaar vier. Al drie SBA-kinderboeke – *Fatima, Die Kokerboom* en *Robbie die Rowwe Rot* – is vir besoekers beskikbaar. Die publikasies is in elektroniese formaat op tablette gelaai en interaktiewe lees- en leermoontlikhede deur middel van ’n spesiaal ontwerpte toepassing gee gebruikers toegang tot kreatiewe leergeleenthede en selfontdekking. Die toepassing bied onder meer die opsie om die prente in elke boek digitaal in te kleur. Die multitalige stories is ook beskikbaar as luisterboeke en *Fatima* as gebaretaalvideo. Die gebruiker kan alles van die tablet na sy/haar eie e-posadres stuur om tuis verder te lees en in te kleur. Die toep is gratis op die SBA-webstuiste beskikbaar vir gebruik deur die algemene publiek deur slegs *SBA Reading* in die toepwinkel (Google Play Store) af te laai.

Soos alle SBA-projekte het ook hierdie inisiatief ’n ingeboude gestremde fokus.

- *Fatima* in gebaretaal is ook op ’n TV-skerm beskikbaar.
- ’n Braille-touch plus-tablet laat die blindes en swaksiendes toe om die boeke te kan lees.

## Uitreik

Die #mychildisyourchild-veldtog, gedryf deur sersant Riaan Baartman (korporatiewe kommunikasie-offisier) het ten doel om dogters te ondersteun wie se reg tot opvoeding in gedrang kom weens gereelde afwesigheid. Noluthando School for the Deaf in Khayelitsha is een van die skole wat deur Fort iKapa militêre basis as begunstigde geïdentifiseer is. Tot op hede is daar al aan meer as 1 000 dogters sanitêre produkte versprei deur hierdie inisiatief.

Aangesien holistiese bemagtiging vir die SBA van groot belang is, het die SBA-voorsitter, Sandra Prinsloo, die Noluthando skool besoek om sanitêre produkte te skenk as deel van die Fort iKapa Military Base se armoedeverligtingprojek.

## SBA-huis

April 2021 verhuis die SBA na Barnardstraat 78, Oakdale, Bellville.

Verdere bouplanne word in Oktober 2021 met argitekte bespreek en op 4 November ingedien. Die planne word goedgekeur as registrasie vir vergunningsgebruik wat die reg insluit om ’n “besigheid” te bedryf.

## Versekering en sekuriteit

Tydens die Direksievergadering van 15 Februarie 2021 verskaf Karen Smit, versekeringsmakelaar, inligting oor versekering in gevaarlike areas nadat die uitvoerende hoof agtergrond oor Ocean View inwin waar die SBA-versekering byvoorbeeld nie bendegeweld dek terwyl projekte gedoen word nie. Daar bestaan reeds ’n getekende kontrak deur SBA-medewerkers dat die SBA nie aanspreeklik gehou kan word vir enige ongeval of insident nie. Projekleiers sal protokol vir veiligheid in plek kry sodat die hoërisiko-areas in vennootskap met die gemeenskap bestuur word. Op ’n skoolterrein is die SBA nie aanspreeklik vir enige gebeurlikheid nie, aangesien kinders deur die skool gedek word.

## Borgskappe

### TAO

- Chemiewerkwinkels vir laerskoolleerkragte
- Wiskundekongres in Namakwaland vir hoërskoolonderwysers
- Die Toekomsprojek vir uitgesoekte graad 11- en 12-leerders

### Die HJMNF

- Die Zoë-leesprojek

### TAKKE

- Wateridiome se verklanking
- Kantoorinfrastruktuur
- Leeshoekie

### SBA

- Die SBA befonds self die ander projekte soos die Prisoniersdrama, idiomeboeke en ander publikasies, die SBA-toep en Storie-opnames.

## Direksie en personeel

Tomley van Vuuren, wat swaksiende is, word as Administratiewe Beampte aangestel.

Twv direksielid Rochelle McDonald, voorsitter van DoofBlindSA, is ’n “loop” sisteem in die SBA-Huis se raadsaal geïnstalleer. Dit is ’n spesiale klankstelsel vir gebruik deur mense met gehoorapparate. Dié toevoeging het die raadsaal meer toeganklik gemaak vir enige persoon met ’n gehoorapparaat.

Gerswin Cupido word tot Projekte Organiseerder bevorder.

Die SBA sorg dat hul POPIA-beleid uitgevoer word en die direksie gee toestemming dat slegs hul e-posadresse op die webtuiste verskyn.

Die direksie bly onveranderd nadat Sandra Prinsloo, Mvula Yoyo en Michael le Cordeur hulself herbeskikbaar gestel het na die verstryking van hul termyn.

### Direksie

Me Sandra Prinsloo (voorsitter), prof Michael le Cordeur (ondervoorsitter),
dr Dirk Brand, mee Shihaam Domingo, Zohra Kathrada Areington, dr Niel le Roux (uitvoerend), mee Rochelle McDonald (DoofBlindSA), Karen Meiring,
drs Hendrik Theys, mnr Johan van Lill, prof Steward van Wyk en dr Mvula Yoyo.

### Kantoorpersoneel

Dr Niel le Roux, mnre Gerswin Cupido, Ivan Ndevu en Tomley van Vuuren,
mee Bianca Greeff en Shantel Moses (vanaf Desember 2021).

*Aan die einde van ’n uitdagende 2021*
*kan die SBA aansluit by hul trotse wateridiomepublikasie en tereg sê:*

**Afrikaans is ons stroompie waaruit ons drink**
**en waaruit ons energie en krag put vir ons reis vorentoe**

HOOFSTUK 8

# Maak oop die deure

2022

By die vyfde Adam Small-fees in Pniël lewer die SBA-direksielid, dr Mvula Yoyo, die Adam Small-gedenklesing. Met sy woorde: "Ons almal lewe in silo's. Mag die lesing bydra tot die opening van daardie toe deure," vat hy die wese van die SBA vas wat hom daarvoor beywer om deure in uitsiglose silo's oop te breek en – deur Afrikaans – toekomsvisie aan individue en gemeenskappe te gee.

## Projekte

### Zoë-voorleesprojek

Die Stigting het vanjaar op die Noord-Kaap gefokus, met Nasionale Loterye Kommissie (NLC) as die hoofborg. In die Noord-Kaap is die behoefte dat leerders deur boeke en voorlees weggevoer moet kan word na plekke buite hulle gemeenskap, en sodoende hul leefwêreld vergroot.

***Ons almal lewe in silo's.***
***Mag die lesing bydra tot die opening van daardie toe deure.***

Tussen April en Augustus 2022 neem 66 laerskole in en om Garies, Springbok, Kakamas, Keimoes, Askham, Upington en Kimberley aan die projek deel. 77 lesers en 6 511 leerders was betrokke.

Die projek het ook ander streke ingesluit soos Oceanview in die Kaap, Saron en Stellenbosch met 'n borgskap van die Het Jan Marais Nationale Fonds vir slegs Stellenbosch. Altesaam 10 860 leerders van 98 skole vind by die program baat, met 114 leesfasiliteerders betrokke.

### Storieopnames

Sandra Prinsloo, voorsitter van die SBA, is aan spits van hierdie besonderse projek. Dié tweede reeks van 13 episodes fokus op Afrikaanse variëteite, met die klem op stories vanuit die gebiede waar die verskillende tongvalle gehoor word. Die gekose

variëteite vir 2022 was Oranjerivierafrikaans, Rehoboth Basterafrikaans, Knysna Rasta-afrikaans, Soutmynafrikaans (Hopetown), Graaffrikaans (Graaff-Reinet) en Afrikaaps.

In Die Burger van 14 Januarie 2022 berig Christiaan Boonzaier dat hy "vasgenael gesit en kyk het" na die uitsending van die eerste-reeks-stories wat vanaf 1 Januarie tot Februarie 2022 in 'n dokumentêre reeks, *Ons Onthou*, op kykNET & kie (DStv-kanaal 145) uitgesaai is as 'n bykomende poging om die behoud van hierdie unieke stories te verseker. Die kykertal vir die reeks was ±1 miljoen.

Die opnames is voorsien van Engelse onderskrifte en gebaretaal.

### Prisoniersdrama

Die prisoniersdrama, *The Ballroom Boy*, spreek die problematiek rondom suksesvolle integrering van veroordeelde misdadigers in die samelewing ná hul vrylating aan. Sandra Prinsloo dryf ook hierdie projek. 'n 2 weke lange toer vind vanaf 5–27 Mei 2022 plaas. 2 620 mense word met 41 aanbiedings in die Noord-, Wes- en Oos-Kaap bereik, met 'n na-fasilitering deur 'n eks-gevangene wat die produksie telkens goed afsluit. Van die dorpe wat tydens die toer besoek is, sluit Graafwater, Steinkopf, Nababeep, Kakamas, Keimoes, Upington, Uniondale, Oudtshoorn, Humansdorp, Mosselbaai, Gouritsmond, Albertinia, Melkhoutfontein, Slangrivier, Hexvallei en Ceres in.

## Fokus op gestremdheid

Fokus op gestremdheid is 'n integrale deel van die SBA, daarom is al die SBA se opnames met gebaretaal en onderskrifte aangevul; van die SBA se boeke is laat brailleer en verklank.

### Pionierskool-teaterbywoning

Die SBA koop kaartjies vir die toneelstuk Terminaal 3 wat in Oktober by die Woordfees aangebied is en deur leerders van die Pionierskool op Worcester bygewoon is.

### Opvoering vir doofblindes

Op Vrydag 22 Julie 2022 woon 30 doofblindes en 30 tolke Sandra Prinsloo se aanbieding van 'n verkorte weergawe van *Oskar en die Pienk Tannie* by. Die opvoering, wat daarop gemik is om die doofblindes bekend te stel aan die ervaring en proses van teater, vind by die Innovation for the Blind op Worcester plaas. Minister Anroux Marais en die burgemeester van Worcester, Antoinette Steyn, is ook teenwoordig.

### Teaterervaring vir persone met gidshonde en in rolstoele

Die SBA nooi 30 persone met gidshonde na Artscape se Vrouefees in Augustus om Sandra Prinsloo se *Spertyd* by te woon. Die inisiatief wat reeds in 2019 geneem is, kon weens die Covid-19-pandemie eers in 2022 deurgevoer word. 15 mense in rolstoele van die Bishop Lavis-rehabilitasiesentrum en hul helpers, asook 22 siggestremdes, wat deur hul gidshonde gelei word, en hul metgeselle, woon die produksie by.

## Publikasies

**Aarde-idiomeboek:** Die SBA het in 2022 Internasionale Moedertaaldag met die bekendstelling van die SBA se jongste publikasie, 'n viertalige idiomeboek, *Ons almal loop op dieselfde aarde*, gevier. Die idiomeboek bevat 20 idiome in Afrikaans, Engels, Setswana en isiXhosa. Benewens die vertaling van die idiome is daar vir elkeen 'n breedvoerige verduideliking. Dit is gratis aflaaibaar op die SBA se webtuiste, en meer as 10 000 harde kopieë is by 241 skole in die Oos, Wes- en Noord-Kaap afgelewer.

**Vuuridiome-boek*:** *Ons almal sit om dieselfde vuur* bevat idiome in Afrikaans, Engels en isiXhosa rondom die tema van vuur en is deel van 'n SBA-idiomereeks oor die 4 natuurelemente. 1 370 boeke word aan verskeie skole in die Oos-Kaap geskenk. Die vuuridiome is, soos die aarde-idiome, ook brailleer en aan 16 skole vir blindes landwyd geskenk, sowel as aan The Innovation for the Blind op Worcester.

**Radiodrama*:** Ter aansluiting van die idiome is 'n radiodrama geskep, naamlik *Deur die vuur vir jou* geskryf deur Adriaan Havenga, 'n storie van 'n tienerdogter en haar pa, met hoop en liefde as die kern. Dit is op die SBA-webtuiste beskikbaar en is vroeg 2023 op twee gemeenskapradiostasies uitgesaai.

*Beide hierdie idiomeboeke is ook verklank dmv 'n kort opgeneemde toneeltjie waarbinne elke idioom figureer om die begrip daarvan binne konteks te plaas.

***Die Kokerboom, 'n Kersstorie,***** sowel as *Robbie die Rowwe Rot* en *Fatima* is in animasieprente omskep om leerders met leer- en leesgestremdhede te bereik. Eersgemelde animasieprent is in Februarie 2022 by 'n spoggeleentheid in 'n kokerboomwoud in Kakamas bekendgestel en is vir die Noord-Kaap ook in Khoekhoegowab vertaal.

***Robbie die Rowwe Rot***** maak sy buiging in 'n animasieprent by die Suidoosterfees in April 2022. Die animasieprent is vir die duur van die fees gratis in die Marmerportaal by Artscape vertoon. Leerders van die Langerugskool in Worcester en Delft Primêr het die spesiale geleentheid bygewoon.

***Fatima**,*** wat ook in Arabies vertaal is, se animasie-bekendstelling is op 17 September op Tafelberg gehou, aangesien die berg se kleed as 'n Moslem-sprokie oor Van Hunks en die duiwel se rokery in die storie voorkom, en dus 'n integrale deel van die Kaapse erfenis is, soos ook die berg per se. 31 leerders (vergesel deur hul onderwysers) van Matjiesfontein Primêre skool, asook madrassas van drie Kaapse moskees, geniet dié erfenisviering-uitstappie.

Martinus van Tee, die illustreerder, het die animasiefilm ontwikkel. Die skrywer, Klavs Skovsholm, het die geleentheid spesiaal uit Denemarke bygewoon.

**Dié animasieprente kan op die SBA se webtuiste beleef word.

***My eerste Afrika-avontuur:*** Die Suid-Afrikaanse avonturier en motiveringspreker, Riaan Manser, het tydens sy twee jaar lange fietstoer deur Afrika 34 500 kilometer afgelê en deur 34 lande gereis. Die Afrikaanse weergawe van sy boek, *Around Africa on my Bicycle*, kon as 'n kinderboek, *My eerste Afrika-avontuur*, uitgegee word, danksy die SBA se finansiële bydrae. Die Afrikaanse voorlesing word deur die bekende akteur, Theodore Jantjies, gedoen.

***Stories Innibos*** is 'n drietalige bundel verhale wat deur hoërskoolleerders geskryf is en deur die innibos-fees op Nelspruit uitgegee is. Die befondsing deur die Hiemstra-trust, sowel as die SBA, het die publikasie van hierdie bundel moontlik gemaak.
***COVID, Krisis en geleenthede vir die Onderwys,*** 'n publikasie deur die SBA-ondervoorsitter, prof Michael le Cordeur, se inhoud sluit aan by die SBA se fokus op die onderwys. Die finansiële bydrae van die SBA, sowel as van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, maak die druk van die boek moontlik.

## Uitreik en betrokkenheid

- Die SBA maak 'n skenking vir die Afri-Kaaps-woordeboek.
- Tydens 'n besoek aan die Laerskool Riemvasmaak in die Noord-Kaap het direksielede namens die SBA 'n ingangsbord vir die skool geskenk en skryfbehoeftes aan die skool se graad 7's oorhandig.
- Op Mandeladag, 18 Julie skenk die SBA 150 eksemplare van die boek, *Die Aarde stuur 'n SOS* deur die Amateurs Skrywers Bond (sic) aan leerders van 3 skole, naamlik Oker Primêre Skool, Hoërskool Albertinia en Kairos Sekondêr.
- Wêreldboekedag, 23 April 2022: Die SBA skenk 100 eksemplare van 'n kinderleesboek, *Ek mis my Pappa,* geskryf deur 'n kind wat sy pa aan die dood afgestaan het, aan die Laerskool Delft en Laerskool Paul Greyling in Vishoek.
- Logan Toneelfees: Deur middel van 'n finansiële bydrae help die SBA om die Logan Toneelfees se tegniese aspekte vlot te laat verloop.
- Boeke-skenkings: Op 23 Augustus skenk die SBA 75 SBA-publikasies aan die skoolbiblioteek van Hoërskool Hexvallei in reaksie op prof Jonathan Jansen se Facebook-versoek.
- 'n Aantal *Fatima*- en *Kokerboom*-boeke word aan die Museum of Childhood in Kaapstad geskenk.
- Wêreldvoedseldag: Die SBA vier hierdie dag saam met die Wes-Kaapse Departement van Landbou om voedsel en gesond eet te bevorder. Op 13 en 14 Oktober bied die SBA poppeteater vir 230 en 340 leerders op Swellendam en Suurbraak onderskeidelik aan om hul denke oor voedsel op 'n vermaaklike en kreatiewe manier te stimuleer.
- Rekenaars en drukkers: Die SBA fokus vanjaar op tegnologiese ondersteuning aan gemeenskappe en Ivan Ndevu van die SBA-kantoor reis na Nqamakwe in die Oos-Kaap waar hy grootgeword het en skenk rekenaars en drukkers aan die Laerskool Masibambane, -Magwaza en -Girdwood. Terselfdertyd lewer hy ook die SBA se nuwe viertalige aarde-idiomeboek by die sekondêre skole Siyabulela en Nomaheya af.

## Werkwinkels

### Handvaardigheid

Die eerste Handvaardigheid-werkwinkel as 'n toekomsmoontlikheid met die oog op entrepreneurskap word vanaf 10–12 Augustus in samewerking met *Ngwedi Molalatladi Trading as Northern Cape Arise* en *Labit (laboratory it)* by drie skole in die Noord-Kaap

aangebied – Hoërskool Garies (32 leerders), Hoërskool Nababeep (92 leerders) en Hoërskool Okiep ( 55 leerders).

### Chemie

Die SBA se rondreisende chemie-werkwinkel, wat reeds vyf jaar bestaan, is na die Noord-, Suid- en Oos-Kaap geneem. Dié werkwinkels word met die goedkeuring van die Wes-Kaapse onderwysdepartement in samewerking met SUNCOI (die Universiteit Stellenbosch se Chemie-uitreikingsinisiatief) aan laerskoolleerkragte aangebied. 'n Spesiaal saamgestelde handleiding vir praktiese eksperimente, asook 'n volledige wetenskapkissie, word by die werkwinkels uitgedeel.

In 2022 is vier chemie-werkwinkels deur wyle dr Rehana Malgas-Enus, 'n senior lektor by die Departement Chemie en Polimeerwetenskap van die US se Fakulteit Natuurwetenskappe, aangebied – Kranshoek in Plettenbergbaai, Atlantis, Springbok en Kirkwood. Sy is deur Jabu Lukhele, wat aan dieselfde departement verbonde is, in isiXhosa bygestaan.

### Fisiese wetenskap

Die SBA en SUNCOI het ook 94 matrieks van verskeie skole in die Nelson Mandela-metro wat fisiese wetenskap as vak neem, na die Nelson Mandela Universiteit se Wetenskap-laboratorium genooi as deel van die SBA se chemie-projek. Dit gee die leerders 'n voorsmaak van wat hulle in die chemie-studieveld kan verwag.

### Woeker met Wiskunde

Vir Wiskunde geletterdheidsontwikkeling bied die SBA Woeker met Wiskunde-konferensies aan. Dié konferensie is in Grassy Park, Kaapstad, sowel as op Kirkwood in die Oos-Kaap aangebied waar 70 en 94 onderwysers dit onderskeidelik bygewoon het. Volgens Suma Jovner van Van Lill & Jovner Consulting Pty Ltd wat namens die SBA die konferensie aangebied het, is Woeker met Wiskunde nie slegs 'n reeks lesings nie, maar praktiese sessies met verskillende tegnieke om onderwysers te help om Wiskunde vir leerders te ontsluit. Nuwe vaardighede wat vooraf in areas van die Wiskunde-kurrikulum geïdentifiseer is, word aan beide laerskool- en hoërskoolopvoeders oorgedra. Die opvoeders word ook van hulpmiddels voorsien wat hy of sy op praktiese wyse in die Wiskunde-klaskamer kan aanwend. Die kursusse is Afrikaans, want die internetbronne is slegs Engels, wat problematies vir Afrikaanstaliges is.

### Toekomsprojek

Die SBA-toekomsprojek se programmodel is daarop gebou om mentorskap en begeleiding aan leerders vanaf gr. 9 tot gr. 12 te gee. 23 leerders van onder meer Vredendal Sekondêr, Hoërskool Nuwerus, Cederberg Akademie (Citrusdal), Jan Kriel Skool (Kuilsrivier) en Thembalethu Sekondêr in George, was deel van die Toekomsprojek wat oor vier jaar gestrek het. In dié tydperk is hulle gehelp om die

regte vakkeuses, besluite rondom studierigtings en loopbaankeuses te maak. Tydens die skoolvakansie in Desember 2022 het die leerders ’n drie dae lange slypskool bygewoon – die laaste werkwinkel van die vier jaar lange mentorskap. Hulle is onder meer toegerus met vaardighede om CV’s en dekbriewe te skryf en is ook opgelei oor entrepreneurskap, finansiële geletterdheid en kommunikasievaardighede.

Die doel van die projek is om selfgemotiveerde leerlinge, wat leierskapspotensiaal toon, te ondersteun en hulle te help om die siklus van armoede te verbreek.

### Wikkel met werksoek

Ter viering van Mandeladag stel die SBA ’n gratis aanlyn-video-aanbieding beskikbaar om jong werksoekers toe te rus met die nodige kennis en vaardighede om sukses te behaal. Die video, getiteld *Wikkel met Werksoek/Quala Ukufuna Umsebenzi/Start the Job Hunt,* is in Afrikaans, isiXhosa en Engels beskikbaar. Die basis van die video is die SBA se Werksoeksakgids waarvan daar reeds meer as 10 000 gedrukte weergawes in die Wes- en Oos-Kaap versprei is. Om die video’s, sowel as die multitalige gedrukte weergawes te besigtig, kan die SBA-webtuiste besoek word.

***Leerlinglisensie:*** Die SBA se leerlinglisensieprojek ondersteun leerders in die voorbereiding en aflê van hul leerlinglisensietoets. Die Y2K-bestuurskool op Springbok fasiliteer die projek namens die SBA. Die Noord-Kaap doen die toetsing aanlyn op tablette en Y2K verskaf die tablette. 15 leerders van Alexanderbaai Hoërskool (’n SBA-fokusarea-skool) is gekeur om gratis die leerlinglisensietoets af te lê. 4 leerders het gedruip weens swak sig. Die SBA het hulle ná professionele oogtoetse op Springbok van brille voorsien.

## SBA 30 jaar

Op 29 Oktober 2022 berei die SBA-personeel en direksielede, in samewerking met *The Laeeq Toffar Foundation*, wat deur ’n matriekseun bestuur word en daagliks kos uitdeel, worsrolletjies in Delft voor vir meer as 350 leerders in die woongebied. Die kinders ontvang ook koeldrank en armbandjies. Daarbenewens word twee sakke boeke aan die Hope Sentrum oorhandig vir gebruik in die Delft-gemeenskap.

**Digitale kompetisie:** 24 Zoë-voorlesers neem tussen Augustus en September deel aan ’n digitale kompetisie waarin die SBA geluk gewens word. Loxtonvale Primêre Skool in Keimoes word as wenner aangewys en ontvang R1 000 prysgeld, terwyl die 64 leerders van die groep elkeen ’n geskenkpakkie ontvang.

## Finansies

**Geletterdheidstrust:** Die ontbindingsdokument is ontvang en die Trust is finaal gesluit, maar ’n SBA Trust is gestig.

**HJMNF (Het Jan Marais Nationale Fonds):** ontvang ’n donasie vir slegs Stellenbosch-gebruik vir die Zoë-voorleesprojek.

**TAKKE (Trust vir Afrikaanse Kuns, Kultuur en Erfenis) & TAO (Trust vir Afrikaanse Onderwys)** is die twee hoofbefondsers van die SBA.

**BEE-regulasies:** Die SBA is in die proses om aan die BEE-regulasies te voldoen om voortaan dividendbetalings van die Ukukhula Trust te kan ontvang.

## Personeel en kantoor

**'n Arbeidskonsultant** het ondersoek ingestel en 'n voorlegging gedoen oor die kantoorstruktuur, salarisse, bevorderings en die algemene stand van die SBA teenoor ander NGO's. 'n Paar aanpassings is hiervolgens gemaak.

**Personeel-studiegeld:** Aan al drie personeellede word volle studiegeld vir drie jaar toegestaan as bemagtiging van die personeel.

**SBA-motor:** Die aantal personeel en ad hoc-werkers, asook lang afstande wat afgelê word na bv die Noord-Kaap, noop die SBA om 'n nuwe groter en sterker SUV-motor aan te skaf, nl 'n Toyota Corolla Cross.

## Letterkundeverering

As deel van die SBA se Letterkunde Vereringsprojek besluit die SBA om die digter en kultuuraktivis, Diana Ferrus, te vereer. Prof Steward van Wyk, direksielid van die SBA en verbonde aan die Departement Afrikaans en Nederlandistiek van die Universiteit van Wes-Kaapland, motiveer die direksie se besluit om Diana Ferrus in haar tuisdorp, Worcester, te huldig sodat mense vandaar ook die geleentheid kan bywoon. Dit vind op 9 Desember 2022 in die stadsaal plaas, met 'n huldigingslesing deur Valda Jansen en 'n program van poësie en musiek. Die program sluit af met Ferrus se gedig, *Vir Sarah Baartman*, waarvan die slotreëls lui:

*Ek is hier om jou huis toe te neem,*
*daar waar die oeroue berge jou naam uitroep! [...]*
*Daar waar die proteas pronk in geel en wit,*
*daar sing die rivier 'n verwelkomingslied.*
*Ek is hier om jou huis toe te neem*
– Diana Ferrus, *"Vir Sarah Baartman"*

Die SBA wil Afrikaans huis toe vat – na alle Afrikaansgebruikers – in elke dialek en tongval, in elke uithoek van die aarde.

## Kantoorpersoneel

Dr Niel le Roux (uitvoerende hoof), mnr Gerswin Cupido (projektehoof), me Bianca Greeff (kantoorbestuurder), me Shantel Moses (digitale bestuurder), mnr Ivan Ndevu (projektekoöordineerder), mnr Tomley van Vuuren (administratiewe assistent), me Nelmari Kemp (ad-hoc projekteleier).

## Direkteure

Me Sandra Prinsloo (voorsitter), prof Michael le Cordeur (ondervoorsitter), me Zohra Kathrada Areington, dr Dirk Brand, me Shihaam Domingo, me Rochelle McDonald (DoofblindSA), me Karen Meiring, drs Hendrik Theys, mnr Johan van Lill, prof Steward van Wyk en dr Mvula Yoyo.

HOOFSTUK 9

# Sigbaar Afrikaans

2023

Soos vorige jare is die SBA se hooffokus steeds bemagtiging deur Afrikaans. Gelyklopend daarmee beywer die Stigting hulle vir die bevordering van multitaligheid in die geloof dat respek vir Afrikaans beter gekweek word binne 'n meertalige opset. Die SBA-leuse, *Sigbaar Afrikaans*, word vergestalt in die verskeidenheid projekte en werksaamhede wat die afgelope jaar aangepak en deurgevoer is.

## Projekte

### Zoë-voorleesprojek

Tussen Februarie en September neem 5 055 graad R- tot 3-leerders van 52 skole in die Noord-Kaap aan die Zoë-voorleesprojek deel. 60 voorlesers is deel van die program wat skole in die omgewing van Garies, Springbok, Kakamas, Upington, Keimoes en Askham insluit. 11 lesers word as koördineerders aangestel en opgelei om die fasiliteerders beter te kan monitor. In dieselfde tydperk is 2 012 leerders met hul 15 voorlesers by 13 skole in die Stellenbosch-area by die Zoë-program betrokke, asook 1 484 leerders en 25 voorlesers van 14 skole uit onderskeidelik Blikkiesdorp, Delft, Ocean View, Saron en Kaap Agulhas. Oor 'n tydperk van 25 weke is 100 lesers en 8 551 leerders van 79 skole dus by die projek betrokke. Na aanleiding van haar besoek aan die SBA doen Christel van Vreckem van Arteveldehogeschool-Campus Kantienberg  in Gent, België, 'n studie oor die verskillende aspekte en waarde van voorlees, geskoei op die beginsels van die Zoë-voorleesprojek. Maatje Kloppers van die US Tygerbergkampus inisieer die studie.

*Baie kinders word met leerprobleme diagnoseer, terwyl hulle in wese oogprobleme het.*

**Zoë-oogtoetse:** Baie kinders word met leerprobleme diagnoseer, terwyl hulle in wese oogprobleme het en dit noodsaaklik is om oogprobleme op 'n vroeë ouderdom te identifiseer. 'n Oogkundige op Upington het aangebied om die graad 1 Zoë-leesgroepies van Leerkrans Primêr naby Upington se oë gratis te toets waarna ook brille aan twee leerders verskaf is.

**Leespiekniek:** Drie Zoë-storievoorlesers uit die Stellenbosch-streek, tesame met Ivan Ndevu en Gerswin Cupido vd kantoor besoek Dalweide Primêr in Groenheuwel, Paarl, op versoek van die skool om stories voor te lees tydens die skool se leespiekniek ter viering van Afrikaansmaand. Die ondervoorsitter, prof Michael le Cordeur, deel ook 'n boks boeke aan die skool uit ter aanvulling van hulle biblioteek.

**Mandjieprojek:** 'n Skoolgereedheidsprogram vir Families en Gemeenskappe aangebied vir 24 vir ouers van graad R-leerders in die volgende Overberg-skole: Klipdale PS, Elim Morawiese PS, Protea PS, Struisbaai PS, Wagenhuiskranz PS en Ouplaas PS om leerders voor te berei vir beter skoolgereedheid wanneer hulle graad 1 in 2025 betree. Elke huishouding ontvang 'n mandjie speelgoed saam met 'n opleidingshandleiding wat verduidelik hoe 'n graad R-leerder op 'n weeklikse basis bygestaan kan word om die formele graad R-program van 'n skool te versterk deur spel.

### Storieopnames

Sandra Prinsloo, voorsitter van die SBA, is aan spits van hierdie projek. Dié tweede reeks van 13 episodes fokus op die verskillende dialekte en variëteite van Afrikaans, met die klem op stories vanuit die gebiede waar die verskillende tongvalle gehoor word. Opnames vind in die Bo-Kaap en Namakwaland plaas, met ook Gayle (deur gays gebesig) en Sabela (in tronke gepraat) wat opgeneem word.

Die episode wat handel oor die Afrikaans van die Boesmans en op kykNET (DSTV-kanaal 144) uitgesaai was, word genomineer vir 'n SAFTA-toekenning (South African Film & Television Awards) in die kategorie vir Beste Opvoedkundige Program.

### Prisoniersdrama

***Ballroom Boy*** spreek die problematiek rondom veroordeelde misdadigers se suksesvolle integrering in die samelewing ná hul vrylating aan. Die drama word weer oor 'n wye area aangebied met 2 028 persone wat dié kragtige produksie beleef by FAMSA (Family and Marriage Society of South Africa) in Bellville, Kensington Nagskuiling, Struisbaai Vaardigheidskool, Olyfkranskollege Swellendam, Genadendal en Hawston.

## Publikasies

**Aarde-idiome verklanking:** Die viertalige Aarde-idiomeboek, wat in 2022 verskyn het, is verklank en die klankgrepe word ter viering van Wêreldboekedag sowel as Aardedag by Hoërskool South Peninsula in Plumstead bekendgestel. Tydens dié geleentheid het 240 graad 8-leerders elk 'n kopie van die gedrukte boek ontvang om saam met die klankopnames as onderrigbron te gebruik. Die doel van dié spesifieke bekendstelling was om aan Afrikaans tweedetaalsprekers te wys dat Afrikaans, wat een van hul verpligte vakke is, genotvol en toeganklik kan wees. 'n Spesiale video-opname oor die idiomeprojek met dramaleerders van Hoërskool Apex in Eersterivier word as deel van die bekendstellingsgeleentheid gebruik. Die verklanking is op die

SBA-webtuiste beskikbaar en aflaaibaar. Ter wille van Aardedag is ook 'n appel en 'n vrugtesap aan elke leerling uitgedeel.

**Lug- en wind-idiome:** Aanvang word geneem met die vierde bundel in die reeks idiomeboeke met 20 idiome in isiXhosa, Engels, Afrikaans en Zulu, om wanneer gedruk in 2024, in KwaZulu-Natal te versprei.

***Kokie en Sukie:*** 1 000 boeke van hierdie eg Suid-Afrikaanse kortverhaal is gedruk as leesstof vir kinders en aan die Zoë-voorleesprojek-skole in die Noord-Kaap, asook in die Uniondale-gebied uitgedeel. Hierdie werk is op die webtuiste as lees- en luisterstof beskikbaar en kan ook gratis afgelaai word.

***Die Afrikaans van die Kaapse Moslems:*** Die boek word by die KKNK en Vrystaat Kunstefees as deel van die feesboekgesprekke aangebied. Die gesprekleier by die KKNK was Daniel Hugo, met prof Hein Willemse en me Shihaam Domingo, SBA-direksielid, op die besprekingspaneel. By die Vrystaat Kunstefees was prof Hans du Plessis die gesprekleier, met prof Hein Willemse en me Fatima Allie op die paneel. 'n QR-kode-sleutelhouer word aan feesgangers wat die geleentheid bywoon, uitgedeel om dit elektronies te kan lees. 'n Regstreekse video is vanaf die Vrystaat Kunstefees vertoon. Die publikasie is ook as oudioboek opgeneem met Fatima Allie as voorleser en beskikbaar op die webtuiste.

**Victor Fredericks-boek:** Die SBA bied finansiële ondersteuning met die druk van 150 wit-en-swart-kopieë van Victor Fredericks se boek, *Laat Pa Vertel.*

***Oerlied:*** Ter voorbereiding van die beplande bekendstellingskonsert vir hierdie publikasie in 2024, besoek projekleier Zenobia Kloppers twee maal die Zion Messenger Mannekoor in Merweville om te help met voorbereiding en afronding vir hul optrede. Die SBA se verbintenis met die koor spruit uit die samewerking wat reeds begin is tydens die Afrikaans Sing!-konserte wat in die verlede aangebied is.

## Fokus Op Gestremdheid

Fokus op gestremdheid is 'n integrale deel van die SBA, daarom is al die SBA se opnames met gebaretaal en onderskrifte aangevul en boeke uit die SBA-stal gebrailleer en verklank. In vennootskap met Innovation for the Blind op Worcester is siggestremde persone gebring na die teateropvoering van *Krismis van Map Jacobs* by die Kunstekaap-teater. Leerders van Hoërskool Calitzdorp is ook deur die SBA ondersteun om dié opvoering van hul voorgeskrewe werk te kon bywoon.

'n Benoeming vir die Wes-Kaapse Kultuurtoekennings is ontvang in die kategorie Innoverende Inisiatief om Mense met Gestremdhede te Ondersteun vir twee unieke teatergeleenthede wat vantevore deur die SBA aangebied is om Afrikaanse teater toeganklik vir alle persone te maak. Sandra Prinsloo se spesiaal aangepaste weergawe van *Oskar en die Pienk Tannie* is vir 'n doofblinde gehoor op Worcester aangebied en 'n opvoering van *Spertyd*, ook deur Sandra Prinsloo, is op die planke gebring by Kunstekaap vir siggestremde teatergangers met hul gidshonde en persone in rolstoele.

## Werkwinkels

**Handvaardigheid-werkwinkels:** Handvaardigheid word as ’n toekomsmoontlikheid en as hulpmiddel tot selfverwesenliking, met die oog op entrepreneurskap, gesien. Die projek is egter moeilik as gevolg van die nuwe beleid waardeur ’n instansie/persoon polisieklaring moet hê om skooleiendom te betree, nogtans word die Handvaardigheid-werkwinkel aan 130 leerders van Emil Weder Sekondêr (Genadendal) deur die SBA aangebied.

**Chemie Labs:** In September woon 130 matriekleerders met wetenskap as vak uit onderskeidelik Mitchells Plain, Genadendal, Philippi, Kayamandi en Caledon die laboratoriumwerkwinkels van die Universiteit van Stellenbosch by in samewerking met SUNCOI (die Universiteit Stellenbosch se Chemie-uitreikingsinisiatief) om eksperimente in ’n professionele laboratrium uit te voer.

**Swangerskapwerkwinkel:** Dié gespreksessies is daarop gemik om tieners van beide geslagte bewus te maak van die negatiewe impak wat ’n tienerswangerskap op hulle kan hê, asook wenke om dit te voorkom. Me Emmerentia van Wyk, wat oor ’n meestersgraad in tienerswangerskap beskik, bied in Mei die werkwinkel by Albert Myburgh Sekondêr, Bredasdorp aan. 256 graad 10-leerders woon dit by.

**AFRIKAANS100:** Die SBA formuleer hul standpunt en besluit om nie aan die Afrikaans100-vieringe deel te neem nie op grond van die feit dat dit verkeerd is om die benaming Afrikaans100 te gebruik, waar die klem op die amptelike status van Afrikaans val, terwyl die klem op die diversiteit en die lang vooraf geskiedenis van Afrikaans moet val. Die 100-logo en bygaande dokumente laat dit voorkom asof slegs die 100 jaar as amptelike taal belangrik is.

**Uppe & SBA Sosiale Media:** Uppe Bemarking, ’n buite-instansie met hoogs opgeleide personeel in sosiale media en tegnologie, wat passievol oor Afrikaans is en onder andere Afrikaans.com bestuur, behartig hierdie belangrike tegnologiese sigbaarheid vir die SBA. Al die SBA-video’s is op Youtube, en die Stigting se Youtube-profiel groei aansienlik.

**Voorsittersfonds:** Die voorsitter bewillig fondse vir die verf van Engelbrecht Primêr op Elandsbaai en ’n paar velskoene is aan lede van ’n rieldansgroep op Garies geskenk om tydens uitvoerings te dra.

## Finansies|Borge|Donateurs|Subsidies

- Die SBA se finansiële jaar sal voortaan gelyklopend met die kalenderjaar wees.
- TAKKE (Trust vir Afrikaanse Kuns, Kultuur en Erfenis)
- HJMNF (Het Jan Marais Nationale Fonds)
- Hiemstra Trust
- TAO (Trust vir Afrikaanse Onderwys)
- Lotto
- Wes-Kaapse Departement Kultuursake en Sport

### B-BBEE

Die SBA voldoen aan die B-BBEE-regulasies en kwalifiseer as vlak 1-maatskappy wat die Stigting toelaat om dividendbetalings van die Ukukhula Trust te ontvang. Die SBA is geregistreer by Singular,'n beleggingsadviesfirma wat die Ukukhula Trust-aandele hanteer.

### KANTOOR

**Omsetter:** Beurtkrag het die installering van 'n omsetter genoodsaak.

### SBA-HISTORIE

Ter wille van argivering word die jaarlikse Historie-boek oor die SBA-bedrywighede van die afgelope jaar aangevul en is dit duidelik: In 2023 is die SBA weer sigbaar en hoorbaar in bemagtiging deur Afrikaans.

## Kantoorpersoneel

Dr Niel le Roux (uitvoerende hoof), me Bianca Greeff (kantoorbestuurder), mnr Gerswin Cupido (projektehoof). Hy verlaat die diens vd SBA einde November 2023. Mnr Ivan Ndevu (projektekoördineerder), me Nelmari Kemp (ad-hoc projekteleier), me Melani Jonck (assistent).

## Direkteure

Me Sandra Prinsloo (voorsitter), prof Michael le Cordeur (ondervoorsitter),
me Zohra Kathrada Areington, dr Dirk Brand, me Shihaam Domingo,
me Rochelle McDonald (DoofblindSA), me Karen Meiring, drs Hendrik Theys,
mnr Johan van Lill, prof Steward van Wyk en dr Mvula Yoyo.

Alles te besigtig op http://sbafrikaans.co.za/
Alle verklankings te hoor op https://on.soundcloud.com/6jwZk

HOOFSTUK 10

# Voetspore vir Afrikaans

2024

As voetspoororganisasie het die SBA soos altyd weer Afrikaans gebruik om geletterdheid te bevorder en gemeenskappe te bemagtig. Die jaar was gevul met bestaande en nuwe inisiatiewe om op verskillende maniere daarin te slaag om individue te help om hul skryf-, kommunikasie- en luistervaardighede te ontwikkel. Terselfdertyd word die verwysingsraamwerk van Afrikaansgebruikers verbreed en veeltaligheid bevorder.

## Projekte

### Oerlied-konsert

In samewerking met The Moze Group is ’n omvangryke koor- en musiekprojek geloods twv die behoud van eerstenasie-liedere. Die saamstel van sodanige koorliedboek, *Oerlied*, met musieknotasie en lirieke was die wegspringpunt vir hierdie projek. Die *Oerlied*-konsert op Saterdag 24 Februarie in die Endlersaal op Stellenbosch, is bygewoon deur 491 gaste en was ook die SBA se jaarlikse viering van Internasionale Moedertaaldag. Deel van die gastelys was 58 persone van die Instituut vir Blindes op Worcester. In die voorafgaande maande het Zenobia Kloppers met medewerkers twee werkwinkels op Merweville aan die 6 koorlede van die Zion Messengers-koor aangebied, sodat hulle met groter vrymoedigheid as ’n koor aan die geleentheid kon deelneem – wat toe met sukses gebeur het.

Die oggend van die konsert is ’n gesamentlike korewerkwinkel vir die Zion Messengers (Merweville), Zolani Jeugkoor van Ashton (wat ’n internasionale koorkompetisie in Rusland met een van die liedjies uit die *Oerlied*-liedboek gewen het), Southern Nama Youth Choir uit Namibië, Encore Chamber Choir (Kaapstad) aangebied ter voorbereiding van die konsert. Ander kore teenwoordig tydens die uitvoering, wat ook die korewerkwinkel bygewoon het, was afkomstig van Skurweberg (Op-Die-Berg), Athlone Skool vir Blindes en die Maranatha-Mannekoor (Kaap). Die Nama-koor het tot groot vermaak van die konsertbywoners die musikale elemente van die verlede toeganklik gemaak vir plaaslike kore en gehore. Deurgaans is fokus

geplaas op die bewaring van ons musikale erfenis en die *Oerlied*-koorliedboek is aan kore en individue op die dag deur die minister van Kultuursake en Sport, Anroux Marais, uitgedeel. 160 boeke is aan die Choral Celebration Network Foundation gestuur vir verdere nasionale verspreiding onder hul koorlede.

### Literêre Verering

Om deurlopende bewusmaking van Afrikaanse letterkunde te verseker, het die SBA besluit om erkenning te gee aan noemenswaardige figure in die literêre gemeenskap. In 2024 het die geleentheid plaasgevind op Wêreldboekedag 23 April by die Universiteit van Wes-Kaapland.

Nathan Trantraal was vereer vir sy werk, veral tov sy aanslag met Kaaps. Die byeenkoms is bygewoon deur leerders van sy alma mater HS Glendale in Mitchells Plain, ook HS Rocklands van daar, Esselenpark en Breërivier hoërskole in Worcester, Hexvallei Sekondêr in De Doorns, studente van UWK en 60 SBA-gaste.

***Nathan Trantraal was vereer vir sy werk,***
***veral tov sy aanslag met Kaaps.***

Elke leerder het 'n kopie van die *Pharos Beknopte Verklarende Woordeboek* ontvang en die gaste 'n kopie van Nathan se boek, *Die Man wattie kinnes vang.*

### Suidoosterfees (SOF) Teaterbywoning

Deel van die SBA se bemagtigingsinisiatief is om vir persone wat nie altyd die geleentheid het nie, blootstelling te gee aan die teater. 'n Deelnemende skool aan die Zoë-voorleesprojek, Brandenburg Primêr (tussen Saron en Porterville), is genooi om 54 leerders en 6 onderwysers te bring na vertonings van *Woordedief* en *Pampoenpit se groen gevoel* – laasgemelde is een van die Zoë-voorleesboekies. Die vertonings is bygewoon op 26 April te Kunstekaap tot ongekende vreugde van die kinders wat nie vantevore teater ervaar het nie.

### SBA-skenkings

Om te help verseker dat die leerders van die Lathi-Tha School of Skills in Khayelitsha toegang tot kwaliteit toerusting en gereedskap in hulle vaardigheidsklasse het, is verskillende houtwerkgereedskap aan die skool geskenk.

### Idiomeboek – *Ons almal leef in dieselfde wind*

In Mei 2024 het die SBA 100 idiomeboeke aan deelnemers en beoordelaars van die Proscenium Dramakompetisie by die Kunstekaap gegee. Hierdie boek met idiome oor lug/wind is in Afrikaans, Engels, isiZulu en isiXhosa gepubliseer. Dié boek is die eerste SBA-publikasie wat ook in isiZulu gedruk is en 2 831 boeke is in KwaZulu Natal versprei aan Hoërskool Richardsbaai, Hoërskool Mcabango (Richardsbaai), Hoërskool Dundee, Hoërskool Sarel Cilliers te Glencoe, Port Natal Skool in Durban, Hoërskool Suid Natal op Port Shepstone, Greytown Sekondêr, Riverwood College

in Pietermaritzburg, Ladysmith Sekondêr, Vryheid Comprehensive Sekondêr, asook plaaslik in die Wes-Kaap aan Ashton Gekombineerde Skool en Thembalethu Sekondêr te George, om saam te val met Jeugdag 16 Junie. Die Afrikaanse idiome is ook in kort klankgrepe opgeneem vir konteksplasing van die idioom binne dialoogverband waar sodanige idioom aangewend kan word. Dié publikasie en klankgrepe is op die webtuiste beskikbaar.

### Skoolbiblioteke

Die SBA wil 'n groeiende leeskultuur onder laerskoolleerders aanmoedig en om dit te help vestig, is 153 relevante kinderboeke elk aan 18 skole in die Noord-Kaap geskenk. Ontvangers van hierdie skenking was Welkom Primêr (Mier, Upington), Vorster Eiland Primêr (Keimoes), Môrelig Primêr (Keimoes), Laerskool Sentraal (Kakamas), Assumpta (RK) Primêr (Augrabies), Simbruner Primêr (Upington), Blaauwskop (RK) Intermediêr (Upington), Olyvenhoutsdrift Primêr (Upington), Frank Biggs Primêr (Upington), Rosendal Primêr (Upington), Leerkans Primêr (Upington), Matjieskloof (RK) Primêr (Springbok), Elizabeth Wimmer Primêr (Lekkersing), Dr Izak van Niekerk Primêr (Springbok), Laerskool Okiep, (Okiep), Leliefontein Intermediêr (Kamieskroon), Kheis MET Primêr (Kheis, Garies) en Bulletrap Primêr (Bulletrap, Springbok). Die skenking van 2 754 boeke was versprei ter viering van Mandeladag juis omdat Mandela die ontwikkeling van leesgeletterdheid as deel van 'n belegging in ons jeug aangemoedig het.

### Boekgesprekke

Om meer Afrikaansgebruikers te bereik, het die SBA verskillende feeste bygewoon om aan die boekgesprekke deel te neem. Na afloop van so 'n gesprek is QR-kode sleutelhouers uitgedeel, sodat die gehoor gratis toegang tot die SBA-publikasies kan verkry. Die Griekwafees by die Kasteel van Goede Hoop het gefokus op *Die Griekwa is nog* en by die Hessequa Harmonie en Woordfees is *Kalahari Waarheid* met Belinda Kruiper aangebied, wat by eersgemelde fees met Lyntjie Jaars in gesprek was. By die Woordfees was die boekgesprek gefasiliteer deur SBA-direksielid dr Mvula Yoyo. Daar was 21 lede van die VGK Stellenbosch-kerk na die Woordfees gebring om die gesprek by te woon.

### Ballroom Boy

Hierdie baie suksesvolle gemeenskapsopvoering wat reeds vanaf 2022 lang reisende speelvakke beleef het, fokus op die lewe van misdadigers ná hul vrylating en die uitwerking van dwelms en bendes in gemeenskappe. Opvoerings vanjaar was by Kunstekaap tydens die Proscenium Dramakompetisie, daagliks op die Suidoosterfees, asook tydens Kunstekaap se Vrouedagvieringe, by Hoërskool Pelikan Park in Grassy Park, Hoërskool Tafelsig in Mitchells Plain, VGK Scottsville in Kraaifontein, Hawston Sekondêre Skool en by die Whale Coast Teater tydens die Kalfiefees op Onrus.

### Zoë-voorleesprojek

Die Zoë-voorleesprojek is die vlagskipprojek van die SBA. Deur hierdie projek wil die SBA 'n liefde vir lees en luister by leerders tussen graad R en 2 kweek met 'n weeklikse voorlesing. In 2024 was skole in Stellenbosch, die Kaap, L'Agulhas, Saron, Calvinia, Uniondale, Garies, Springbok, Askham, Keimoes, Kakamas en Upington deel van die projek. Daar was 7 982 leerders bereik deur hierdie geletterdheidsinisiatief. Die voorlesing word gedoen deur mense in die gemeenskap en sodoende dra die projek ook by tot werkskepping. Voorafopleiding is van belang en daarom is daar in Desember reeds opleiding in Victoria-Wes en Groblershoop aangebied vir die uitrol van die projek aldaar in 2025.

### Studiebeurs

Die bemagtiging van jongmense deur Afrikaans is van kardinale belang vir die SBA en daarom is twee studiebeurse vir Honneurs in Afrikaans in 2025 beskikbaar gestel. Landwyd het 13 persone aansoek gedoen, 4 is gekortlys en twee kandidate is geïdentifiseer van onderskeidelik Sol Plaatjie- en Noordwes Universiteite. 'n Derde student aan UWK is ook die geleentheid gebied om finansiële ondersteuning te ontvang vir die voltooiing van 'n Nagraadse Onderwyssertifikaat (NOS).

### Opnames

Die tweede reeks video-opnames oor verskillende dialekte en gebruike van Afrikaans is verder gevoer in 2024 met Sandra Prinsloo steeds aan die stuur. Onderhoude oor Tsotsitaal (Flaaitaal) en Karoo Afrikaans is opgeneem en saamgestel met Engelse onderskrifte en gebaretaal. 'n Spesiale opname rondom Tegnologie in Afrikaans is ook gedoen nav 'n direksieversoek om die impak van tegnologie op Afrikaans vas te stel veral tov die terminologie, aangesien Engels die voertaal van die moderne tegnologielandskap is.

## Finansies

### Ukukhula Trust

Na 'n uitgerekte proses om die SBA se BEE-registrasie te finaliseer is die dividende van hierdie aandele direk aan die SBA betaal en nie via Naspers nie. Dit is 'n geldkanalisering wat voortaan so sal geskied.

### Paneelwa

Weens die baie probleme met die Volkswagen Caddy is dit verkoop en vervang met 'n Opel Combo.

## Kantoorpersoneel

Dr Niel le Roux (uitvoerende hoof), me Bianca Greeff (kantoorbestuurder)
me Elisma Witbooi (projektehoof vanaf 1 Augustus), mnr Ivan Ndevu

(projektekoördineerder tot Junie), mnr Ben Gibbons (projektekoördineerder vanaf 1 Augustus), me Melani Jonck (kantoor- en projekte-assistent vanaf 1 September), me Nelmari Kemp (ad-hoc projekteleier).

## Direkteure

Me Sandra Prinsloo (voorsitter), prof Michael le Cordeur (ondervoorsitter), me Zohra Kathrada Areington, dr Dirk Brand, mee Shihaam Domingo, Rochelle McDonald, Karen Meiring, drs Hendrik Theys, mnr Johan van Lill, prof Steward van Wyk en dr Mvula Yoyo.

*Op die jaarvergadering van 6 Nov is prof Michael le Cordeur tot voorsitter verkies en me Sandra Prinsloo tot ondervoorsitter.*

HOOFSTUK 11

# Op reis met Afrikaans

2025

## Deur Afrikaans het ons geleer en gereis

Hierdie jaar is gekenmerk deur baie opwindende reise, verskeie nuwe inisiatiewe en innoverende leermetodes.

### Internasionale Moedertaaldag

Internasionale Moedertaaldag, 21 Februarie, is by die Adam Small Fees in Pniël gevier tydens die boekbekendstelling van *Rielritme – Sarsies op Snare*. Die boek fokus op die transkripsie, notasie en dokumentering van repertorium van rielliedjies. Tydens die geleentheid was Fraser Barry in gesprek met die samestellers van die boek, Zenobia Kloppers en Monique Seigels. Duwayne Lombard het vrolike rielmusiek met sy kitaar verskaf en Jason Farmer en Laydene Hanekam het die gehoor vermaak met hulle rielpassies.

### Adam Small Gedenklesing

Die SBA-voorsitter, prof Michael le Cordeur, het op bogemelde fees ’n gedenklesing oor die legendariese skrywer, Adam Small, gelewer. ’n Opvoering met van Small se werke het die gedenklesing voorafgegaan met Ben Gibbons en Adri-Jo Waterboer wat ’n staande toejuiging ontvang het. Die aanbieding was ondersteun deur die musikale talent van Morné Meyer.

### Zoë-voorlees-en-luisterprojek

Die Zoë voorlees-en-luisterprojek is die vlagskipprojek van die SBA en word as instrument gebruik om graad R tot 2-leerders se lees- en luistervaardighede te verbeter. Die projek duur 20 weke vanaf April tot September. Verskillende geografiese gebiede was deel van die projek: Stellenbosch, L’Agulhas, Uniondale, Groblershoop en Victoria-Wes. Vanjaar is die projek ook in Xhariep in die Vrystaat uitgerol en in die Oos-Kaap is die projek vir die eerste keer in die omgewing van Nqweba aangebied. In totaal is 8 552 leerders deur hierdie projek bemagtig.

### Op reis met Afrikaans

Die stories van Afrikaans het hierdie jaar voetspore gelos by verskillende feeste. Tydens die KKNK was dr Mvula Yoyo, SBA-direksielid, in gesprek met Belinda Kruiper oor die publikasie, *Kalahari Waarheid*. *Die Griekwa is nog* was deel van die boekprogram by die Vrystaat Kunstefees met Kobus Burger van RSG wat gesels het met SBA-direksielid en samesteller van die boek, drs Hendrik Theys.

***Die stories van Afrikaans het hierdie jaar voetspore gelos by verskillende feeste.***

Die SBA het Erfenisdag gevier by die Hessequa Harmoniefees te Heidelberg, Wes-Kaap. Die SBA ondervoorsitter, Sandra Prinsloo, het gesels oor haar taalvariëteite-opnames. Haidee Muller-Isaacs van RSG was die onderhoudvoerder en het ook ’n aparte onderhoud gevoer met prof Le Cordeur, SBA-voorsitter, oor die Bela-skoolwetgewing. Tydens die Toyota Woordfees was die *Onse Afrikaans*-reeks vertoon by die raadsaal van die Universiteit Stellenbosch Museum en het Sandra Prinsloo ook ’n onderhoud gevoer met Ismail (Bolla) Buffkins en Riaan Visman wat deel was van die Gayle-opname.

### Wêreldboekedag met Saron

Op 23 April het die SBA vir Wêreldboekedag eenhonderd boeke aan Brandenburg Primêr en Saron Primêr verskaf as ’n afskeidsgeskenk waar die Zoë-projek tot ’n einde gekom het. Die voormalige voorlesers van dié skole het die geleentheid bygewoon.

### Suidoosterfees

Tydens die Suidoosterfees het die bekendstelling van die *Onse Afrikaans* video-opnames by die Kunstekaap plaasgevind. Gedurende die geleentheid was ’n lokprent-samestelling van die reeks vertoon en verskeie vertellers, ook van Knysna en die Weskus, was teenwoordig. Die opnames is daagliks in die Isibaya by Kunstekaap vertoon van 30 April tot 4 Mei. ’n Hoogtepunt was die Gayle Gesprek waartydens Sandra Prinsloo in gesprek was met vertellers van die Gayle-opname, naamlik Ismail (Bolla) Buffkins, Riaan Visman en Brendan van Rhyn (Cathy Specific). Die gesprek is bygewoon deur ’n skaterende gehoor van ongeveer 200 mense. Die SBA-leeshoekie by Kunstekaap bestaan uit digitale kinderpublikasies van die SBA op ’n tablet en was beskikbaar vir leerders om te gebruik tydens die fees. Vier en vyftig leeders van JJ Rhode Primêr in Elsenburg, Stellenbosch het ook tydens die fees die vertoning van die kinderproduksie *Woordedief* bygewoon.

### Proscenium Dramakompetisie

Hierdie kompetisie verskaf ’n platform vir hoërskoolleerders om hul voordrag- en toneelspeltalent ten toon te stel en te ontwikkel. Finansiële ondersteuning deur die SBA het dit vir leerders uit ondervoorsiene areas moontlik gemaak om deel te neem aan die kompetisie, met mentors wat die leerders vooraf besoek het en gehelp het met afrigting.

## Teaterbywoning

Ses en vyftig leerders en 7 onderwysers van Hoërskool Scottsville het die vertoning van *Krismis van Map Jacobs*, 'n voorgeskrewe werk vir graad 12 leerders, by Kunstekaap bygewoon. Deur hierdie projek kon die SBA die kunste se verbintenis met onderrig gebruik om leerders te bemagtig.

## Woordedief

*Woordedief* is 'n kinderteaterproduksie wat ontwikkel is om die belangrikheid van lees en stories op 'n speelse manier aan grondslagfase leerders oor te dra – die presiese oogmerk van die Zoë-projek. Met die SBA se finansiële steun is dié verhoogproduksie na skole in die Noord-Kaap geneem waar die Zoë-projek aangebied is. 'n Totaal van 2 085 leerders het die opvoerings bygewoon.

## Zoë-voorlees-en-luisterprojek skryfkompetisie ter viering van Jeugdag

Die projek is geloods met 'n bemarkingsvideo om belangstelling te prikkel. Leerders van graad 3 tot 7 is genooi om deel te neem aan die kompetisie waartydens 'n storie geskryf word wat maats van hul ouderdom sal geniet. Die top vyf stories is gekies en deur die SBA aangevul met illustrasies om 'n klein digitale storiebundel, genaamd *Ek vertel self*, te skep. Die digitale storiebundel is beskikbaar op die SBA-webtuiste en enkele gedrukte kopieë is versprei onder storievoorlesers van die Zoë-projek.

## Opnames

Die *Onse Afrikaans*-reeks is voortgesit met 'n opname by Onverwacht, Cullinan – die tuiste van 'n swart gemeenskap wie se huis- en moedertaal Afrikaans is.

## SBA-klaskamer

As uitvloeisel van die SBA se kinderpublikasies, is 'n webleerplatform ontwikkel met *Fatima*, *Kokie en Sukie* asook *Robbie die Rowwe Rot*. Die aktiwiteite is ontwikkel aan die hand van die kurrikulum vir grade 4, 5 en 6 en span tegnologie in as onderrighulpmiddel om leergeleenthede te ontsluit.

## Skoolbiblioteek

Met die skoolbiblioteekprojek word aandag gevestig op lees en die belangrikheid van toegang tot ouderdomsgepaste leesmateriaal in die ontwikkeling van 'n leeskultuur onder leerders. Die projek bied deelnemende skole die geleentheid om 'n biblioteek in te rig of hul bestaande biblioteek se boekvoorraad aan te vul. Boeke is geskenk aan 16 skole in die Noord-Kaap en een skool in die Vrystaat. Elke skool se skenking het uit 137 titels bestaan.

## Swart Afrikaanse Skrywers Simposium (SAS)

Die Universteit van Wes-Kaapland (UWK) het dié Simposium op 10 en 11 Oktober aangebied. Dr Mvula Yoyo het die SBA verteenwoordig, met 'n aanbieding oor

Karoo- en Onverwacht Afrikaans. ’n Lokprentsamestelling oor die twee video-opnames was vertoon. Verskeie SBA-publikasies is tydens die geleentheid versprei. Prof Michael le Cordeur en prof Steward van Wyk het ook lesings aangebied.

### Joshlin: Meer as ’n Naam

Die produksie, moontlik gemaak met finansiële steun deur die SBA, het by die Toyota Woordfees op 11 Oktober in Stellenbosch debuteer. Hoërskoolleerders van die Proscenium Dramakompetisie het die geleentheid ontvang om met professionele akteurs te werk. Hierdie uitstekende eindproduk is met ’n staande ovasie begroet.

### Studiebeurse

Die SBA het twee honneursbeurse in Afrikaans toegeken aan Talitha Reynders, Universiteit Stellenbosch en Zoë Louw, Noord-Wes Universiteit. 13 aansoeke is nasionaal ontvang vir dieselfde beurse in 2026 en aan vier kandidate toegeken.

### Victoria-Wes: taalvariëteiteprojek bekendstellingsgeleentheid

Met Karoo Afrikaans wat grootliks in Victoria-Wes opgeneem is, is besluit om die opname aan die gemeenskap in Victoria-Wes by die Apollo Teater te vertoon. Sandra Prinsloo en dr Mvula Yoyo het tydens die geleentheid ook gesprekke oor hierdie taalvariëteit gevoer.

### Herdruk van SBA-publikasies

Agt publikasies van die SBA is herdruk. *Die Afrikaans van die Kaapse Moslems*, *Die Griekwa is nog*, *Die leefwyse van ons Vroeë Mense*, *Kalahari Waarheid*, *Fatima*, *Kokie en Sukie* en *Robbie die Rowwe Rot* is herdruk. *Die Kokerboom* se elftalige weergawe is ook herdruk en aangevul met ’n gebaretaalvideo as erkenning aan die 12de amptelike taal in Suid-Afrika.

### Koerantberigte

Op 22 Februarie 2025 was ’n pragtige foto van die rieldansers by die bekendstelling van die *Rielritme*-musiekboek op die voorblad van *Die Burger*. In dieselfde koerant op 24 Februarie was ’n artikel van die Adam Small Gedenklesing. Die Gayle Gesprek by die Suidoosterfees het aandag geniet in *Die Burger* van 2 Mei met ’n vrolike kleurfoto.

### Die boekgeskenkpakkie-kompetisie

Tydens ’n aanlynkompetisie op die SBA se Facebook- en Instagram-bladsye is daar van deelnemers verwag om hul gunsteling kinderboeke te deel en twee persone het geskenkpakkies van Jonathan Ball Uitgewers, met die drukname Tafelberg en Human & Rousseau, ontvang na ’n lotingtrek.

### SBA sosiale media en webblad

Die SBA se sosiale media word deur Uppe bemarking hanteer en met hulle hulp groei die interaksie en volgelinge voortdurend. Die SBA se webblad word deurlopend deur belangstellendes besoek en stel die organisasie in staat om elektroniese mediums effektief vir kommunikasie en ook vir toegang tot bemagtigingsgeleenthede te kan gebruik.

### 50ste viering van die Afrikaanse Taalmonument

Die SBA-direksie het die 50ste viering van die Afrikaanse Taalmonument bygewoon tydens 'n glansbal op 15 November in die Paarl.

### Die Nuuseum bekendstelling

Die SBA het onderneem om die nuutgestigte Nuuseum te ondersteun en die bekendstelling op 24 November op Stellenbosch bygewoon. Direksielid, Karen Meiring, is 'n stigterslid van Nuuseum wat gestig is om kuns, erfenis en gemeenskapsnuuswaardighede te bewaar.

## Kantoorpersoneel

Dr Niel le Roux (uitvoerende hoof), mee Bianca Greeff (kantoorbestuurder) en Elisma Witbooi (projektehoof), mnr Ben Gibbons (projektekoördineerder), mee Melani Jonck (kantoorassistent) en Nelmari Kemp (ad-hoc projekteleier).

## Direkteure

Prof Michael le Cordeur (voorsitter), me Sandra Prinsloo (ondervoorsitter), dr Dirk Brand, mee Shihaam Domingo, Rochelle McDonald (DoofBlindSA), Zohra Kathrada Areington (tot Februarie 2025) en Karen Meiring, drs Hendrik Theys, mnr Johan van Lill, prof Steward van Wyk en dr Mvula Yoyo.

# Epiloog

*Al sou hierdie land myne wees, en al sy rykdom,*
*maar die liefde ontbreek my, dan is hierdie land myne net met sy armoede.*
*Al sou hierdie land myne wees, en al sy godsdiens,*
*maar die liefde ontbreek my, dan is hierdie land myne sonder God …*
*Toe ek 'n kind was, het ek gehaat soos 'n kind,*
*maar noudat ek 'n man is, het ek lief soos 'n kind.*
*As daar nou swart en bruin en wit bly, is die grootste hiervan vir my die liefde.*

– Adam Small, "1 Korintiërs 13", *Klein simbool*

Marlene le Roux som die gees, rol en visie van die SBA soos volg op:

> *Een van die belangrikste eienskappe van die SBA is ons menslikheid. Ek self is passievol oor mense – veral kinders. Ons land het positiewe rolmodelle vir ons kinders nodig. En ons taal, Afrikaans, is die draer hiervan.*
>
> *Die SBA bied 'n huis met oop deure vir elkeen; 'n tuiskomplek waarin hulle moet voel hulle behóórt. Die Stigting verteenwoordig die volle spektrum van Afrikaanswees. Dis soomloos Afrikaans, nie kleur- of kultuur- of godsdiensgebonde nie.*
>
> *Die SBA het 'n sterk infrastruktuur – en ons moet dit gebruik om versoening te bewerk. Dit help nie ons leef een stel waardes in die SBA onder mekaar uit en na buite wil ons 'n ander beeld vertoon nie. Ons medemenslikheid en diensbaarheid en lojaliteit teenoor mekaar moet uitkring na buite.*
>
> *By die SBA gaan dit nie oor eie eer of oor dit wat elke individu vermag nie. Nie een van die direksielede (die strategiese span) of die hoof en sy personeel (die operasionele sy) is belangriker as die ander nie. Ons werk as span om ons doelstellings te verwesenlik. Elkeen het 'n unieke bydrae om te lewer.*
>
> *Die SBA mag nie sy konteks verloor nie.*

Dirk Brand sluit hierby aan:

> *As die SBA die vermoë gehad het, sou ons seker in meer provinsies mense wou bemagtig in Afrikaans, maar ons het lankal besef dat ons eerder 'n verskil moet maak daar waar dit vir ons prakties moontlik is en finansieel sin maak. My wens vir die toekoms is dat Afrikaans steeds 'n belangrike onderrig- en kultuurtaal in Suid-Afrika sal bly en dat die SBA sal groei om in die*

*vraag na toerusting en bemagtiging van veral kinders en jongmense in Afrikaans te voorsien. Ons moet dit op 'n inklusiewe basis doen en die "ons" van wie Afrikaans ís en práát voortdurend vergroot. Dit beteken ook dat ons deurlopend na tweede- en derdetaalsprekers moet uitreik en hulle help om in Afrikaans te kan groei. Die impak wat die SBA op mense se lewens het, is baie belangrik. Ek verstaan my verantwoordelikheid teenoor die SBA, put inspirasie uit elke dag se lewe en sien dit as 'n voorreg om deel te wees van die SBA.*

Fatima Allie skryf:

*Die SBA het my hele lewe verander. Dr Niel le Roux is hiervoor verantwoordelik. Hy het my oë weer opgemaak en my laat besef dat Afrikaans my Moedertaal is, die taal van my voorvaders en my moeder. Ek word toe deel van die SBA. Dankie, SBA, vir my pad huis toe.*

Vir dr Mvula Yoyo, 'n direksielid sedert 2016, is "elke vergadering soos 'n familie-byeenkoms."

*Die onderlinge samehorigheid en toegeneentheid is sigbaar in die SBA-direksie se interaksie met mekaar en met almal wat hulle met uitgestrekte arms verwelkom – van die skoolkinders by Skurweberg tot by gestremdes wat 'n Kunstekaap-produksie bywoon.*

*Deur die eertydse "taal van onderdrukking" te gebruik om nou te bemagtig, dra ons 'n baie duidelike boodskap oor: 'n/die taal kan nie die skuld kry vir die sondes van 'n groepering binne die taalgemeenskap nie.*

*Die fokus op die platteland is slegs een voorbeeld van ware bemagtiging, want dis hier waar die uitdagings duidelik na vore kom. 'n Mens hoef net een van die SBA-sessies by te woon op plekke wat baie stedelinge (lees hier ook politici) slegs as name op die landkaart herken, om te sien watter impak ons projekte het op leerkragte, leerders en die gemeenskappe in vergete gehuggies soos Skurweberg, Doringbaai en Bitterfontein. Op baie van hierdie plekke is "agtergeblewe" nie 'n woord wat gebruik word om verkiesings te wen nie; dis 'n alledaagse belewenis, 'n herinnering daaraan dat, soos sommige sosiaal-maatskaplike kritici dit sou verwoord: "Dit is nog nie Uhuru nie."*

En dit is hierdie "Uhuru", hierdie werklike vryheid, waarna die SBA streef – met *hoop* en *diens* as visie. En met passie vir mense as dryfveer. In Afrikaans.

## Van toe tot nou

Op Donderdag 7 November 1991 lui Ton Vosloo die Stigting Afrikaans se Stigtingsvergadering met die volgende woorde in:

*Die Stigting kan vir Afrikaans 'n nuwe staanplek in Suid-Afrika verower. Stigting Afrikaans moet 'n volksaksie word.*

Op 2 Junie 2019, byna 28 jaar later, skryf hy:

*Ek staan by my insig van destyds dat die oorgang van apartheid na 'n heel nuwe demokratiese bestel vir Afrikaans groot uitdagings gaan stel. 'n Herwaardering was gebiedend nodig – en om hierdie proses aan te help – het die SBA inderdaad 'n beskeie, maar pioniersrol gespeel. Hy was van die eerste – miskien die enigste – Afrikaanse stutorganisasies wat hom met geesdrif geskaar het aan die kant van 'n ten volle inklusiewe Afrikaans wat die hele gemeenskap kan bedien.*

*Vandag kan ons sê: "Die taal is gans die volk" – bedoelende die hele Afrikaanse taalgemeenskap. Dit is nou 'n wyd aanvaarde begrip en dit bou Afrikaans uit na alle*

*gemeenskappe. Daarvoor verdien die voorsitter, Marlene le Roux, die hoof, Niel le Roux, die direksie en die hele energieke span die ruimste lof.*

*Julle het inderdaad gestalte gegee aan 'n droom dat ons kleur verbykyk in die uitleef van ons gesamentlike nasieskap. Hier lei die SBA die sentrale, provinsiale en plaaslike owerhede om te wys dat 'n amptelike taal daar is om geleef te word.*

"Die SBA se storie is nog nie klaar geskryf nie," sê Marlene le Roux. "Ons is op 'n konstante reis, want Suid-Afrika is nog op reis."

## Voorsitters, ondervoorsitters en hoofde 1992–2025

**Tom de Beer**, voorsitter van 13 Februarie 1992 tot 28 Maart 1994

**Tony Links**, ondervoorsitter van 13 Februarie 1992 tot Februarie 1994

**Elize Botha**, voorsitter van 28 Maart 1994 tot 14 September 1999

**Frans Stroebel**, ondervoorsitter van 28 Maart 1994 tot September 1998, weer vanaf 14 September 1999 tot Februarie 2000

**Conrad Sidego**, ondervoorsitter van 1 September 1998 tot 14 September 1999; voorsitter van 14 September 1999 tot 16 September 2008

**Andrew Marais**, uitvoerende direkteur van 8 Julie 1992 tot 3 Augustus 1993; ondervoorsitter van 22 April 2002 tot 18 September 2002

**Karel Prinsloo**, uitvoerende direkteur van 20 Oktober 1993 tot 29 Februarie 2000

**Marlene le Roux**, ondervoorsitter van 18 September 2002 tot 29 September 2004; ondervoorsitter van 30 September 2014 tot 1 September 2015; voorsitter van 22 September 2015 – 2 Oktober 2019

**Christa van Louw**, hoof uitvoerende beampte van 20 Februarie 2001 tot 27 Junie 2002

**Ria Olivier**, waarnemende hoof van 24 Julie 2002 tot 10 Maart 2004; uitvoerende hoof van 4 Augustus 2004 tot Mei 2005

**Carina Diedericks-Hugo**, ondervoorsitter van 29 September 2004 tot 16 September 2008

**Christo van der Rheede**, uitvoerende hoof van 15 November 2005 tot 3 Desember 2011

**Biebie van der Merwe**, voorsitter van 16 September 2008 tot 21 September 2010

**Dirk Brand**, ondervoorsitter van 16 September 2008 tot 21 September 2010; voorsitter van 21 September 2010 tot 1 September 2015; ondervoorsitter vanaf 22 September 2015 –

**Hein Willemse**, ondervoorsitter van 21 September 2010 tot 30 September 2014

**Danie van Wyk**, hoof uitvoerende beampte van 27 Januarie 2012 tot 30 Junie 2014

**Niel le Roux**, uitvoerende hoof van 30 September 2014, uitvoerende direkteur van 26 Februarie 2020 en uitvoerende hoof vanaf 1 Junie 2022 –

**Sandra Prinsloo**, voorsitter van 2 Oktober 2019 tot 6 November 2024; ondervoorsitter van 6 November 2024 –

**Michael le Cordeur**, ondervoorsitter van 2 Oktober 2019 tot 6 November 2024; voorsitter van 6 November 2024 –

## Bronnelys


Botha, Nico, beskikbaar by https://www.netwerk24.com/stemme (toegang op 14 Junie 2019)

breyten breytenbach 2016. “die tongvervreemding”, geskryf vir Afrikaans en Gelyke Kanse, PEN Afrikaans Nuusbrief.

Du Plessis, Hans 2001. “Psalm 8”, in *Innie skylte vannie Jirre.* Pretoria: LAPA.

Ferrus, Diana, “Vir Jan van Eyck”, beskikbaar by http://versindaba.co.za/gedigte/diane-ferrus/ (toegang op 20 Augustus 2019).

Kendall, Elizabeth, “My taal,” beskikbaar by http://www.woes.co.za/bydrae/gedig/my-taal (toegang op 20 Augustus 2019).

Phosa, Mathews 2009. “Dis my grond”, in *Deur die oog van die naald.* Kaapstad: Tafelberg.

Small, Adam 1958. “1 Korintiërs 13”, in *Klein simbool*. Kaapstad: HAUM.

Van Wyk Louw, NP 1937. “Vier gebede by jaargetye in die Boland: III Winter”, in *Die halwe kring*. Kaapstad: Tafelberg.

KWAI LAPPIES BLOG

BRUGBOU
sba
Sigbaar Afrikaans
Die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans

sba
Chemie
Die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans

sba
Die Toekomsprojek
Die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans

sba
Afrikaans Sing!
Die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans

sba
STORIES
Die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans

sba
MANDELADAG
Die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans

Zoë voorlees

sba
Sigbaar Afrikaans
Die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans

sba
Die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans
Sê nee vir plastiese strooitjies